

COPING BY KINDERS UIT EGSKEIDINGSGESINNE

Jacquiline Von Wielligh Hons. (B.A.)

**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister
Artium in Kliniese Psigologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys.**

Studieleier: Dr. E. van Rensburg

Potchefstroom

2003

BEDANKINGS

Hiermee my opregte dank en waardering aan:

- My Skepper, vir die vermoëns aan my geskenk;
- Dr. Esmé van Rensburg, my studieleier, vir haar bekwame leiding, tyd en voortgesette ondersteuning;
- Die Statistiese Konsultasiedienste van P.U. vir C.H.O., en in die besonder prof. Steyn, vir hulp deur hom verleen met die statistiese verwerking en interpretasie van die data;
- Mev. Mara van der Colff, vir haar bydrae, advies, belangstelling en ondersteuning;
- Dr. Amanda van der Merwe vir die taalversorging;
- My man, Pieter, vir sy volgehoue geduld, liefde, begrip, aanmoediging en bystand, en
- My ouers en vriende, vir hulle onderskraging, liefde en vertrouwe in my gestel.

COPING BY KINDERS UIT EGSKEIDINGSGESINNE

OPSOMMING

(**Sleuteltermes/Trefwoorde:** Coping; egskeiding; gesinne; enkelouergesinne; trauma; kinders en weerbaarheid)

Hierdie studie vorm 'n onderafdeling van 'n interuniversitêre navorsingsprojek aangaande die psigologiese weerbaarheid van kinders in die laat-middelkindertydperk in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die doel van die huidige studie was om vas te stel of daar enige verskille voorkom tussen die coping van kinders uit intakte en geskeide gesinne.

Dit blyk dat psigologiese weerbaarheid en coping belangrike komponente van psigologiese welsyn is, wat psigologiese welsyn kan bevorder of beperk. Gedurende die afgelope aantal jare is daar heelwat belangstelling getoon in die uitwerking wat egskeiding op kinders het. Volgens die literatuurontleding van die hoofkomponente van hierdie studie, naamlik egskeiding en coping, is egskeiding 'n traumatiese proses, met gepaardgaande veelvuldige stressors vir ouers sowel as kinders. Dit is ook duidelik dat kinders normaalweg in staat is om die negatiewe aspekte te verwerk wat verband hou met egskeiding, mits hulle onderskraag word deur 'n ondersteuningsnetwerk bestaande uit gesinslede, portuurgroepe en onderwysers. Die meeste navorsing dui steeds op 'n negatiewe invloed vanweë die egskeidingservaring en -proses. Tweedens is 'n oorsig van stres- en copingliteratuur gebied, met verwysing na die manifestasies van sodanige verskynsels by kinders uit egskeidingsgesinne. Die belangrike rol wat coping speel in die lewens van kinders en die wyse waarop dit direk verband hou met hul ontwikkeling, aanpassing en psigologiese welsyn, het ook aandag geniet. By kinders dien coping as 'n beskermingsfaktor teen stressors (soos byvoorbeeld egskeiding), wat bydra tot psigologiese weerbaarheid.

Tydens die empiriese ondersoek het die studiepulasie bestaan uit kinders in hul laat-middelkinderjare (graad 4-7). Die kinders is gekies deur middel van 'n beskikbaarheidsteekproef uit verskillende skole in die verskeie provinsies van Suid-Afrika, waarna deelnemers geselekteer is deur ewekansige steekproefneming deur die gebruik van klaslyste. Ten spyte van die omvang van die projek, het die praktiese probleme wat tydens die projek ervaar is asook die feit dat die data-insameling deur verskeie navorsers behartig is, daartoe gelei dat daar vir hierdie spesifieke ondersoek slegs van 653 kinders se data gebruik gemaak kon word. In hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van die data van 73 kinders uit geskeide gesinne en 580 kinders uit intakte gesinne.

As meetinstrument vir coping het die studie gebruik gemaak van die "Stress Response Scale" (SRS), asook 'n biografiese vraelys, ten einde die aantal, geslag en ouderdomme van die kinders uit onderskeidelik intakte en geskeide gesinne te bepaal. Geeneen van die subskale het statisties betekenisvolle resultate gelever nie en geen prakties betekenisvolle verskille is ten opsigte van coping tussen kinders uit intakte en geskeide gesinne aangedui nie.

Ter afsluiting van die ondersoek is aanbevelings vir verdere navorsing op die gebied gemaak, waarna praktiese voorstelle gemaak word vir die implementering van die bevindings wat verkry is.

COPING AMONGST CHILDREN OF DIVORCE FAMILIES

SUMMARY

(Key terms: Coping; divorce; families; single-parent families; trauma; children and resilience)

This study forms a subsection of an inter-university research project regarding the resilience of children in late middle childhood, in the South African context.

The purpose of the current study was to determine whether any differences exist between the coping of children from intact and divorced families.

It appears that resilience and coping are important components of psychological well-being, which can promote or inhibit psychological well-being. During recent years the effect that divorce has on children has enjoyed considerable interest. Literature on the main components of this study, namely divorce and coping, maintains that divorce is a traumatic process, causing multiple stressors for parents as well as children. It is also clear that children are usually capable of handling the negative aspects related to divorce, provided that they enjoy a support network consisting of family members, peer groups and teachers. Most of the research continues to indicate a basically negative influence of the divorce experience and process. Secondly a review of stress and coping literature was offered, with reference to the manifestations of such phenomena amongst children from divorced families. The important role played by coping in the lives of children and the manner in which it directly relates to their development, adaptation and psychological well-being. Amongst children, coping serves as a protection factor against stressors, such as divorce, for instance, and it contributes to resilience.

During the empirical study the study population consisted of children in their late middle childhood (grades 4-7). The children were selected by means of a random availability test out of various schools in the various South African provinces, after which participants were randomly selected by means of class lists. Despite the scope of the research project, only the data pertaining to 653 children was of use in the current study, following the practical problems experienced during the project and the fact that several researches handled the processing of the data. For the purpose of the study under discussion, data pertaining to 73 children from divorced families and 580 children from intact families was used.

The study used the “Stress Response Scale” (SRS) as a measuring instrument, as well as biographical questionnaire, in order to determine the number, gender and ages of the children from intact and divorced families respectively. None of the subscales provided any statistically significant results and no practically significant differences were indicated in respect of coping between children from intact and divorced families.

Concluding the study, recommendations are made for further research in this field and practical suggestions are given for the implementation of the findings that were arrived at.

LYS VAN TABELLE

TABEL 3.1	Stressors by kinders	43
TABEL 3.2	Copingbronne by kinders	62
TABEL 5.1	Ouderdomsverspreiding van die totale groep	83
TABEL 5.2	Verspreiding van die ouers se huwelikstaat	83
TABEL 5.3	Geslagsverspreiding van die totale groep	84
TABEL 5.4	Vergelyking van verskille tussen die gemiddelde coping van kinders uit geskeide en intakte gesinne	84
TABEL 5.5	Vergelyking van geslagsverskille in die gemiddelde coping van kinders uit geskeide gesinne	90
TABEL 5.6	Vergelyking van ouderdomsverskille in die gemiddelde coping van kinders uit geskeide gesinne	93

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1 Die egskeiding-stres-aanpassingsmodel	11
---	----

INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS	i
OPSOMMING	ii
SUMMARY	iv
LYS VAN TABELLE	vi
LYS VAN FIGURE	vii

HOOFSTUK 1: INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLINGS

1.1	INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.2	NAVORSINGSVRAE	4
1.3	DOELSTELLINGS	4
1.4	HIPOTESES	5
1.5	ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE /VOORUITSKOUING	5

HOOFSTUK 2: DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS

2.1	INLEIDING	6
2.2	VOORKOMS VAN EGSKEIDING	7
2.3	DIE EGSKEIDINGSPROSES	8
2.3.1	Verskillende fases (stadia) in die egskeidingsproses	8
2.4	DIE EGSKEIDING-STRES-AANPASSINGSMODEL	11
2.5	VERKLARINGSMODELLE VIR DIE EFFEK VAN EGSKEIDING	15
2.5.1	Veranderde gesinsamestelling en ouerlike afwesigheid as verklaring	15
2.5.2	Ekonomiese agterstand as verklaring	17
2.5.3	Gesinskonflik as verklaring	17
2.5.4	Hoë risiko en kwesbaarheid as verklaring	18
2.5.5	Ouerlike stres as verklaring	18
2.5.6	Gesinsprosesse as verklaring	19

2.6	DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS SE FUNKSIONERING	19
2.6.1	Die effek van egskeiding in die verskillende ontwikkelingsstadia	19
2.6.2	Die rol van die fisiese omgewing by egskeiding	22
2.6.3	Die effek van egskeiding op die intrapsigiese funksionering van die kind	24
2.6.4	Die effek van egskeiding op die kind se interpersoonlike verhoudings	30
2.6.5	Die effek van egskeiding op die kind se gesondheid	33
2.6.6	Die effek van egskeiding op die skolastiese funksionering van die kind	34
2.7	GEVOLGTREKKING	34
2.8	SES PSIGOLOGIESE TAKE VIR KINDERS UIT GESKEIDE GESINNE	35
2.9	POSITIEWE GEVOLGE VAN EGSKEIDING OP KINDERS	38
2.10	SAMEVATTING	39

HOOFSTUK 3: STRES EN COPING BY KINDERS

3.1	INLEIDING	40
3.2	DEFINISIE EN BEGRIPSOMSKRYWING	40
3.2.1	Stres	40
3.2.2	Coping	41
3.3	KINDERS SE DAAGLIKSE STRESSORS	42
3.3.1	Die stres-coping-proses	49
3.4	COPING BY KINDERS	51
3.4.1	Tipes coping	52
3.4.2	Ouderdomsverskille en coping	54
3.4.3	Geslagsverskille en coping	54
3.5	'N TAKSONOMIE VAN DOMEINE EN VERSKILLENDE COPINGRESPONSE	55
3.5.1	Die kognitiewe gedragsdomein	55
3.5.2	Die kognitief intra-psigiese domein	58
3.5.3	Die interpersoonlike copingdomein	59

3.6	OPTIMALE COPING	59
3.7	COPINGVERANDERLIKES	60
3.7.1	Copingbronne	60
3.7.2	Copingstyle en –strategieë.....	62
3.8	SAMEVATTING	64

HOOFSTUK 4: METODE VAN ONDERSOEK

4.1	INLEIDING	65
4.2	DOELSTELLINGS	65
4.3	METODE VAN ONDERSOEK	66
4.3.1	Navorsingsontwerp	66
4.3.2	Onderzoekgroep	66
4.3.3	Meetinstrumente gebruik	67
4.3.3.1	Die biografiese vraelys.....	67
4.3.3.2	Stress Response Scale – SRS	68
4.4	NAVORSINGPROSEDURE	73
4.4.1	Oriëntering	73
4.4.2	Fases in die navorsingsproses	73
4.5	NAVORSINGSHIPOTESES	74
4.6	STATISTIESE VERWERKING VAN RESULTATE	75
4.6.1	Die t-toets metode	76
4.6.2	Cohen se tegniek	79
4.7	PRAKTIESE PROBLEME ONDERVIND IN DIE ONDERSOEK	80
4.8	ETIESE ASPEKTE	80
4.9	SAMEVATTING	81

HOOFSTUK 5: RESULTATE EN INTERPRETASIE

5.1	INLEIDING	82
5.2	BIOGRAFIESE GEGEWENS VIR DIE TOTALE GROEP	82
5.2.1	Ouderdomsverspreiding van die totale groep vir hierdie studie	83
5.2.2	Verspreiding van ouers se huwelikstatus	83
5.2.3	Geslagsverspreiding van die totale groep vir hierdie studie	84
5.3	RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 1	84
5.4	RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 2	90
5.5	RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 3	92
5.6	SAMEVATTING	94

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDING	95
6.2	SAMEVATTING EN BELANGRIKE GEVOLGTREKKINGS	95
6.2.1	Samevatting en gevolgtrekkings gebaseer op die literatuurontleding	95
6.2.2	Samevatting en gevolgtrekkings gebaseer op die empiriese bevindings	97
6.2.2.1	Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van Doelstelling 1	97
6.2.2.2	Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van Doelstelling 2	98
6.2.2.3	Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van Doelstelling 3	99
6.3	AANBEVELINGS	99
6.3.1	Leemtes in die huidige studie en aanbevelings vir verdere navorsing	99
6.3.2	Aanbevelings vir verdere navorsing en die praktiese implementering van die bevindinge	100
6.3.2.1	Aanbevelings vir verdere navorsing	100
6.3.2.2	Aanbevelings vir die praktiese implementering van die bevindinge	101
6.4	SAMEVATTING	102
	BIBLIOGRAFIE	104

HOOFSTUK 1: INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLINGS

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

In die verlede het die meeste, indien nie alle navorsing in die psigologiese veld gefokus op psigopatologie in volwassenes sowel as kinders. Resente navorsing toon 'n klemverskuiwing weg van psigologiese disfunksies by individue na die bevordering van psigologiese welsyn van individue en die gemeenskap waarbinne die individu funksioneer (Allen, 1998; Julius, 2000; Visser, 1991).

Die uitdaging is tans die identifisering van faktore wat die welsyn van die individu en die gemeenskap bevorder, versterk of beperk, sowel as die fasilitering van faktore ter bevordering van die algemene psigologiese welsyn van die gemeenskap (Schissel, 1993; Visser, 1991). Die fokus val dus op die voorkoming van patologie, en die ontwikkeling van vaardighede ter bevordering van gemeenskapswelsyn (Visser, 1991).

Psigologiese weerbaarheid verwys na die individu se bevoegdheid en aanpassing in die konteks van uitdagings en probleme (Masten & Coatsworth, 1988). Weerbaarheid in hierdie konteks is die universele menslike vermoë om ervarings van teëspoed of swaarkry in die oë te staar, te oorkom en selfs daardeur versterk te word (Grotberg, 1997). Gebaseer op hierdie definisies, is dit duidelik dat weerbaarheid verwys na die vermoë waarmee individue reageer op stresvolle lewensgebeure en die mate waartoe hulle in staat is om die stresvolle gebeure suksesvol te bowe te kom.

Egskeiding kan gesien word as een van die mees stresvolle lewensgebeure waaraan 'n groot aantal kinders blootgestel word. Dit wil voorkom asof die hedendaagse samelewing die huwelik nie meer beskou as 'n permanente instelling nie. In Suid-Afrika is die omvang van egскеiding hoog en het tot 2000 'n kommerwekkend stygende tendens getoon, wat tans effens afgeplat het. Die steeds hoë egскеidingsyfer mag daarop dui dat die samelewing se gesindheid ten opsigte van egскеiding verander het en dat dit as 'n aanvaarbare, dog nie ideaal nie, verskynsel gesien word (Rossouw, 1998).

Egskeiding is 'n gebeurtenis waartydens 'n egpaar hul huwelik in die hof ontbind, maar navorsers bevind dat dit veel meer as bloot 'n hofproses impliseer.

Inteendeel, egskeiding kan beskou word as 'n proses wat begin reeds tydens die disintegrasie van die gesin (voor die formele egskeiding) en voortduur totdat hersamestelling van die gesin plaasgevind het (Trensgove, 1997). Die mening dat egskeiding moontlik nie 'n verbygaande krisis is waarvan kinders ten volle herstel sodra die volwassenes hul lewens herstabilliseer nie, word ook deur etlike navorsers gehuldig (Emery, 1999; Wallerstein et al., 2000). Soms strek die proses oor etlike jare en beïnvloed dikwels die normale ontwikkelingsprosesse van kinders, en dit kan die bemeestering van ontwikkelingstake in die verskillende lewensfasestrem. In die literatuur is daar vele voorbeelde wat aantoon dat sommige kinders hierdie lewensoorgang goed oorkom, terwyl ander 'n reeks geestesgesondheids- en gedragsprobleme toon na 'n egskeiding (Kliwer & Sandler, 1993). Die nuwe-effekte van egskeiding verskil dus van kind tot kind, omdat dit 'n multifasettige verskynsel is wat beïnvloed word deur die ouderdom van die kind, sy verhouding met die ouers onderling, die voorafgaande gebeure, die ouers se hantering van die egskeiding en hul aanpassing daarna, voortgesette konflik en / of pogings tot versoening. Die omgewing waarin hy homself na die egskeiding bevind, sal uiteraard ook 'n invloed uitoefen. Kinderproblematiek waartoe egskeiding kan aanleiding gee, is eksternaliserende en internaliserende versteurings, verhoudingsprobleme, akademiese probleme, verhoogde gebruik van gesondheidsdienste en psigososiale wanaanpassing (Fitzpatrick & Vangelisti, 1995; Henggeler, Schoenwald, Borduin, Rowland & Cunningham, 1998; Kliwer & Sandler, 1993).

Uit bogenoemde blyk dit dat 'n egskeiding vereis dat 'n kind met 'n verskeidenheid stressors moet cope. Coping is volgens Haggerty, Sherrod, Garnezy en Rutter (1994) 'n konstruk wat nou verwant is aan psigologiese weerbaarheid deurdat die vermoë tot coping ook gesien kan word as een van die faktore wat psigologiese welsyn bevorder (Wissing, 1996). Vir die doeleindes van hierdie studie word coping gedefinieer as: "Verskillende perseptuele, kognitiewe of gedragsresponse waardeur gepoog word om 'n situasie wat as pynlik / moeilik / oorskrydend van bronne (intern of ekstern) getakseer / geëvalueer word, die hoof te bied, te vermy, te oorleef, te kontroleer of om die interpretasie van die gebeure of konsekwensies daarvan te beïnvloed" (Botma, 1999). Carson & Swanson (1992) identifiseer effektiewe coping as 'n beskermingsfaktor in die lewe van kinders wat dan kan bydra tot hul psigologiese weerbaarheid of "stress-resistance and invulnerability".

Die effektiwiteit van 'n kind se coping sal beïnvloed word deur die omvang van die probleem, asook die kind se kognitiewe buigsaamheid en dit word omskryf as die vermoë om die situasie te beskou vanuit verskillende perspektiewe, sowel as die vermoë tot kreatiewe probleemoplossing. Kognitiewe buigsaamheid versterk volgens Joseph (1994) die kind se vermoë om psigologies weerbaar te bly, aangesien dit ruimte laat vir die oorweging van verskeie alternatiewe vir die oplossing van probleme.

Lightsey (1996) postuleer dat daar geslagsverskille bestaan ten opsigte van seuns en dogters se kapasiteit en wyses van coping. Verdere navorsing bring aan die lig dat seuns 'n groter risiko as dogters loop om probleme te ontwikkel ten opsigte van coping, hoewel dogters negatiewe emosies meer intens skyn te ervaar (Wolchik & Sandler, 1997). Voorts voer Wallerstein, Kelly en Elder aan (soos aangehaal in Haggerty et al., 1994) dat seuns veral kwesbaar vir blootstelling aan risikofaktore / stressors in hul vroeë kinderjare skyn te wees terwyl dogters 'n groter kwesbaarheid in hul adolessentejare toon. Dit blyk dat daar verskeie moontlike verklarings vir sodanige geslagsverskille mag wees, te wete hoër kwesbaarheid van dogters, verskille in interpersoonlike verhoudings, dogters se neiging om op stres te reageer deur internalisering, in teenstelling met seuns se neiging tot eksternalisering, verskille in genetiese predisposisie, verskille in tempo van ontwikkeling en strenger rolverwagtings ten opsigte van seuns (Finnegan, Hodges & Perry, 1996; Haggerty et al., 1994; Werner & Smith, 1982; Wissing & Van Eeden, 1998; Wolchik & Sandler, 1997). Dit wil dus voorkom asof coping 'n belangrike komponent van psigologiese welsyn is. Dit blyk dan verder dat daar moontlik by kinders in die laat-middelkinderjare ten opsigte van hierdie komponent geslagsverskille bestaan. In hierdie verband is daar tot datum nog geen navorsing gedoen in die Suid-Afrikaanse konteks nie en daar bestaan geen gestandaardiseerde meetinstrumente om hierdie konstruk in Suid-Afrika te meet nie.

Dit blyk dus dat vandag se kinders blootgestel word aan ernstige omgewingstressors wat hul ontwikkeling betekenisvol uitdaag. Die ervaring van sodanige stressors, soos byvoorbeeld 'n egskeiding, verhoog die risiko van langtermyn geestesgesondheidsprobleme, akademiese probleme en probleme met betrekking tot substansmisbruik. In die lig hiervan maak dit sin om kinders se kwesbaarheid ten opsigte van stres te verminder.

As sodanig moet insig in kinders se coping vermeerder word deur middel van voortgesette navorsing rakende die aspek. Coping word beskryf as een van die hoofbronne wat psigologiese welsyn kan bevorder of beperk.

Dit kan die saamstel van programme vergemaklik en verryk om ouers en kinders uit egskeidingsgesinne by te staan en hul sosiologiese welsyn te bevorder. Hierdie inligting kan ook vir terapeutiese ingrepe met kinders uit egskeidingsgesinne gebruik word.

1.2 NAVORSINGSVRAE

In die lig van bostaande gegewens sal die volgende navorsingsvrae in hierdie navorsing aan die beurt kom:

1. Is daar 'n wesenlike verskil in die coping van kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit intakte gesinne?
2. Bestaan daar geslagsverskille in die coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare?
3. Bestaan daar ouderdomsverskille in die coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne?

1.3 DOELSTELLINGS

Die doelstellings in hierdie ondersoek is om te bepaal of daar:

- 1.3.1 'n verskil is in die coping van kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit intakte gesinne;
- 1.3.2 geslagsverskille bestaan in die coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare; en of daar
- 1.3.3 ouderdomsverskille bestaan in die coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne.

1.4 HIPOTEESES

Die hipoteses van die navorsing is soos volg:

- 1.4.1 Daar sal 'n verskil wees in die coping van kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit intakte gesinne.
- 1.4.2 Daar bestaan geslagsverskille in die coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare.
- 1.4.3 Daar bestaan ouderdomsverskille in die coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne.

1.5 ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE / VOORUITSKOUING

Hierdie studie vorm 'n onderafdeling van 'n interuniversitêre navorsingsprojek rakende psigologiese weerbaarheid by kinders. Die titel van die oorkoepelende navorsingsprojek is "Psigologiese weerbaarheid by kinders in die laat-middelkindertydperk, in die Suid-Afrikaanse konteks". In hierdie studie word spesifiek gefokus op die copingmeganismes van kinders in die laat-middelkindertydperk uit egskeidingsgesinne.

Na hierdie inleidende hoofstuk, waarin die probleme, doelstellings en hipoteses uiteengesit is, sal daar in hoofstuk 2 en 3 onderskeidelik 'n literatuurstudie gemaak word van die aard van egskeiding en die effek daarvan op kinders se funksionering asook stres en coping by kinders, en geslagsverskille en ouderdomsverskille in coping.

Die metode waarop die empiriese ondersoek plaasgevind het, word in hoofstuk 4 vervat en die resultate en interpretasie daarvan word in hoofstuk 5 gerapporteer. Laastens sal daar in hoofstuk 6 met betrekking tot die studie 'n aantal gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gedoen word.

HOOFSTUK 2: DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS

2.1 INLEIDING

Uit die navorsing het dit geblyk dat daar konsensus bestaan onder verskeie navorsers dat egskeiding nie 'n enkele lewensgebeurtenis is nie, maar eerder 'n reeks potensieel stresvolle belewenisse vir die hele gesin. Beginnende met huwelikskonflik voor die skeiding, wat oor tyd strek en 'n blywende effek het op die betrokkenes, sluit dit daarna veelvuldige veranderinge in rolle, roetines en verantwoordelikhede in. Die konflik en probleme wat tot egskeiding lei, kom gewoonlik in werking lank voordat die gesin uiteindelik skei en die gevolglike ontwrigting voorkom. Die ongeveer 2 tot 3 jaar wat daarop volg, is al beskryf as 'n "krisisperiode" wat deur dramatiese veranderinge in die kinders se daaglikse lewens gekenmerk word. Gevolglik kan enige uitwerking van egskeiding op kinders nie slegs die stres van die verbokkeling en sy nadraai reflekteer nie, maar ook disfunksionele gesinsprosesse, huwelikskonflik of kinders se probleme wat die verbokkeling voorafgegaan het (Morrison & Cherlin, 1995). Hetherington, Cox en Cox (1982) definieer egskeiding as "an extended transition across time for all family members". Volgens Macklin (1980) word egskeiding derhalwe beskou as 'n proses wat herorganisasie en herdefiniëring eerder as die ontbinding van die gesin behels.

Ten spyte daarvan dat egskeiding 'n meer algemene ondervinding vir kinders geword het, is dit steeds nie normaal om 'n egskeiding te ervaar nie. Vir sommige van hulle is die veranderinge veelvuldig, soos hulle ontdek dat egskeiding slegs die eerste stap in 'n reeks gesinsveranderinge is (Hetherington & Stanley-Hagan, 1999). Soms kan kinders met een ouer kontak verloor en dan voor 'n herorganisasie van die gesin te staan kom, soos om 'n stiefouer en half- of stiefbroers en -kinders in te sluit. Al hierdie veranderinge kan stresvol wees en 'n impak hê op kinders se geestesgesondheid (Kenny, 2000).

Onlangse, innoverende navorsing suggereer dat baie van die veronderstelde "gevolge van egskeiding" in terme van gesinne se lewensomstandighede en in terme van kinders se geestesgesondheid eintlik gesins- en individuele probleme reflekteer wat voor die ouerlike skeiding bestaan het. Desnieteenstaande is dit duidelik dat sommige bronne van spanning die gevolge van egskeiding is, terwyl andere daardeur vererger word (Emery & Forehand, 1994).

‘n Oorsig van die literatuur oor egskeiding is uitdagend vanweë die volgehoue debat oor die gevolge van huweliksontbinding vir ouers en kinders. Sommige vakkundiges sien die intakte gesin as die fundamentele sosiale instelling – die agtergrond waarteen volwassenes ‘n sin van betekenis, stabiliteit en sekerheid behaal en die agtergrond waarteen kinders ontwikkel in gesonde, bevoegde en produktiewe volwassenes. Volgens hierdie siening dra die verhoging in die getal enkelouergesinne by tot vele sosiale probleme, insluitend armoede, misdaad, substansmisbruik en dalende akademiese standaarde. Daarteenoor voer ander vakkundiges aan dat ouers vervulling vind en kinders wel suksesvol ontwikkel in ‘n verskeidenheid gesinstrukture. Volgens hierdie siening bied egskeiding, alhoewel dit tydelik stresvol is, ‘n tweede kans op geluk vir volwassenes en vir kinders ‘n ontsnapping uit die disfunksionele tuisomgewing.

Oor die algemeen suggereer navorsing dat huweliksontbinding die potensiaal het om te lei tot aansienlike ontwrigting in mense se lewens. Mense verskil egter in hul reaksies. Sommige individue baat by egskeiding terwyl ander ‘n tydelike afname in welsyn ondervind en ander nooit ten volle daarvan herstel nie (Kenny, 2000).

Die literatuur wat vir hierdie hoofstuk geraadpleeg is, fokus op die voorkoms van egskeiding (2.2), die egskeidingsproses (2.3), die egskeiding-stres-aanpassingsmodel (2.4), verklaringsmodelle vir die effek van egskeiding (2.5), die effek van egskeiding op kinders se funksionering (2.6), gevolgtrekking (2.7), ses psigologiese take vir kinders uit egskeidingsgesinne (2.8) en ‘n samevatting (2.9).

2.2 VOORKOMS VAN EGSKEIDING

Egskeiding is ‘n algemene ondervinding vir kinders in Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse statistieke toon dat daar in 1999 en 2000 onderskeidelik 45 331 en 38 833 minderjarige kinders betrokke was by egskeidings (Statistics South Africa, 2003). Die egskeidingsyfer vir getroude paartjies in Suid-Afrika in 1999 was 37 098 teenoor 34 102 in 2000 (Statistics South Africa, 2003). Volgens Amato (2000) kan die hoë egskeidingsyfer toegeskryf word aan ‘n aantal faktore, wat insluit die toenemende finansiële onafhanklikheid van vroue, groter verwagtinge van persoonlike vervulling in die huwelik en groter sosiale aanvaarding van egskeiding.

Egskeiding kom wêreldwyd voor. Dit is dus belangrik dat die proses en gevolge daarvan bekend is sodat effektiewe intervensies in egskeidingsgesinne kan plaasvind. Die proses van egskeiding word vervolgens uiteengesit.

2.3 DIE EGSKEIDINGSPROSES

Egskeiding is een van die algemeenste omgewingstressors wat deur kinders ervaar word. Soos kennis rondom kinders se aanpassing by egskeidings toegeneem het, het navorsers dit begin konseptualiseer as 'n komplekse reeks oorgange en aanpassings eerder as 'n simplistiese, unitêre gebeurtenis. Binne hierdie raamwerk is 'n groter begrip van die differensiële invloed van egskeiding op kinders se funksionering bereik. Gevolglik is sommige kinders van egskeidingsgesinne geïdentifiseer as dat hulle meer as andere blootgestel is aan die ontwikkeling van psigopatologie. Op 'n basiese vlak kan dit met sekerheid gestel word dat alle egskeidings veranderinge vir kinders behels. Sommige van hierdie veranderinge mag dalk voor die ouerlike skeiding voorkom, terwyl sommige tot beter eerder as swakker omstandighede kan lei. Wat ookal die resultaat, vereis hierdie veranderinge dat kinders by hul nuwe omgewingsomstandighede moet aanpas (Shaw, 1991).

'n Egskeiding is 'n lang proses van radikaal veranderende gesinsverhoudings, met verskeie stadia, wat begin met voortdurende huwelikskonflik en kulmineer in die skeuring van die huwelik en die onmiddellike nadraai daarvan. Die proses van wanbalans duur vir verskeie jare voort. Uiteindelik lei dit tot die stabilisering van 'n nuwe, post-egskeiding- of hersaamgestelde gesinseenheid. 'n Komplekse ketting van veranderinge, waarvan baie onverwag en onvoorsienbaar is, word deur die skeuring in die huwelik in werking gestel en dit sal waarskynlik op 'n beduidende gedeelte van die kind of adolessent se groeijare inwerk (Wallerstein, 1985).

2.3.1 Verskillende fases (stadia) in die egskeidingsproses

Drie breë, opeenvolgende stadia, oorvleuel, maar is nietemin klinies onderskeibaar (Wallerstein, 1985).

➤ **Die akute fase**

Die *akute fase* word ontketen deur vervreemding en die besluit om te skei. Hierdie stadium word dikwels gekenmerk deur skerp stygings in konflik tussen die volwassenes, fisiese geweld, emosionele ontwrigting, depressie gepaardgaande met selfmoordgedagtes en 'n reeks gedragspatrone wat 'n oorvloed van aggressiewe impulse reflekteer. Die volwassenes reageer dikwels met erge egoregressie en dit is nie onwaarskynlik dat hulle anders as op hul normale wyse sal optree nie. Skerp onenigheid in die behoefte om die huwelik te beëindig, is algemeen. Oor die algemeen beskik kinders oor geen weerstand teen hierdie ouerlike konflik en emosionele ontwrigting nie. Wanneer hulle gekonfronteer word met 'n duidelike teenstrydigheid met die beeld wat hulle van hul ouers het, is kinders nie daarvan verseker dat die bizarre of depressiewe gedrag sal ophou nie. Gevolglik is dit waarskynlik dat hulle bedreig voel deur die eerste figure waarop hulle gewoonlik vir versorging en beskerming steun. In hierdie fase beleef die kind moontlik verlies aan ouerondersteuning, verlies aan sosiale ondersteuning, verandering in die ouer-kindverhouding asook emosionele verwarring.

Soos die akute fase ten einde loop, gewoonlik binne die eerste twee jaar na die besluit om te skei, sal die huweliksmaats hulself geleidelik van mekaar losmaak en die nuwe take verbonde aan die herskepping van hul lewens aanvaar (Wallerstein, 1985).

➤ **Die oorgangsfase**

Die *oorgangsfase* word gekenmerk deur pogings om nuwe, meer besliste verhoudings, nuwe werk-, skool- en vriendekringe en soms nuwe plekke, nuwe lewenstyle en nuwe geografiese plasings te bewerkstellig. Hierdie fase word gekenmerk deur afwisselende sukses en mislukking en bemoediging teenoor ontmoediging en dit kan oor verskeie jare voortduur. Kinders sien en neem deel aan die menige veranderinge wat gedurende hierdie periode voorkom. Hulle deel die probleme, die mislukkings en gemoedskommeling. Vir verskeie jare kan die lewe baie onstabiel en die tuiste ongevestig wees.

Kinders kan op verskillende wyses reageer na 'n egskeiding. Sommiges reageer eksplosief en ander onttrek, afhangende van onderskeidelik hulle temperamente, vorige traumas en die ontwikkelingsfases waarin hulle hulself bevind (Wallerstein, 1985).

➤ **Die post-egskeidingsfase**

Hierna begin die *post-egskeidingsfase*, met die daarstelling van 'n redelik stabiele, enkelouer- of hersaamgestelde gesin. Hierdie fase / stadium word gekenmerk deur die aanvaarding dat die huwelik nie gelukkig of vervullend is nie. Albei die huweliksmaats het verby die blaam en woede beweeg na vergifnis, nuwe respek en nuwe rolle. Kenmerkend van hierdie fase is insig, aanvaarding en integriteit (Corcoran, 1996).

Kinders pas die beste aan indien sinvolle verhoudings met beide hul moeders en vaders na die egskeiding behou word en indien daar lae vlakke van konflik tussen die ouers voorkom.


Ongelukkig bring hertroue nie onmiddellik stabiliteit in die lewens van die gesinslede nie. Die vroeë jare van die hersaamgestelde gesin is dikwels belaaie met bagasie van die vroeëre mislukte huwelik / e sowel as die fisiese teenwoordigheid van die kinders en nie-toesighoudende ouers uit die vorige huwelik of huwelike (Wallerstein, 1985).

Vervolgens is dit belangrik om die egskeiding-stres-aanpassingsmodel breedvoerig te bespreek met verwysing na die egskeidingsproses, die mediators (stressors), die moderators (beskermende faktore) asook teenstrydige aanpassingsmodelle ten opsigte van egskeiding.

2.4 DIE EGSKEIDING-STRES-AANPASSINGSMODEL

Die egskeiding-stres-aanpassingsmodel word in figuur 2.1 hieronder uitgebeeld en daarnaas word die afsonderlike komponente daarvan bespreek.

Figuur 2.1 Die egskeiding-stres-aanpassingsmodel (Amato, 2000):



➤ Die egskeidingsproses

Die egskeiding-stres-aanpassingsmodel soos in figuur 2.1 uiteengesit, beskou huweliksontbinding nie as 'n afsonderlike gebeurtenis nie, maar as 'n proses wat begin terwyl die paar saamleef en eers ten einde loop lank nadat die wettige egskeiding afgehandel is.

Die ontbindingsproses gee aanleiding tot gewigtige gebeure, wat mense as stresvol ervaar. Hierdie stressors verhoog weer op hul beurt die risiko van negatiewe emosionele, gedrags- en gesondheidsuitkomst vir volwassenes en kinders. Die erns en duur van hierdie negatiewe uitkomst wissel van persoon tot persoon, afhangende van die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid bemiddelende of beskermende faktore. Suksesvolle aanpassing kom voor tot die mate dat die individue min egskeidingsverwante simptome ervaar, in staat is om goed te funksioneer in nuwe gesin-, werk- of skoolrolle en 'n identiteit en lewenstyl ontwikkel het wat nie langer met die vorige huwelik verband hou nie.

Om egskeiding as 'n proses te beskou, lei tot verskeie nuttige insigte. Ontbinding begin met gevoelens van vervreemding – gevoelens wat tipies te voorskyn kom na 'n tydperk van groeiende ontevredenheid met die verhouding (Amato, 2000).

Omdat feitlik alle mense 'n huwelik aangaan in die verwagting dat dit 'n wedersyds ondersteunende, verrykende, lewenslange verhouding sal wees, is die vervreemding van die gade tipies 'n pynlike ervaring. Vervreemde gades kan 'n aansienlike hoeveelheid tyd bestee aan 'n poging om die verhouding te heronderhandel, deur advies by andere in te win of eenvoudig die probleem te vermy of te ontken. Gevolglik kan die eerste negatiewe uitwerking van egskeiding op volwassenes reeds jare voor die werklike vervreemding en egskeiding voorkom. Daarbenewens kan openlike konflik tussen ouers in hierdie periode dalk lei tot gedragsprobleme by kinders – probleme wat beskou kan word as die vroeë uitwerking van huweliksontbinding (Amato, 2000).

➤ **Mediators (stressors)**

Dikwels is dit ook die geval dat die een gade veel eerder die huwelik wil beëindig as die ander (Emery & Forehand, 1994). Wanneer dit gebeur, kan die huweliksmat wat die egskeiding oorweeg, die huwelik betreur as verby, alhoewel dit nog wetlik en fisies bestaan. Inderdaad ervaar die inisiërende gade 'n groot mate van verligting wanneer die huwelik wetlik ontbind word. Die gade wat die huwelik wil laat voortbestaan, sal egter daarteenoor nie die einde van die huwelik betreur voordat die wettige egskeiding afgehandel is nie.

Gades kan dus dikwels op verskillende tye in die egskeidingsproses groter stres ervaar (Emery & Forehand, 1994). Dieselfde beginsel is op kinders van toepassing. 'n Ouer kind kan byvoorbeeld voor die egskeiding stres ervaar of gedurende die tyd wat die ouers se huwelik besig is om te verbreek. Vir hierdie ouer kind is die fisiese skeiding van die gedurig twistende ouers dalk 'n verligting. Vir die jonger kind in dieselfde gesin sal die vertrek van een ouer uit die huishouding dalk weer 'n verwarrende gebeurtenis wees wat aansienlike angstigtheid genereer. Met ander woorde, lede van egskeidingsgesinne kan stres en aanpassing op heeltemal verskillende vlakke ervaar (Amato, 2000).

Wettige egskeiding bring nie noodwendig 'n einde aan die stres wat met 'n ongelukkige huwelik geassosieer word nie, selfs nie vir die huweliksmaat wat die egskeiding inisieer nie. Gedurende die tyd wat die huwelik besig is om te eindig, en in die onmiddellike post-egskeidingsperiode, kan nuwe gebeure en prosesse (bemiddelaars) te voorskyn tree, wat die potensiaal het om mense se emosies, gedrag en gesondheid te affekteer. Sover dit kinders aangaan, kan egskeiding uitloop op minder doeltreffende ouerskap deur die toesighoudende ouer, 'n vermindering van betrokkenheid by die nie-toesighoudende ouer, blootstelling aan volgehoue interouerlike onmin, 'n afname in ekonomiese bronne en ander ontwrigtende lewensgebeure, soos verhuising, skoolverandering, addisionele ouerlike huwelike en egskeidings. Hierdie bemiddelende faktore verteenwoordig die meganismes waardeur egskeiding mense se funksionering en welsyn beïnvloed (Amato, 2000).

➤ **Moderators (beskermende faktore)**

Beskermende faktore tree as buffer op en verswak sodoende die skakels tussen egskeidingsverwante gebeure sowel as mense se ervaring van stres en daarom die mate waartoe die egskeiding lei tot negatiewe gevolge, hetsy op emosionele, gedrag- of gesondheidsvlak.

Hulpbronne wat die negatiewe impak van egskeiding kan beïnvloed, mag binne die individu gesetel wees (selfdoeltreffendheid, copingvaardighede, sosiale vaardighede), in interpersoonlike verhoudings (sosiale ondersteuning) en in strukturele rolle en agtergronde (werk, gemeenskapsdienste, ondersteunende regeringsbeleide).

Alhoewel egskeiding byvoorbeeld dikwels 'n aanvanklike afname in emosionele ondersteuning teweegbring, verskil mense in hul vermoë om na die egskeiding weer sosiale netwerke op die been te bring en ook in hoe vinnig hulle in staat is om nuwe, ondersteunende, intieme verhoudings aan te knoop.

'n Ander moderator verwys na die wyse waarop mense egskeiding bejeën. Sommige individue beskou dit as 'n persoonlike tragedie (veral die persoon wat agtergelaat word) en andere beskou dit as 'n geleentheid vir persoonlike groei, of as 'n ontsnapping uit 'n disfunksionele huwelik (tipies die inisiërende huweliksmaat). Uiteindelik is daar 'n aantal faktore soos geslag, ouderdom, ras, etnisiteit en kultuur, wat ook 'n invloed uitoefen (Amato, 2000).

Met betrekking tot hulpbronne toon Amato (2000) aan dat studies bevind het dat kinders wat aktiewe copingvaardighede aan die dag lê (soos probleemoplossing en die verkryging van sosiale ondersteuning) neig om gouer by egskeiding aan te pas as kinders wat steun op vermyding of afleiding as copingvaardighede. Sosiale ondersteuning blyk ook 'n beskermende faktor te wees en daar is gevind dat sosiale ondersteuning by kinders onder hul eie groep met positiewe aanpassing verband gehou het. Dit blyk ook dat toegang tot terapeutiese intervensies kinders se post-egskeidingswelsyn verbeter.

Skoolgebaseerde ondersteuningsprogramme vir kinders met geskeide ouers is wyd beskikbaar en bewyse dui daarop dat hierdie intervensies voordeel inhou. Vir kinders kan beskermende faktore insluit die gebruik van aktiewe copingvaardighede, ondersteuning van familie en vriende en toegang tot terapeutiese intervensies. Vir volwassenes sowel as kinders is dit waarskynlik dat die einde van 'n uiters konflikbelaaide huwelik deur 'n verbetering in welsyn eerder as agteruitgang gevolg word (Amato, 2000).

➤ **Modelle**

Die egskeiding-stres-aanpassingsmodel bevat twee teenoorstaande modelle. Die eerste, 'n krisismodel, aanvaar dat egskeiding 'n onderbreking verteenwoordig waarby die meeste individue mettertyd aanpas.

Volgens die krisismodel bepaal faktore soos persoonlike hulpbronne die tempo waarteen aanpassing geskied. Maar gegewe 'n voldoende hoeveelheid hulpbronne, sal die meerderheid individue terugkeer na hul funksioneringsvlak voor die egskeiding. Die tweede model, 'n chroniese spanningsmodel, aanvaar dat om geskei te wees tot hardnekkige spanninge lei, soos ekonomiese nood, eensaamheid en vir enkelouers die alleenverantwoordelikheid van ouerskap. Omdat hierdie probleme nie verdwyn nie, kan 'n afname in welsyn wat geassosieer word met egskeiding min of meer onbepaald voortduur. Volgens die chroniese spanningsmodel bepaal faktore soos persoonlike hulpbronne die vlak van nood wat die individue ondervind, maar geskeide individue keer oor die algemeen nie terug na dieselfde welsynsvlak wat hulle vroeg in die huwelik ervaar het nie (Amato, 2000).

Die egskeiding-stres-aanpassingsmodel fokus spesifiek op die gebeurlikhede wat tot negatiewe, positiewe of gemengde uitkomst vir individue lei. Desnieteenstaande aanvaar die egskeiding-stres-aanpassingsmodel dat die beëindiging van 'n huwelik vir die meeste mense 'n stresvolle ervaring is, selfs al kom die meeste van die stres voor voordat die wettige egskeiding plaasvind, of al is dit tydelik, of vergesel van sekere positiewe uitkomst (Amato, 2000).

2.5 VERKLARINGSMODELLE VIR DIE EFFEK VAN EGSKEIDING

Amato en Keith (1991a) asook Hetherington, Bridges en Insabella (1998) het vanuit die bestudering van bestaande navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat bykans alle navorsing rakende die effek van egskeiding op kinders poog om die negatiewe effek daarvan te verklaar vanuit die volgende verklaringsmodelle:

2.5.1 Veranderde gesinsamestelling en ouerlike afwesigheid as verklaring

Die gesin is die sleutel- sosiale instelling vir die voorsiening van sosialisering van jong kinders. Tradisioneel is daar aanvaar dat die intakte gesin (met albei ouers in dieselfde huishouding as die kind) 'n beter omgewing is vir kinders se ontwikkeling as dié van die enkelouergesin.

Dienooreenkomstig word die aanvaarde negatiewe effek van egskeiding dikwels eerder toegeskryf aan die sosialiseringsgebreke wat die resultaat is van die grootword met een ouer eerder as twee. Hierdie perspektief is gebaseer op 'n eenvoudige beginsel: as ouers belangrike hulpbronne is vir kinders se ontwikkeling, dan moet twee ouers mos logies gesproke beter wees as een.

Dit is welbekend dat egskeiding geassosieer word met 'n afname in die kwantiteit en kwaliteit van die kontak tussen kinders en hul nie-toesighoudende ouer. Omdat die toesighoudende ouers hulle ook in die werksmag bevind, is hulle weer op hul beurt onderworpe aan die beperkinge in die hoeveelheid tyd en energie wat hulle aan hul kinders kan bestee. Om hierdie rede ervaar kinders dikwels 'n afname in ouerlike aandag, hulp en toesig. Hierdie afname in ouerlike ondersteuning kan die waarskynlikheid van die voorkoms van probleme soos akademiese mislukking, lae selfrespek en wangedrag verhoog. Daarby kan die gebrek aan ouerlike modelle in die huishouding lei tot die onvoldoende aanleer van sosiale vaardighede, soos samewerking, onderhandeling en kompromie, wat in die wêreld daarbuite noodsaaklik is (Amato & Keith, 1991a; Hetherington et al., 1998).

'n Fokus op ouerlike afwesigheid lei tot die volgende hipoteses:

- 1) Kinders wat die dood van 'n ouer (of verlies van 'n ouer om enige ander rede) ervaar, manifesteer soortgelyke probleme as dié van kinders wat ouerlike egskeiding ervaar.
- 2) Omdat 'n stiefouer 'n alternatiewe rolmodel en ondersteuningsbron kan word, het kinders uit egskeidings minder probleme as die toesighoudende ouer hertrou as wanneer die toesighoudende ouer 'n alleenloper word.
- 3) Hierdie perspektief wil voorstel dat die ontwrigtende uitwerking van 'n enkel-ouergesin slegs gedeeltelik verminder word wanneer die nie-toesighoudende ouers noue bande met hul kinders handhaaf.

Dit lei tot die hipotese dat die frekwensie en kwaliteit van kontak met die nie-toesighoudende ouer positief bydra tot kinders se welsyn (Amato & Keith, 1991a).

2.5.2 Ekonomiese agterstand as verklaring

‘n Tweede perspektief is gebaseer op die begrip van ekonomiese agterstand. Egskeiding veroorsaak finansiële ongerief en verlaagde lewenstandaarde vir die hele gesin. Hierdie perspektief aanvaar dat dit ekonomiese nood is eerder as die tipe gesin as sodanig wat verantwoordelik is vir die verlaagde welsyn van kinders uit egskeidings.

‘n Gebrek aan ekonomiese hulpbronne verhoog die risiko van ‘n aantal ontwikkelingsprobleme by kinders. Ekonomiese nood kan kinders se voeding en gesondheid negatief beïnvloed. Daarby kan enkelouers byvoorbeeld nie privaat lesse, opvoedkundige speelgoed, tuisrekenaars en ander items bekostig wat bevorderlik is vir kinders se akademiese sukses nie. Beperkte middele kan ook daartoe lei dat gesinne geforseer word om te woon in buurte waar skoolprogramme swak befonds en dienste ontoereikend is (Amato en Keith, 1991a; Hetherington et al., 1998).

Amato en Keith (1991) kom egter tot die gevolgtrekking dat bogenoemde ‘n bydraende faktor kan wees tot kinders se probleme na egskeiding, maar nie ‘n alleenverklaring daarvoor kan bied nie. Hierdie perspektief word ook nie deur baie navorsers ondersteun nie.

2.5.3 Gesinskonflik as verklaring

Hierdie verklaring stel dit dat konflik tussen ouers voor en na egskeiding ‘n erge stressor vir kinders is. Vyandigheid tussen ouers skep ‘n nadelige omgewing, waarin kinders stres, ongelukkigheid en onveiligheid ervaar. Dit is duidelik dat so ‘n omgewing minder optimaal vir die ontwikkeling van kinders is. Navorsers toon aan dat kinders uit egskeidingsgesinne soortgelyke of minder problematiek ervaar as kinders uit intakte gesinne waar hoë vlakke van konflik beleef word (Amato & Keith, 1991). ‘n Moontlike rede hiervoor is dat die milieu wat geskep word, nie optimaal is vir kinders se ontwikkeling nie en dat dit kinders se aanpassing gevolglik benadeel. Konflik kan waarskynlik ook lei tot spanning by die ouers, wat hulle minder doeltreffend maak ten opsigte van die hantering van hul kinders. Ander studies het aangetoon dat kinders neig om by die konflik tussen hul ouers betrek te word, wat uitloop op verdere agteruitgang van die ouer-kindverhouding. Volgens hierdie perspektief manifesteer probleme nie weens die verandering in gesinstruktuur nie, maar weens die gepaardgaande konflik.

Alhoewel konflik tussen ouers voor en na egskeiding as 'n erge stressor verklaar word, is dit nie slegs negatief nie. Booth en Amato (2001) het gevind dat kinders wie se ouers nie voor die egskeiding baie struweling ondervind het nie, dikwels erger deur die egskeiding geraak is as diegene wie se ouers inderdaad baie konflik ervaar het. Vir daardie kinders uit gesinne met lae konflikvlakke, is die egskeiding waarskynlik 'n skok; die kinders blameer hulself en is nie toegerus om te cope nie. Kinders uit gesinne met hoë konflikvlakke daarenteen, kan die egskeiding weer ervaar as 'n welkome ontsnapping uit die ouerlike konfliksituasie (Sigelman & Rider, 2003).

2.5.4 Hoë risiko en kwesbaarheid as verklaring

Vanweë individuele patologie (byvoorbeeld anti-sosiale gedrag of histrioniese trekke), mag dit voorkom dat sommige ouerfigure meer as ander waarskynlik psigopatologie by kinders sal laat ontstaan of disfunksionaliteit in die gesin sal bewerkstellig. Uit die literatuur blyk dit dat die effek van egskeiding by die kind eerder verklaar word in terme van die ouers se individuele psigopatologie wat tot die gesin, en dus ook die individuele kind, se disfunksionaliteit lei.

Dit is dus nie die egskeiding as sodanig wat aanleiding gee tot die bepaalde gevolge nie, maar die feit dat een van die ouers 'n hoë-risiko ouer was (Amato en Keith, 1991a; Hetherington et al., 1998).

2.5.5 Ouerlike stres as verklaring

Die aanvaarding is dat egskeiding een van die mees stresvolle gebeure is wat kan voorkom in die lewenstydperk. Volgens Amato en Keith (1991a) en Hetherington et al. (1998) word die pre-egskeidingstydperk gekenmerk deur spanning, huwelikskonflik en 'n versteuring in die gesin se organisasie, met die ouer wat meestal self hoë stresvlakke kan ervaar, sowel as emosionele en / of gesondheidsprobleme. Ouerlike stres kan merkbaar stremmend inwerk op die kind se funksionering en ontwikkeling. Kinders uit egskeidings ervaar nuwe-effekte en emosionele probleme wat verklaar moet word uit die stres wat deur die ouer ervaar word, wat 'n invloed uitoefen op die ouerskapstyl sowel as die ouer-kindverhouding (Berk, 2003).

2.5.6 Gesinsprosesse as verklaring

Ouerlike konflik en 'n gebrek aan huwelikskohesie oefen in die pre-egskeidingsfase 'n invloed uit op gesinsinteraksie, -rolle en -funksionering.

Verandering in rolle in die gesin en die gesinstruktuur asook die ouer-kindverhouding in die verskillende subsisteme kan aanleiding gee tot aanpassingsprobleme by kinders. Uit die literatuur wil dit voorkom asof verskeie outeurs hierdie verandering in die gesinstruktuur wil voorhou vir die emosionele probleme wat kinders uit egskedings kan ervaar (Amato & Keith, 1991a; Hetherington et al., 1998).

Hierdie vereenvoudiging is nuttig, maar dit kan nogtans lei tot miskiening van die multi-dimensionaliteit van die gevolge van egskeding op die kind. So word daar byvoorbeeld nie voorsiening gemaak vir die effek wat verhuising of verliesbeleving of moontlike stigmatisering op die kind se funksionering kan hê nie (Van Rensburg, 2002).

2.6 DIE EFFEK VAN EGSKEDING OP KINDERS SE FUNKSIONERING

Egskeding is 'n uiters stresvolle ervaring vir kinders. Kinders moet as gevolg van egskeding gevoelens van onveiligheid en verlatenheid verwerk, wat tot problematiese post-egskedingsaanpassings kan lei. Kinders beskou hul gesinne as ondersteuningsisteme, die bronne vir die ontwikkeling van vertroue en verbintenisse. Egskeding verteenwoordig situasionele konflikte in gesinne, wat verswarend inwerk op kinders se ontwikkelingskonflikte. Verlies kom voor by kinders uit egskedings op alle vlakke. Wanneer die gesinseenheid verbrokkel, verloor kinders die primêre ondersteuningsstelsel vir hul gesonde ontwikkeling en groei. Hul verloor die ondersteuning van die nie-toesighoudende ouer, die ouerlike eenheid en sy gevoel vir sekuriteit en hulle kan boonop ook hul huis, skool en vriende uit die buurt verloor. Uiteindelik kan hul lewenstyl geaffekteer word omdat ontwortelde gesinne ekonomiese agteruitgang beleef (Kenny, 2000).

2.6.1 Die effek van egskeding in die verskillende ontwikkelingstadia

Ontwikkelingsfaktore is krities in die reaksie van kinders en adolessente tydens die ontbinding van die huwelik.

Ten spyte van beduidende individuele verskille in die kind, in die gesin en in ouer-kindverhoudings, wil dit voorkom asof die kind se ouderdom en ontwikkelingsvlak die belangrikste faktore is wat die aanvanklike reaksie beheer (Wallerstein, 1985). Egskeiding is 'n belangrike risiko-faktor vir ontwikkelingsproblematiek by kinders. Die kind se dominante behoeftes, sy of haar vermoë om die gesinsgebeure, die psigologiese afgetrokkenheid en konflik, die beskikbare copingstrategieë sowel as die dominante verhoudingspatrone en verwagtinge waar te neem en te begryp, reflekteer almal die kind se ouderdom en ontwikkelingsvlak (Wallerstein & Kelly, 1976; 1980).

Hieronder word kortliks aandag geskenk aan die afsonderlike ontwikkelingsfases:

➤ **Die babafase**

Kinders besef meesal nog nie tydens hierdie fase wat presies gebeur het nie, maar kan met sensitiwiteit reageer op die ouers se emosies. Die ouer se optrede en reaksie kan dus die kind beïnvloed. Die volgende reaksies mag egter voorkom:

- Regressie
- Skeidingsangs
- Slaapstoornisse
- Weiering om te eet
- Woedebuie.

➤ **Die kleuterfase**

Die kind in hierdie fase beleef sekuriteit in terme van die teenwoordigheid van die ouers. Hulle denkpatrone is egosentries en hulle voel dikwels dat hulle die oorsaak van die egskeiding was. Dit wil voorkom asof kinders in hierdie stadium die meeste deur die egskeidingsproses geaffekteer word (Wallerstein & Kelly, 1976; 1980).

Kleuters kan waarskynlik regressie toon na die een ouer se verlating van die gesin. Skeidingsangs kom dikwels voor en ontstaan weens die skeiding van die toesighoudende ouer gedurende die dag en met slaaptyd. Kleuters vrees dat hulle deur albei ouers verlaat sal word. Verlange na die afwesige ouer is intens.

Kleuters word maklik geïrriteerd en veeleisend en neig om aggressief op te tree teenoor hul ouers, maatjies, broers en susters.

Baie kleuters deel die angswekkende vrees van vervanging (“Sal my pappa ‘n nuwe hond, ‘n nuwe mammië, ‘n nuwe seuntjie kry?”) (Wallerstein, 1985). Ander simptomatologie wat ook kan voorkom, is aandagsoekende gedrag, selfblam, huilerigheid, onttrekking, enuresis en enkoprese, afreagerende gedrag en ‘n afname in speelgedrag (Wallerstein & Kelly, 1980; Berk, 2003).

Ayoub, Deutsch en Maraganore (1999) asook Pagani, Boulerice, Tremblay en Vitaro (1997) het bevind dat die tydperk voor 6 jaar die sensitiefste fase is waarin ‘n kind deur die proses van egskeiding kan gaan.

Volgens Van Rensburg (2002) kan dit moontlik verklaar word vanuit die feit dat kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind beperk is, wat dan veroorsaak dat ‘n gaping ontstaan tussen hul kognitiewe vaardighede en emosionele eise waaraan hulle blootgestel word, wat weer daartoe lei dat hulle nie oor die nodige aanpassing- of copingmeganismes beskik nie.

➤ **Die laerskooltydperk**

Vanweë die kind se verbeterde kognitiewe vermoëns, verstaan hulle gewoonlik reeds die permanensie van die egskeiding. Die kind poog om vir homself sin te maak uit die gesinsdisorganisasie en kan wel die kompleksiteit daarvan in ‘n mindere of meerdere mate begryp. Kinders in hierdie ouderdomsgroep reageer dikwels met intense woede teenoor een of albei ouers omdat hulle verantwoordelik is vir die egskeiding. Daarbenewens ly hierdie kinders weens die droefheid oor die verlies van die intakte gesin aan angs, eensaamheid en ‘n gevoel van magteloosheid. Hulle beskou ook dikwels die een ouer as “goed” en die ander ouer as “sleg” en ontwikkel derhalwe groot empatie met een van die ouers (Wallerstein, 1985). Ander simptomatologie wat kan voorkom, is ‘n verlaagde selfbeeld, verdeelde lojaliteit, depressie, psigosomatiese toestande, eensaamheid en isolasie, ontwigte persepsie van eie identiteit, skaamte oor die egskeiding en ‘n poging tot verbloeming daarvan, asook skolastiese probleme (Wallerstein & Kelly, 1976).

➤ **Die adolessentetydperk**

Adolessente is kwesbaar vir hul ouers se egskeiding, omrede hulle juis gekonfronteer word met 'n tydperk van verwardheid. Hulle benodig 'n sterk gesinstruktuur om riglyne en sekuriteit aan hulle te verskaf, waarteen hulle hul identiteite kan toets. Die sameloop van akute depressie, preokkupasie met selfmoord en rebelseid kom dikwels voor en wek kommer. Omdat hulle ook gepreokkupeer is met kwessies soos moraliteit, kan adolessente ook die ouers se optrede gedurende die huwelik en egskeiding oordeel en met een ouer identifiseer terwyl daar met die ander in stryd getree word (Wallerstein, 1985). Woede, hulpeloosheid, vrees vir stigmatisering, 'n gevoel van verlies, verlaagde empatie met ouers, vrese oor die toekoms, onttrekking uit die gesin en isolasie, verlaagde selfbeeld en versnelde volwassenheid is ander reaksies wat kan voorkom (Wallerstein & Kelly, 1976).

2.6.2 Die rol van die fisiese omgewing by egskeiding

Die kind se belewing van sekuriteit word versterk deur die bekendheid van die milieu waarin hy hom bevind, aangesien dit voorspelbaarheid teweegbring. Veranderinge in die bekende milieu vind waarskynlik plaas by egskeiding en ontnem die kind dus van 'n groot bron van sekuriteit. Hierdie veranderinge is veral:

➤ **Verhuising**

Omdat egskeiding gewoonlik gepaard gaan met verhuising, hou die verlies aan 'n bekende omgewing normaalweg die verlies in van die kind se eie kamer – vir baie kinders 'n belangrike bron van sekuriteit en 'n verlengstuk van hulself. Verhuising bring dan ook dikwels mee dat daar nie verder voorsiening gemaak kan word vir troeteldiere nie. Dikwels lê hierin 'n verdere verlieservaring opgesluit (Lamb et al., 1997).

Die verliesbelewing kan vererger word wanneer die kind in 'n ander skool geplaas word, wanneer daar van onderwysers en maats asook soms sleutelposisies (klaskaptein of prefek) afstand gedoen moet word.

Die kind word nie alleen ontnem van die voorspelbaarheid en stabiliteit wat die bekende skoolomgewing en sy verhouding met sy ouers nie, maar ook van die sekuriteit en stabiliteit van die skool – wat baie ontwrigtend op die kind kan inwerk (Cronjé, 1997).

➤ **Verandering in sosio-ekonomiese status**

Eensyds kan die koste van 'n egskeidingsgeding ouers finansiëel strem, maar andersyds kan die verlies die lewenstandaard van die ouers ernstig knou. Baie van die aanpassingsprobleme wat kinders na egskeidings ervaar, kan gedeeltelik toegeskryf word aan die verlaging in lewenstandaard na egskeiding. Verarming en swak sosiale omstandighede sal eerder tot gedrags- en aanpassingsprobleme lei as die egskeiding self (Lamb et al., 1997).

Kinders kan derhalwe psigologies op twee vlakke geaffekteer word deur die verlies aan inkomste wat deur die egskeiding veroorsaak word: *indirek* – deur swakker ouerskap, omdat toesighoudende ouers minder tyd en energie het om te bestee aan hul kinders weens die verhoogde eise wat deur die verlies aan inkomste aan hulle gestel word, en *direk* – deur die veranderings in die omgewingsituasie wat deur die egskeiding en die daaropvolgende verlies aan inkomste veroorsaak word, wat lei tot laer kwaliteit skole en buurte en 'n verlies aan vriende (Shaw, 1991).

➤ **Aanpassing in hersaamgestelde gesinne**

Hertroue of saamwoonverhoudings lei tot die ontstaan van hersaamgestelde gesinne na 'n egskeiding. Buiten vir die aanpassingsprobleme van kinders, kan die herstrukturering van die fisieke leefwyse verder gekompliseer word indien 'n hersaamgestelde gesin gevorm moet word deur kinders van verskillende gesinsisteme (Hetherington et al., 1998; Maree, 2001).

Hertroue kan ook ander veranderinge vir kinders bewerkstellig, wat 'n vermindering in besoeke van die nie-toesighoudende ouer kan insluit, sowel as verhoogde ouerkonflik tussen die kinders se biologiese ouers (Wallerstein & Kelly, 1980).

2.6.3 Die effek van egskending op die intrapsigiese funksionering van die kind

Kinders toon 'n verskeidenheid emosionele reaksies wat kan verskil afhangende van die ouderdom, geslag, premorbiditeit, persoonlikheid en verhouding met die ouers. Die intrapsigiese belewenisse wat kan voorkom, word hieronder beskryf.

➤ **Ontkenning**

Soms vind 'n mens dat kinders ontken dat die egskending plaasvind. Dit neem die vorm aan van fantasie en is 'n poging om hulself teen pyn te verskans. Volgens Wallerstein en Kelly (1980) moet erkenning van die proses plaasvind alvorens die kind kan begin om die egskending te verwerk.

➤ **Identiteitsverwarring**

Die kind definieer homself asook die grense en struktuur waarbinne hy beweeg, volgens die raamwerk wat aan hom bekend is. Deur egskending kan die kind se beleving van dit wat sy eie ek is, versteur word (Wallerstein & Kelly, 1976).

➤ **Aanvaarding van verantwoordelikheid vir die egskending**

Kinders het geen beheer oor hul ouers se besluit om hul eie weg in te slaan nie. Een emosie wat hom by baie van hulle tuismaak, is skuld. Dit kom vanuit die kinders se oortuiging dat hulle die middelpunt van die wêreld is en as sodanig dan die rede of die doelwit moet wees van alles wat om hulle aangaan.

As hulle hulself net beter gedra het, of as hulle beter punte in die skool gekry het, nie in die stilligheid gewens het pa moet weg nie, nie met ma gisteraand teëgepraat het nie – dit kan enigiets wees – dan sou ma en pa nog bymekaar gewees het, dink hulle. Baie dink ook dit is hulle plig om hul ouers te herenig (Corcoran, 1996).

➤ **Aanvaarding van verantwoordelike rolle**

Ouers plaas dikwels ouderdoms-ontoepaslike verantwoordelikheid op hulle kinders. Baie van hierdie kinders neem hul ouers se rol as ouerfigure aan en neem die verantwoordelikheid aan om hulle ouers en sibbe te beskerm en te ondersteun (Benedek & Brown, 1998; Berk, 2003).

Kinders in hul laat-middelkinderjare beleef kommer oor hulle ouers en poog om hulle ouers te “help” deur liefde, omgee en kameraadskap aan te bied. Hierdie kinders neem dan volwasse rolle aan om die ouer te ondersteun. Hulle gee egter hulle kinderjare prys omdat hulle verantwoordelikheid aanvaar vir hulself, hul bekommerde, oorwerkte ouers en hul sibbe (Wallerstein & Blakeslee, 1990; Berk, 2003).

➤ **Lojaliteitskonflik**

Die lojaliteitskonflik is een waarmee kinders uit egskeiding dikwels gekonfronteer word. In die meeste gevalle word beide ouers met positiewe herinneringe vereenselwig en is die kind ewe lief vir moeder en vader. Gevoelens van verwardheid en eensaamheid word gevind in gevalle waar kinders ‘n stryd ten opsigte van lojaliteit teenoor die twee ouers beleef (byvoorbeeld as die kind moet kies by wie hy/sy wil woon (Dowling & Barnes, 2000)). Bewustelik of onbewustelik verwag die ouers tydens egskeiding van die kinders om kant te kies, of hulle probeer om die kind teenoor die ander ouer te beïnvloed (Van Rensburg, 2002).

➤ **Vrees**

Feitlik alle kinders het angste oor die ouers se verhoudingsverbrokkeling en die ineenstorting van hul gesin, maar presies wát hulle vrees, hou met hul ouderdom verband. Voorskoolse kinders sal meer waarskynlik basiese vrese ervaar soos by wie hulle nou gaan woon, of hulle sonder kos en blyplek gaan wees, en of die ouer wat vertrek het, se liefde dieselfde sal bly.

Sulke vrese kan presenteer in die vorm van huil en aanklewing wanneer die ouer die kind by iemand moet laat, of om die ouer nie uit die oog te wil verloor nie. 'n Ander teken is dat 'n geliefde voorwerp wat lank reeds ontgroeï is, skielik weer aangegryp word. Alhoewel ouer kinders verwerping deur die toesighoudende ouer kan vrees, lê hul vrese meer rondom die wyse waarop die egskeiding hulle lewens gaan verander of daarop gaan inbreuk maak (Benedek & Brown, 1998).

➤ **Woede**

Woede kom dikwels voor en die kind kan sy woede teenoor homself en ander rig. Dit word dikwels gerig teenoor die ouer wat hy deur die egskeiding verloor het, die agterblywende ouer of selfs teen God (Van Loggerenberg & Roets, 1993). Hierdie woede kan op verskillende maniere deur kinders uitgedruk word. Sommige kinders, veral seuns, druk die gevoelens uit deur eksternaliserende gedrag, byvoorbeeld deur te baklei, op hul ouers, onderwysers en ander te skreeu en deur destruktiewe optrede. Ander kinders toon weer internaliserende gedrag, onttrek van ander en isoleer hulself (Emery, 1999).

➤ **Hartseer en depressie**

Waarskynlik is hartseer die algemeenste reaksie wat kinders op die gesin se verbrokkeling ervaar. Dit is bykans onmoontlik om in woorde uit te druk tot watter mate hierdie emosie op hulle inwerk.

Reaksies wat nie veel verskil van dié wat ervaar word wanneer 'n geliefde sterf nie, word ervaar wanneer een ouer ontbreek in die kinders se daaglikse lewens, asook deur die verlange aan 'n gesin soos dit was. 'n Ouer is onvervangbaar in 'n kind se lewe en selfs al het daardie ouer verkeerd opgetree, sal hy eenvoudig gemis word. Dit is dus normaal vir kinders om vir 'n lang tydperk te huil oor 'n ouer se vertrek, met 'n verlange na hulle vorige lewenswyse en 'n begeerte om terug te keer na die tyd toe die gesin bymekaar was. Kinders manifesteer hartseer deur te huil en hartseer te lyk (Van Staden, 1991/2; Berk, 2003).

➤ **Onsekerheid**

Dit voel dikwels vir die kind asof sy ouers van hom vergeet het en hy wonder wat van hom sal word as beide ouers hom verlaat. Onsekerheid kom voor as gevolg van die verlies aan geborgenheid en roetine. Baie van die ankers wat hy geken het, het verval en selfs die agterblywende ouer word deur sy eie hartseer in beslag geneem en is nie vir die kind toeganklik nie (Van Loggerenberg & Roets, 1993).

➤ **Eensaamheid**

Wanneer 'n gesin die daaglikse teenwoordigheid van 'n lid verloor, is daar 'n groot gaping in die samehang daarvan. Die gesin het verander; dit sal nooit weer dieselfde wees nie. Die kinders verlang na die ouer wat vertrek het, of daardie ouer naby die kind was of nie. Daarbenewens bring die nuwe lewensituasie op ander maniere eensaamheid. Die toesighoudende ouer, veral as dit die moeder is, kan dalk minder tyd hê om saam met die kinders te wees; sy werk dalk nou voltyds of moet twee of drie verskillende poste beklee om die pot aan die kook te hou. Die verantwoordelikhede van daaglikse take wat voorheen deur twee persone hanteer is, rus nou op haar skouers alleen. Gevolglik is die kinders meer dikwels op hulself aangewese (Benedek & Brown, 1998).

➤ **Die belewing van oorbeskerming**

Die agterblywende ouer probeer dikwels kompenseer vir die verlies van die ander ouer en hy poog om sy eie skuldgevoelens te verminder en is gevolglik oorbeskermend en oorbesitlik. So 'n ouer wil altyd beskikbaar wees en is oorvloedig in sy liefdesbetuiging. Hy kan oorbesitlik wees teenoor die kind en in die proses probeer om die kind uitsluitlik vir homself te hou of te veel aandag aan hom gee. Hierdeur word die kind die geleentheid tot selfstandigheidswording ontnem (Van Loggerenberg & Roets, 1993).

➤ **Die belewing van sosiale verleentheid**

Die kind wat die verlies van 'n ouer beleef het as gevolg van 'n egskeiding, voel minderwaardig en ervaar dat ander mense hulle “anders” behandel deur hulle te vermy, te bejammer of nie meer spontaan teenoor hulle op te tree nie. Kinders is skaam om dit met hul maats of onderwysers te deel. Die vrees vir blootstelling kan so bedreigend wees dat hulle nie meer vriende huis toe nooi nie (Van Loggerenberg & Roets, 1993). Wanneer die ouers se gedrag (byvoorbeeld buite-egtelike verhoudings of saamwoonverhoudings) strydig is met die norm waarmee hulle grootgeword het, is hulle skaam vir hulle ouers se gedrag en sal hulle poog om dit weg te steek omdat hulle vrees dat hulle deur die portuurgroep verwerp sal word (Wallerstein & Kelly, 1980).

➤ **Die belewing van ontoereikendheid**

Wanneer die kind die goedkeuring en aanmoediging van 'n ouer ontbeet, kan hy ontoereikendheid beleef. Die kind se eiewaarde ly skade as gevolg van die verlies aan 'n ouer se status. Selfbeskuldiging kom ook dikwels voor en die kind voel magteloos in hierdie situasie (Van Loggerenberg & Roets, 1993).

➤ **Verwerping**

Kinders vind dit moeilik om te verstaan dat 'n huwelik tussen twee volwassenes bestaan en nie tussen die volwassenes sowel as enige kinders wat hulle mag hê nie. Sommige kinders voel dat hulle verwerp word omdat hul ouers mekaar verwerp. Aangesien die gesin verbrokkel tydens die egskeiding, is hulle emosionele verwarring verstaanbaar. 'n Teruggetrokke 8-jarige kind het een keer probeer verduidelik: “I don't fit in anywhere. I feel like my insides are missing.” (Benedek & Brown, 1999, p.67).

➤ **Regressie**

Baie kinders reageer op hul ouers se vervreemding en egskeiding deur te regresseer na 'n vroeër ontwikkelings stadium.

Oor die kort termyn (paar maande) is dit 'n normale reaksie wat kinders toelaat om te ontsnap van die gebeurtenisse wat oorweldigend is, na 'n tydstip waar hulle meer beheer beleef het.

Algemene regressiesimptome wat voorkom is duimsuig, enurese, woedebuie en hernude afhanklikheid van ouers of van 'n vorige voorwerp, byvoorbeeld 'n kombers of pop wat 'n gevoel van sekuriteit gebied het (Van Rensburg, 2002).

➤ **Verlies en verlange**

Die kind beleef dikwels die verlies van die teenwoordigheid van die ouer en die rol wat die ouer vervul het. Hierdie gevoel van verlies word deur 'n dogter, Angela, soos volg beskryf: "It's kind of like when you have a leg chopped off. Like you're missing something. You feel empty." (Van Loggerenberg & Roets, 1993, p.109).

➤ **Verlaging in Selfbeeld**

Navorsing aangaande die selfbeeld van kinders uit egskeidingsgesinne is teenstrydig. Sommige navorsers suggereer dat egskeiding 'n negatiewe effek op kinders se selfbeeld het (Bynum & Durm, 1996; Pagani-Kurtz & Derevensky, 1997). Ander navorsers kon geen bewyse vind dat kinders uit egskeidingsgesinne se selfbeeld van dié van kinders uit intakte gesinne verskil nie (Durm, Giddens & Blakenship, 1997). Hetherington (1989) meen dat die mate waartoe kinders se selfbeeld deur die egskeiding beïnvloed word, bepaal sal word deur die wyse waarop die egskeidingsproses hanteer, deurgewerk en verwerk is. Die mate waartoe die kind se selfbeeld beïnvloed gaan word deur die egskeiding, sal uiteraard ook afhang van die kind se hanteringsmeganismes en temperament soos wat dit gemanifesteer het voor die egskeiding.

➤ **Hoop op versoening**

Aktiewe pogings om versoening te bewerkstellig, gaan gepaard met fantasieë oor versoening.

Indien daar by die ouers ook voortdurende pogings tot versoening is, word hierdie hoop groter, wat weer lei tot die skep van valse verwagtinge by die kind (Van Rensburg, 2002).

➤ **Aantasting van geloof en waardesisteme**

Dit blyk dat sommige kinders se geloof deur egskeiding beïnvloed word. Kinders bid dikwels in die volle oortuiging dat God sal kan help met 'n ingreep wat die proses sal onderbreek, en sodoende die ouers weer bymekaar sal bring. God se bestaan of Sy goedheid word dan in twyfel getrek wanneer hierdie versoening nie realiseer nie (Van Rensburg, 2002).

➤ **Angs**

Kinders uit egskeidingsgesinne beleef negatiewe emosies van angs wat soms figureer as gedragsprobleme. Aangesien kinders in hul laat-middelkinderjare op hul ouers staatmaak vir stabiliteit, veroorsaak egskeiding baie angs by hulle omdat hul bron van stabiliteit (hul ouers) bedreig word (Wallerstein & Blakeslee, 1990).

2.6.4 Die effek van egskeiding op die kind se interpersoonlike verhoudings

Navorsers is dit eens dat daar 'n verband bestaan tussen sosiale ondersteuning en kinders se aanpassing na egskeiding. Die graad van sosiale ondersteuning van volwassenes buite die familie en vriende tydens die kinderjare is grootliks verwant aan die kind se aanpassing na die egskeiding (Cowen, Pedro-Carroll & Alpert-Gillis, 1990).

Kinders beleef na egskeiding 'n verlies aan sosiale ondersteuning vanuit verskeie oorde. Hulle verloor die sekuriteit van hulle gesin en soms ook die sekuriteit en ondersteuning van hulle grootouers, vriende, onderwysers en familie (Wallerstein et al., 2000). Aangesien sosiale ondersteuning as 'n potensiële beskermingsfaktor vir die hantering van uitdagings soos egskeiding beskryf word, kan die verlies aan sosiale ondersteuning op hierdie kritieke stadium kinders se welsyn en aanpassing na die egskeiding benadeel (Bretherton, Walsh & Lependorf, 1996).

Vervolgens word hierdie verlies aan ondersteuning en die veranderings in kinders uit egskeidingsgesinne se verhoudings met hul ouers (toesighoudende en nie-toesighoudende ouers), portuurgroep en grootouers bespreek.

➤ **Verandering in die ouer-kindverhouding**

Egskeiding kan die verhouding tussen die kind en die ouer (hetsy toesighoudend of nie-toesighoudend) ernstig strem.

Kinders ervaar dikwels verwarring weens lojaliteit teenoor hul ouers. Indien konflik tussen die ouers gereeld voorkom, of indien een ouer voor die kinders beledigend teenoor die ander ouer optree, of indien die ouers poog om die kinders te laat kant kies, kan die probleem intensifiseer (Dowling & Barnes, 2000).

Met enkele uitsonderings is kinders se aanpassing na egskeiding die beste wanneer hulle betekenisvolle verhoudings met albei ouers beleef het voor en na die egskeiding. Volgens Wallerstein et al. (2000) kan die ouer-kindverhouding radikaal verander na 'n egskeiding – veranderinge wat soms permanent kan wees. Moeder sowel as vader het minder tyd om saam met die kinders te spandeer en is minder responsief teenoor hul kinders se behoeftes en wense.

➤ **Die verandering van die verhouding met die toesighoudende ouer**

Die kind se verhouding met die toesighoudende ouer is gewoonlik meer stabiel as die kind se verhouding met die nie-toesighoudende ouer. Die verhouding met die toesighoudende ouer kan ook negatief beïnvloed word as gevolg van die ouer se eie stryd om die egskeiding te verwerk of die kind se stryd om aan te pas na die egskeiding (Amato & Keith, 1991; Amato, 1993; Emery & Forehand, 1994; Wallerstein et al., 2000). Die toesighoudende ouer word gekonfronteer met uitdagings ten opsigte van interoueronderhandelinge, konflik aangaande die kind se opvoeding, finansiële druk, 'n oormaat take en interpersoonlike aanpassing (Wallerstein & Blakeslee, 1990).

Emery en Forehand (1994) verwys na bewyse wat daarop dui dat geskeide enkelouers spesifiek probleme ondervind ten opsigte van affeksie, ouerlike outoriteit en die afhandeling van huishoudelike take. Hulle dui aan dat die verhouding tussen die kind en die toesighoudende ouer beter of slegter, strenger of lakser kan word.

➤ **Verandering van die verhouding tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer**

Na die egskeiding en met verloop van tyd vind verwydering gewoonlik plaas tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer. Bykomend hiertoe is die feit dat die meerderheid nie-toesighoudende vaders neig om nie na die egskeiding voldoende kontak met hul kinders te behou nie.

Uit verskeie studies blyk dit dat die nie-toesighoudende ouer dikwels onbetrokke is in die kind se alledaagse aktiwiteite van skool, huiswerk, speel en sport en daardie kinders sien gevolglik die nie-toesighoudende ouer selde gedurende die jaar. 'n Nuwe, kunsmatige verhouding wat verskil van die alledaagse ervarings wat beide die ouer en die kinders beleef, word gevolglik deur die ouer geskep (Lamb et al., 1997).

Onder die langtermyngevolge wat ouers se afwesigheid vir kinders inhou, ressorteer die geval van seuns se gebrek aan selfvertroue en trots in hulle eie manlikheid ten spyte van gesonde, ondersteunende moeder-kindverhoudings. Op hul beurt beleef dogters dalk weer langtermyngevolge in die vorm van verwerpingsgevoelens sowel as hunkerings, met 'n gevoel van weerloosheid en onsekerheid in hul vroulikheidservaring in hul verhoudings met manspersone (Wallerstein & Blakeslee, 1990).

➤ **Stremming ten opsigte van portuurgroep**

Vir alle kinders vanaf skoolgaande ouderdom speel die portuurgroep 'n baie belangrike rol. Portuurgroepinteraksie en vriendskap is belangrik vir die ontwikkeling van emosionele, sosiale en kognitiewe bevoegdhede by kinders. Die portuurgroep dien as ondersteuningstelsel, maar ook as bevestiging van aanvaarding.

Hetherington, Cox en Cox (1979) asook Guidubaldi, Perry, Cleminshaw en McLoughlin (1983) meen dat kinders uit egskeiding meer sosialiseringproblematiek as kinders uit intakte gesinne ondervind. Henggeler et al. (1998) beskryf die ouerhuis as 'n model vir sosiale en affektiewe interaksie, wat die suksesvolle begin en instandhouding van verbale interaksie fasiliteer. Hiervolgens is die ouerhuis dus 'n omgewing waarin die kind enkodering en ontsyfering van ander individue se sosiale en affektiewe gedrag aanleer. Hieruit volg die aanname dat kinders uit egskeidingsgesinne, waar destruktiewe interaksie of selfs 'n afwesigheid van ouer-kindinteraksie voorkom, moontlik negatiewe portuurgroepervarings beleef.

➤ **Verandering in grootouer-kleinkindverhouding**

Kinders uit egskeidingsgesinne heg groot waarde aan hulle verhoudings met hul grootouers. Navorsers toon aan dat die verhouding tussen grootouers en kleinkinders na 'n egskeiding afneem betreffende gereelde kontak en emosionele betrokkenheid.

Drew en Smith (1999) meld ook verder dat grootouers toegang tot hul kleinkinders ontsê word, veral indien die grootouers ook die ouers van die nie-toesighoudende ouer is en daar konflik tussen die kinders se ouers bestaan. Die grootouers (die toesighoudende ouer se ouers) in enkelouergesinne raak dikwels meer aktief en intiem betrokke by die nuwe gesin en tree dan op as belangrike ander vir die kind.

2.6.5 Die effek van egskeiding op die kind se gesondheid

Kinders reageer ook op spanning deur die belewing van fisiologiese probleme, byvoorbeeld maagpyn, hoofpyn, borspyn en krampe. Sulke probleme ontstaan indien kinders sukkel om hulle emosies te erken of uit te druk, of nie toegelaat word om laasgenoemde te doen nie. Hierdie probleme is gewoonlik eg – kinders gebruik selde doelbewus hierdie klagtes as 'n metode om 'n ouer se aandag te trek. Dikwels voer kinders egter aan dat hulle 'n fisiese probleem het wat slegs deur die ouer hanteer kan word. Die ouer wie se aandag verlang word, kan die toesighoudende ouer of die nie-toesighoudende ouer wees (Wallerstein & Blakeslee, 1990).

2.6.6 Die effek van egskeiding op die skolastiese funksionering van die kind

Cronjé (1997) meen dat kinders gewoonlik hulle negatiewe gevoelens oor die egskeiding uitdruk deur middel van verhoogde aggressie en 'n verlaging in skoolprestasie. Dit blyk dat die aanpassing by nuwe omstandighede, die verwerking van die egskeiding en die verliesbelewing wat die kind ervaar, dikwels negatief inwerk op die kind se skoolprestasie. Onderwysers berig dikwels dat kinders uit egskeidingsgesinne afleibaar, rusteloos en onoplettend is. Psigiese uitputting van die kind kan lei tot skolastiese probleme, of indien dit 'n nuwe skool is, kan dit die gevolg van wanaanpassing wees (Cronjé, 1997).

2.7 GEVOLGTREKKING

Die gevare wat egskeiding vir die kind se psigologiese welsyn en ontwikkeling inhou, is die verminderde of ontwrigte ouerskap en die konflik tussen ouers wat dikwels volg en binne die post-egskeidingsgesin gekonsolideer kan word.

Wanneer ouers na deeglike oorweging van die alternatiewe wel tot 'n egskeiding oorgaan, wanneer hulle die psigologiese, sosiale en ekonomiese gevolge vir alle betrokkenes geantisipeer het, en wanneer hulle fokus op die instandhouding van goeie ouer-kindverhoudings, sal die kinders waarskynlik nie ontwikkelingsversteurings of psigologiese pyn ervaar nie. As die egskeiding egter onderneem word op 'n manier om 'n huweliksmat te verneder of kwaad te maak, as woede en ongeluk die post-egskeidingsverhouding domineer, as die kinders swak ondersteun of ingelig word, as die kind se verhouding met een of albei ouers verarm of ontwig word, en as die kind verwerp voel, dan sal die mees waarskynlike uitkoms vir die kinders ontwikkelingsontwrigting, depressie, of albei wees (Wallerstein, 1985).

Veranderlikes in die gesinsprosesveranderinge wat met egskeiding gepaard gaan, blyk beter voorspellers van kinderaanpassing te wees as egskeiding self. Sodanige faktore sluit in konflik tussen ouers, die gehalte van die verhouding met die toesighoudende ouer, die opvoedingspraktyke van die toesighoudende ouer en die verlies aan gesinsinkomste.

2.8 SES PSIGOLOGIESE TAKE VIR KINDERS UIT EGSKEIDINGSGESINNE

Wallerstein (1983) identifiseer ses psigologiese take wat kinders uit egskeidingsgesinne in die gesig staar – volgens haar take wat bykomend is tot die normale uitdagings verbonde aan volwassewording. Elke taak is deel van 'n opeenvolging van take met wisselende voltooiingstye – sommige take moet direk na die egskeiding aangepak word, terwyl ander langtermyn take is wat minstens twee jaar neem om te voltooi.

Vervolgens word die ses take genoem en kortliks bespreek:

➤ **Taak 1: Erken die skeiding as realiteit**

Wanneer die kind moet aanvaar dat sy of haar ouers skei en dat die egskeiding gepaardgaan met verskeie gesins- en huishoudelike veranderinge, speel sy / haar ouderdom 'n rol in die kind se reaksie op daardie egskeiding.

Wallerstein (1983) bevind dat, alhoewel jonger kinders dit moeiliker vind om die betekenis van egskeiding en die gebeure daarna te begryp, kinders net voor adolessensie en tydens adolessensie ook die nuus as traumaties beleef.

➤ **Taak 2: Losmaak van die ouerkonflik en -ongemak en voortsetting van vorige doelstellings**

Hierdie taak vereis van kinders om hulle take en verhoudings (onder andere by die skool) van voor die egskeiding te hervat. Dit stel 'n tweeledige uitdaging aan kinders: eerstens moet hulle die nodige stappe doen ter vestiging van 'n identiteit as individu en die beveiliging van hul eie lewenspas, en tweedens moet die egskeidingskrisis verwyder word uit die sentrale posisie wat dit in hulle innerlike wêreld inneem. Eers na voltooiing van hierdie taak kan hierdie kinders die ander ontwikkelingstake voltooi wat van hulle verwag word (Wallerstein, 1983).

➤ **Taak 3: Verwerking van die verlies**

Hierdie kinders beleef verskeie verliese, wat die verlies van die gesinsroetine, familietradisies, ouerondersteuning, die fisiese teenwoordigheid van twee ouers en moontlik ook die verlies aan 'n bekende omgewing en bekende dinge kan insluit. Dit is 'n uiters moeilike taak waarvoor die kind te staan kom terwyl hy / sy die verlies van verskeie dinge betreur. Hierdeur leer hy / sy om die veranderinge wat voorkom in 'n post-egskeiding- en ook 'n hersaamgestelde gesin, te verwerk.

In gevalle waar die kinders en die ander ouer mishandel was, kan die egskeding 'n verligting vir kind en ouer wees. Kinders wat nie uit hierdie tipe gesinne kom nie, ervaar oor die algemeen 'n gevoel van verwerping, onbeminlikheid, magteloosheid en vernedering.

Hierdie taak word grootliks gefasiliteer deur die vasstelling van 'n besliste en betroubare besoekskedule met die kind, wat die nie-toesighoudende ouer en kind in staat stel om hul nuwe rolle as deeltydse ouer of kind te vestig en te ondersoek. Dit laat ook toe dat die kind weer psigies heel word (Wallerstein, 1983).

Volgens Wallerstein (1983) neem dit kinders etlike jare om hierdie taak te voltooi, terwyl sommige kinders eenvoudig nooit hierdie taak aanpak nie. Indien die verlies van die nie-residensiële ouer slegs gedeeltelik is en kinders steeds betekenisvolle verhoudings met albei ouers kan handhaaf, word hierdie taak die maklikste afgehandel. Kinders wat nie hierdie taak voltooi nie, ervaar dikwels gevoelens van verwerping, onwaardigheid en onbeminlikheid.

➤ **Taak 4: Verwerking van woede en selfblaam**

Anders as die verlies wat ervaar word met dood of natuurrampe, is die ontbinding van 'n huwelik geheel en al 'n man-vrou gebeurtenis en dit ontlok 'n wye reeks gevoelens in die kind sowel as in die breë gemeenskap, afhangend van die rede wat gelei het tot die besluit om te skei.

Wallerstein (1983) bevind dat kinders gewoonlik aan een of albei die ouers, of hulself die skuld vir die egskeiding gee. Die mate van woede wat kinders jeens hierdie persoon (die persoon wat volgens die kind die skuld dra vir die egskeiding) beleef, kan vir etlike jare voortduur. Soos die kind 'n groter begrip verkry van die ouers se verhouding, kan insig ontstaan, wat weer kan lei tot vergifnis van die ouer. Wanneer die woede afneem, lei dit daartoe dat die kind 'n mate van verligting en afsluiting kan ervaar. Daar is derhalwe sterk skakeling tussen hierdie aanvaarding en afsluiting en die kind se vermoë om homself sowel as sy ouers te vergewe. Dit wil ook voorkom asof groter emosionele volwassenheid in die kind lei tot 'n beter vermoë om te begryp wat die uiteenlopende behoeftes en belangstellings van die ouers is, wat sodoende die woede wat die kind aanvanklik met die ouers se egskeiding ervaar het, laat afneem.

➤ **Taak 5: Aanvaarding van die finaliteit van die egskeiding**

'n Aspek wat nou verwant is aan die bemeestering van die ontwrigting wat geassosieer word met die vertrek van een ouer, is die kind se aanvaarding dat die egskeiding permanent is en waarskynlik nie ongedaan gemaak sal word nie. Die meeste jong kinders neig om vas te klou aan 'n fantasie dat hul ouers herenig sal word. Hierdie fantasieë kan soms vir jare na die egskeiding voortduur.

Wallerstein (1983) glo dat kinders wie se ouers geskei is, dit moeilik vind om die permanensie van die egskeiding te aanvaar, vergeleke met die kind wie se ouer hom deur die dood ontnem is. Dit is omdat die kind, ten spyte van sy intense hoop en fantasie, besef dat 'n afgestorwe ouer nie in staat is om terug te keer nie. Daarenteen gee die lewende teenwoordigheid en ook die beskikbaarheid van die ander ouer volgehoue geloofwaardigheid aan die kind se fantasieë, hoop en verwagtinge dat die ouers weer bymekaar sal uitkom. Die enigste tyd wanneer die kind in staat is om hierdie kwessie te ondervang, is blykbaar wanneer hy / sy adolessensie bereik en in staat is om die psigologiese skeiding tussen die self en die ouer duidelik en finaal te konsolideer.

➤ **Taak 6: Om realistiese hoop aangaande verhoudings te bereik**

Hierdie taak word beskou as die belangrikste een vir die kind sowel as die gemeenskap omdat dit die uitklaring van kwessies rakende verhoudings behels, sodat die kind in staat is om 'n realistiese visie van verhoudings te handhaaf. Die verg ook van die kind om sy persepsies van sy vermoë om lief te hê en liefgehê te word, uit te klaar.

Gebaseer op bogenoemde is 'n mens in staat om die kind uit 'n egskeiding te vergelyk met sy eweknie wat 'n ouer aan die dood afgestaan het. In albei hierdie gevalle moet die kinders besef dat verhoudings, net soos die lewe, ook sterflik is en dat nie alle verhoudings vir ewig duur nie, hoe liefdevol daardie verhoudings ook al is.

Uit bogenoemde is dit ook duidelik dat kinders uit egskeidingsgesinne 'n aantal ontwikkelingprobleme en ander hindernisse sal beleef en dat die suksesvolle of onsuksesvolle uitklaring daarvan op die kind se lewe as 'n volwassene 'n impak sal hê.

Wallerstein (1983) is van mening dat die suksesvolle oplossing van hierdie take vir kinders 'n mate van sluiting sal bied oor die egskeiding en 'n gevoel van trots en 'n gesonde kapasiteit om lief te hê en te vertrou, sal gee.

2.9 POSITIEWE GEVOLGE VAN EGSKEIDING OP KINDERS

Volgens Cronjé (1997) hou egskeiding nie noodwendig slegs negatiewe gevolge vir kinders in nie. Dit blyk uit haar navorsing dat kinders uit egskeiding dikwels 'n groter mate van emosionele volwassenheid toon, meer insig en begrip vir andere aan die dag lê en dat hulle dikwels ook besef dat egskeiding die enigste opsie is.

Wallerstein en Blakeslee (1990) meld dat, ten spyte van die negatiewe effek van egskeiding, dit steeds emosioneel meer voordelig vir 'n kind is om 'n stabiele een-ouergesin te hê as om in 'n gesin groot te word wat gekenmerk word deur erge huwelikskonflik.

2.10 SAMEVATTING

Die gevolgtrekking word gemaak dat gesinstruktuur oor die jare verander het en dat die voorkoms van die enkelouergesin toeneem as gevolg van egskeiding. Daar is gefokus op die verskeie aspekte van egskeiding en die effek daarvan op kinders. Die hoofstuk toon ook aan dat egskeiding kort- en langtermyngevolge vir al die betrokke partye inhou, maar dat die erns van hierdie gevolge by kinders egter nie heeltemal duidelik is nie.

Ten einde dus te kan bepaal wat die negatiewe effek van egskeiding is op kinders, moet die volgende aspekte, wat inderdaad van belang kan wees, deeglik in oorweging geneem word:

- Die huweliksgeskiedenis
- Die spesifieke behoefte
- Voor- en na-egskeidingskwessies
- Die mate van toesighoudende oueraanpassing
- Watter coping- en temperamentele styl van toepassing is
- Ouer-kindverhoudings
- Die tydfaktor, byvoorbeeld die tydstip tydens die egskeidingsproses waarop 'n spesifieke situasie gepresenteer het
- Die skedulering van tyd tussen die onderskeie huishoudings

Bogenoemde is almal wesenlike faktore wat uiteindelik 'n definitiewe rol speel in die uitwerking van egskeiding op kinders. In hoofstuk 3 word daar in meer besonderhede aandag gegee aan stres en coping by kinders uit egskeidingsgesinne.

HOOFSTUK 3: STRES EN COPING BY KINDERS

3.1 INLEIDING

Oor die afgelope dekade het navorsing rakende stres en coping en veral met betrekking tot kinders en adolessente 'n toename getoon. Ondanks die toename in navorsing ten opsigte van streshantering is die wyse waarop kinders in die gesinskonteks stres in werklikheid ervaar, redelik onbekend. Hierdie navorsing skyn egter nie 'n oplossing te kan gee vir die hoogs gedifferensieerde area van stresvolle ervarings en die gepaardgaande probleem van die konseptualisering van alle veranderlikes betrokke by coping nie (Dubow, Schmidt, McBride, Edwards & Merk, 1993).

In hierdie hoofstuk word stres en coping bespreek deur eerstens 'n definisie en begripsomskrywing van die onderskeie terme aan te bied (3.2). Daarna word aandag gegee aan kinders se daaglikse stressors (3.3) en coping by kinders (3.4). In 3.5 word 'n taksonomie van domeine en verskillende copingresponse aangebied, waarna optimale coping (3.6) en copingveranderlikes (3.7) bespreek word. 'n Samevatting van die hoofstuk se bevindings word in 3.8 aangebied.

3.2 DEFINISIE EN BEGRIPSOMSKRYWING

3.2.1 Stres

Ten spyte daarvan dat negatiewe konnotasies gewoonlik aan die woord *stres* geheg word, beklemtoon Seley (soos aangehaal deur Sutherland & Cooper, 1990) dat die stresreaksie nie outomaties skadelik is nie. Dit is ook onvermydelik, want "being alive is synonymous with responding to stress" (Sutherland & Cooper, 1990, p.15). Onbeheerbare stressorsituasies is in teenstelling potensieel skadelik en kan lei tot disequlibrium in die homeostatiese fisiologiese sisteem (Seley, soos aangehaal deur Sutherland & Cooper, 1990). Die definiëring van stres word bemoeilik deur die feit dat sienings met betrekking tot stres met verloop van tyd verander het.

Stres kan beskou word as 'n gebeurtenis, situasie of kombinasie van situasies waarvan die eise deur die individu ervaar word as oorskrydend van sy kapasiteit om toepaslik te reageer (Lazarus & Loanier, 1978; Lazarus, De Longis, Folkman & Gruen, 1985; Rutter, 1983).

'n Verskeidenheid situasies in kinders se lewens kan stres voortbring, insluitend fisiese siekte, pyn, konsentrasie, ooreising, angstige antisipasie van mislukking weens streng of hoë ouerlike verwagtinge, angs en spanning voor 'n toets of tydens 'n tandartsbesoek, om oor gelaatstrekke gespot te word, allergieë of asma, vernedering, vrees vir verlating, gevoelens van onbeminlikheid, rassehoon, verblyf in 'n gevaarlike omgewing en oorstimulasie van genietinge (Honig, 1986). 'n Egskeidingsituasie veroorsaak ook verskeie stressors in 'n kind se lewe.

3.2.2 Coping

Terme soos *hantering* en *behartiging* blyk tans nie die betekenisinhoud wat met die term *coping* geassosieer word, raak te beskryf nie en die term *coping* word derhalwe in hierdie navorsing as Afrikaanse leenwoord gebruik. Op dieselfde wyse as wat *stres* as Afrikaanse leenwoord naas *spanning* aangewend word, word voorsien dat *coping* ook met die ontwikkeling van navorsing op hierdie gebied in die Afrikaanse wetenskaptaal ingeburger sal word.

Botma (1999) verwys na coping as verskillende perseptuele, kognitiewe of gedragsresponse waardeur gepoog word om situasies wat as pynlik / moeilik / bedreigend / oorskrydend van bronne (interne of eksterne eise) getakseer / geëvalueer word, die hoof te bied, te vermy, te oorleef, te kontroleer of om die interpretasies van gebeure of konsekwensies daarvan te beïnvloed.

Coping by kinders word meer volledig toegelig in 3.4 hierna.

3.3 KINDERS SE DAAGLIKSE STRESSORS

Navorsers fokus op verskeie streskomponente: 'n *stressor*, hoe die kind daardie stressor ervaar, die *copingbronne* waaroor 'n kind beskik, die *ondersteuningstelsels* wat intern en ekstern beskikbaar is vir daardie kind, en die kind se *copingvaardighede* wanneer hy met die stressituasie gekonfronteer word. Stressors, en hoe kinders daardie stressors ervaar, word vervolgens bespreek.

Strelau (soos aangehaal deur Botma, 1999) konseptualiseer stressors as onvoorspelbare en onkontroleerbare lewensgebeure, alledaagse hindernisse, belangrike lewensveranderinge, situasies met uiters hoë of lae stimuluswaardes, asook geïnternaliseerde waardes en standarde van gedrag. Stressors kan gekategoriseer word as 'n akute lewenservaring of 'n chroniese omgewingsituasie wat disekwilibrium veroorsaak (Blom, Cheney & Snoddy, 1986). Akute stressors word deur Compas (soos aangehaal deur Smith en Carlson, 1997, p.232) gekonseptualiseer as "involving changes in existing conditions or a disruption of the status quo". Akute stressors ontstaan skielik, is geïsoleerde gevalle en hul impak is van korte duur. Tipiese akute stressors sluit in 'n baba se skielike koors na 'n inspuiting of 'n kind se eerste dae by 'n hoë-gehalte skoolprogram. Sommige akute stressors in isolasie, soos 'n kort hospitalisering, word met kortstondige emosionele ontwrigting vir 'n kind geassosieer (Honig, 1986). Smith en Carlson, (1997, p.232) omskryf chroniese stressors as "an ongoing aspect of the internal or external environment". Hier word byvoorbeeld verwys na 'n alkoholis-ouer of 'n ouer wat sy kind mishandel asook deprivasie.

Die erns van die stresgevolge hang deels daarvan af hoe die kind die stressor verstaan en daaroor voel. Sommige kinders word gebore met temperamentele en neurologiese kwesbaarhede wat hul vermoë belemmer om selfs minder ernstige stressors in hul lewens te voorkom, te konfronteer en konstruktief te hanteer. Ouers en onderwysers moet sensitief staan teenoor die *betekenis* wat 'n spesifieke stressor vir 'n spesifieke kind inhou. Omstandighede verander betekenis. Een kind kan die feit dat die vader die huis verlaat, as 'n stressor ervaar, terwyl die ander kind wat deur die ouer mishandel is, die ouer se verlating as gevolg van die egskeiding as 'n verligting ervaar.

Tydens die navorsing wat deur Sorensen (1993) gedoen is om vas te stel watter daaglikse stressors kinders die meeste ervaar, het dit uit 'n inhoudanalise van die data in kinders se dagboeke geblyk dat daar 'n wye verskeidenheid van daaglikse stressors binne drie verskillende domeine voorkom. Die drie domeine sluit in (1) stressors uit situasies, (2) stressors van response binne die self en (3) stressors van andere (Sorensen, 1993). Dit word vervolgens in Tabel 3.1 saamgevat.

Tabel 3.1 Stressors

Domein	Kategorie	Omskrywing
Stressors uit situasies Sluit stressors in waarvan die bron lê in die gebeure en situasies van die alledaagse lewe.	Skool	Stressors van die skoolatmosfeer in die algemeen, sowel as tuiswerk, toetse, skoolprojekte, spesiale werkopdragte en spesifieke skoolvakke. Dit wil voorkom asof die hoof tipe stres in hierdie kategorie verlangde optrede is wat met skool verband hou, waaroor die kind geen keuse of beheer het nie (Sorensen, 1993).
	Huistake	Bekende, voorspelbare take waaroor die kind geen keuse of beheer het nie en / of waarvoor hy / sy 'n algemene afkeer rapporteer, dit wil sê take soos kinderoppassery, klavieroefening en kamerskoonmaak.
	Onderbreking	Lastige, onvoorspelbare onderbreking van planne of gewone aktiwiteite, soos onderbreking van televisiekyk of inkorting van programkeuses, of wanneer die kind moet ophou speel of 'n alledaagse aktiwiteit moet los om te lees, 'n taak te verrig of om iewers heen te gaan.
	Organisatoriese eise	Tyd- of taakeise soos sport, danslesse, ensovoorts (Sorensen, 1993).
	Omgewings-ongemak	Ergernisse soos weerstoestande of spesifieke kossoorte
	Gesondheidsorg-besoeke	Gesondheidsorgbesoeke (tandarts of dokter) hetsy vir roetineondersoeke of siekte, word dikwels as 'n bron van stres gerapporteer.

Stressors van response binne die self Kategorie van intern-gefokusde stressors waargeneem vir die intrapsigiese balans as bedreigings, verliese, uitdagings of ergerisse.	Teleurstelling	Teleurstelling, of om weerhou te word van 'n spesifieke wens of plan – oënskynlike interne bedreigings tot die kind se planne, wense of hoop, sowel as teleurstellings in persoonlike prestasie, byvoorbeeld om nie deel te wees van 'n program nie, 'n wedstryd te verloor, nie met 'n maatjie te kan speel nie, 'n sin van persoonlike verlies wanneer prestasie nie goed was in 'n skoolprojek nie, nie die verwagte punte te behaal nie, of nie so goed as verwag te vaar met krieket of rugby nie (Sorensen, 1993).
	Fisiese simptome	Beserings, siekte of ander fisiese klagtes soos moegheid of honger.
	Kognitief-emosionele ongemak	Spesifieke angs, soos om alleen gelaat te word, gevoelens van 'n gebrek aan beheer (soos wanneer die gesin se motor breek), kwellinge oor gesinsfinansies en 'n sin van onreg (soos wanneer 'n kind in die moeilikheid is oor iets wat eintlik deur die suster of broer gedoen is, of gevra is om 'n taak te verrig wat as onregverdig beskou is), asook onrus, dubbelsinnigheid of verveling. Die bron van stres spruit uit 'n emosionele sentrum of innerlike gevoelsbron, eerder as uit die omgewingsituasie wat met die stressor verband hou.
	Persoonlike verantwoordelikheid	Stressors wat fokus op die kind se teleurstelling in die self, soos laatkommery, of die vergeet van dinge, byvoorbeeld werksopdragte, tuiswerk of huistake. Verder sluit dit ook die verloor of breek van voorwerpe in (die stres van mors van vloeistowwe tydens ete is deur verskeie kinders genoem). 'n Ander voorbeeld wat deur verskeie kinders gelys is, was die persoonlike verantwoordelikhed om punte aan te teken in 'n wedstryd wat verloor word (Sorensen, 1993).

Stressors van ander tipes Hoofsaaklik interpersoonlike verhoudings en samehangende stressors	Vriende	Die kategorie deur die meeste kinders genoteer. Response sluit in beskrywings van optrede van vriende wat pla, sowel as die kwellinge in die verhouding, soos "hulle dink ek geniet myself en dit is nie so nie" of "hulle dink ek is 'n baba".
	Sibbe	'n Beduidende bron van stres vir kinders sowel as ouers.
	Ouerlike eise	Is die stressors van verlangde take of in die moeilikheid wees by die ouers, wat straf vir onaanvaarbare gedrag insluit (soos om kamer toe gestuur te word) of dat die ouer ongelukkig is met die kind.
	Familiekwellinge	Bekommernis oor 'n broer of suster, ouer of grootouer. Ander kwellinge is afwesige gesinslede, soos 'n ouer broer of suster of 'n vader wat elders werk (Sorensen, 1993).
	Skoolonderwyser	'n Bron van stres vir kinders sowel as ouers.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat kinders daagliks stressors ervaar en dat dit van kardinale belang is dat hulle effektief daarmee moet cope om fisies sowel as psigologies 'n gesonde lewe te kan lei.

Navorsing rakende stres word bemoeilik deur die wye verskeidenheid stimuli wat potensieel stresvol is. Die veranderbare intensiteit, duur en die interaksies van die verskillende stressors in 'n kind se lewe verskil ook (Honig, 1986). Stresstimuli kan ontstaan uit interne sowel as eksterne faktore. Interne faktore behels interne konflik in die individu self (bv. teenstrydige behoeftes en motiewe). Eksterne faktore sluit eksterne gebeure of situasies in soos majeure lewenstressors (bv. verlies van 'n maat), traumatiese gebeure (bv. oorlog), chroniese stressors (bv. armoede), alledaagse lastighede (bv. spitsverkeer). 'n Ander voorbeeld is 'n kind wat weens die gesin se onlangse verhuising 'n nuwe skool moet bywoon en 'n nuwe roete skool toe moet stap. Hy / sy kan die roete skool toe as angswekkend ervaar en beheer verloor oor liggaamsfunksies. Stres word met ander woorde gekonseptualiseer in terme van interne sowel as eksterne gebeure of stressors (Lazarus & Folkman, 1984; Zimbardo & Gerrig, 1996).

Voorafgaande tabel 3.1 omskryf die algemene stressors wat kinders ondervind. In 'n egskeidingsituasie word hierdie veelvuldige stressors veel erger deur kinders ervaar. Dit kom voor asof egskeiding slegs 'n situasionele stressor is, maar ander stressors kan ook ontlok word in die proses. Voorbeelde daarvan is onder andere:

Stressors uit situasies:

➤ Skool

Vir 'n kind wie se ouers onlangs geskei is, kan skool 'n beduidende stressor wees. Verhuising weens die egskeiding kan tot gevolg hê dat die kind in 'n ander skool geplaas moet word en die kind kan derhalwe die herinskakeling by 'n nuwe skool en portuurgroep as baie stresvol ervaar. Indien verskille boonop voorkom in skoolstandaarde of selfs vakkeuses, kan dit ook daartoe lei dat die verdere eis van skolastiese aanpassing op die kind geplaas word.

➤ Onderbreking

Omdat egskeiding dikwels tot onvoorspelbare onderbrekings in toekomsplanne en alledaagse aktiwiteite lei, moet die kind weens die verhuising soms die eer van byvoorbeeld om genomineer te wees vir klas- of rugbykaptein verbeur. Soms moet buitemuurse aktiwiteite gestaak word as gevolg van finansiële nood vanweë die ekonomiese druk waaronder die gesin verkeer.

➤ Omgewingsongemak

Egskeiding kan daartoe lei dat die omgewing stresvol is weens volgehoue konflik en onderhandeling. Oor die algemeen vind verhuising na 'n laer sosio-ekonomiese omgewing plaas, wat die kinders gevolglik blootstel aan arm(er) woonbuurte, geweld, armer skole en armer gemeenskapsdienste. Ekonomiese aanpassing noop dikwels die toesighoudende ouer om goedkoper etes voor te sit, wat dan deur die kind as 'n verlaging in lewensstandaard ervaar kan word.

Kleiner, beknopte wonings is dikwels aan die orde van die dag en omdat kinders soms hul eie persoonlike ruimte in die vorm van 'n eie kamer moet prysgee, kan dit 'n beduidende stressor vir so 'n kind wees.

➤ **Fisiese simptome en gesondheidsorgbesoeke**

Kinders kan met fisiese simptome reageer op die spanninge wat deur die egskeiding en gepaardgaande veranderinge veroorsaak word. Fisiese simptome soos byvoorbeeld maagpyn, hoofpyn, pyn in die bors en krampe kom dikwels voor by kinders uit egskeidingsgesinne. Op sy beurt lei hierdie stressor wat deur die egskeiding veroorsaak word, tot ander stressors soos gesondheidsorgbesoeke en 'n verdere finansiële las op 'n gesin wat alreeds onderwerp is aan ekonomiese beperkinge.

Stressors van response binne die self:

➤ **Teleurstelling**

Die kind mag dalk teleurstelling ervaar in homself weens sy onvermoë om die egskeiding te kon afweer, of omdat hy dalk nie 'n ideaal in sy vorige skool kon verwesentlik nie of selfs die persoonlike persepsie van verlies van die ouer wat die huis verlaat het. Onderbrekings in genotvolle aktiwiteite kan ook hieronder ressorteer.

➤ **Kognitief-emosionele ongemak**

Egskeiding kan ook die oorsaak wees van kognitief-emosionele ongemak. Die kind is dikwels bang om alleen gelaat te word omrede hy / sy vrees dat die toesighoudende ouer hom / haar ook sal verlaat. Kinders uit egskeidingsgesinne voel dikwels ook dat hulle geen beheer meer het nie, hulle beskik oor geen beheer oor die egskeiding nie, kan die situasie nie red nie, ensovoorts. Kinders bekommer hulle oor gesinsfinansies en die finansiële nood weens 'n enkele inkomste en onvoldoende onderhoud wat dalk aan die toesighoudende ouer betaal word. Egskeiding kan derhalwe veroorsaak dat die kinders dit ervaar as 'n bedreiging vir hul stabiliteit.

➤ **Persoonlike verantwoordelikheid**

Kinders kan voel dat hulle dalk verantwoordelik was vir hul ouers se egskeiding. Gedagtes soos “as ek net soeter was”, “my beter gedra het”, “beter presteer het”, “minder by maatjies gespeel het”, “meer na ma en pa geluister het” kom by hulle op en dra by tot verdere stres.

Stressors van ander:

➤ **Vriende**

Vriende / maats tree dalk anders op teenoor kinders uit egskeidingsgesinne as voor die egskeiding. Hulle wil nie meer by die huis kom kuier nie, omrede daar probleme is. Maats verstaan maar al te dikwels nie waardeur kinders wie se ouers skei, gaan nie en tree gevolglik nie altyd gepas of begrypend op nie. Hul eie onvolwassenheid lei dus tot ‘n gebrek aan empatie.

➤ **Ouerlike eise en huislike pligte**

Soms ondervind die toesighoudende ouer self probleme om die egskeiding te aanvaar en verwerk en hy / sy vind dit moeilik om die huishouding alleen te hanteer. Die ouer is dan geneig om te veel verantwoordelikheid op die kind te plaas deur van die kind te verwag om baie take in en om die huis te verrig, of die rol van die nie-toesighoudende ouer in te neem.

➤ **Familiekwellinge**

Die kommer oor hul ouers wat weens die egskeiding deur kinders ervaar word, bring mee dat hulle poog om te “help” deur die liefde, omgee en kameraadskap wat hulle aanbied. Kinders is dikwels ook werklik bekommerd oor die afwesige ouer, byvoorbeeld “Het pa kos?”, “Is hy nie eensaam nie?”, “Wat doen pa nou?”, “Is pa nog lief vir ons?”.

➤ **Onderwysers**

Wanneer 'n kind verhuis as gevolg van 'n egskeiding, moet 'n nuwe verhouding eers gebou word met 'n nuwe onderwyser in 'n nuwe skool en dit kan dus gebeur dat die onderwyser glad nie bewus is van die kind se omstandighede nie, of die kind nie ken nie. Weens hierdie onbegrip is hy dan nie so sensitief vir die teenwoordigheid van emosionele problematiek nie, wat tot spanning kan lei.

Egskeiding is dus 'n veelvuldige stres wat vereis dat kinders konstruktief moet kan cope ten einde uiteindelik in psigologies gesonde, goed gebalanseerde volwassenes te ontwikkel.

3.3.1 Die stres-coping-proses

Vervolgens word die verskillende stappe in die stres-coping-proses genoem en kortliks bespreek.

➤ **Stap 1: Die alarmstadium**

Selye se vroeë navorsing (1936) ten opsigte van die alarmreaksie van die liggaam het verwys na 'n algemene stresaanpassingsindroom. Die hart se tempo versnel en hormone soos AKTH (adrenokortikotrofiese hormoon) word vrygestel. Adrenalin word afgeskei om energie aan die liggaam beskikbaar te stel. Hipertensie, ulkuse en gevoelens van absolute uitputting is die liggaam se alarmreaksies op stres. Lewensituasies wat die kind se sekuriteit dus bedreig en pogings tot aanpassing ontlok, ontlok ook beduidende psigosomatiese veranderinge in die funksionering van liggaamswaarsel, organe en liggaamstelsels.

Hierdie fisiologiese veranderinge lei op hul beurt weer tot 'n verlaging van die liggaam se weerstand teen siekte (Rahe, Meyer, Smith, Kjaerg & Holmes, 1964). Kinders wat aan stres blootgestel word, kan gevolglik meer dikwels siek word.

➤ **Stap 2: Die evalueringstadium**

Baie ouers en onderwysers aanvaar dat stressors in 'n kind se lewe maklik geïdentifiseer kan word. Verskille in die *kognitiewe evaluering* van stressors kan egter lei tot duidelike individuele verskille tussen kinders se reaksies op potensiele stressors.

Evaluering verwys na die proses wat vir die persoon betekenis aan 'n situasionele gebeurtenis voorsien (Zegens, 1982). Sommige kinders se emosionele / psigologiese samestelling of waardesisteem (soos oortuigings, verbintenisse en doelwitte) kan hulle meer vatbaar maak om sekere gebeure as hoogs bedreigend vir persoonlike sekuriteit te beskou (Lazarus & Folkman, 1984). Ander kan weer met vreugde reageer op onbekende of onverwagte lewensuitdagings. Primêre taksering verwys na die evaluering van die persoonlike betekenis van die gebeure as positief, neutraal of negatief vir die individu. Sekondêre taksering het te make met die evaluering van vermoëns ter hantering van die stresvolle gebeure of situasie (Lazarus & Folkman, 1984).

➤ **Stap 3: Die soeke na en seleksie van 'n copingstrategie**

Smith en Carlson (1997) omskryf copingstrategieë as aangeleerde en doelgerigte emosionele en gedragsresponse tot stressors, wat gebruik word om aan te pas by die omgewing of om die omgewing te verander. Hierdie stap behels die seleksie van so 'n strategie na oorweging van copingbronne, die stressor, asook die waarskynlikheid dat die copingstrategie effektief sal wees.

As kinders ontoepaslike of ontoereikende versorgers het wat copingstrategieë modelleer, kan spesifieke strategieë slegs op verhoogde stres uitloop. In een gesin, waar vloekery en fisiese geweld tipiese ouerlike response op gesinsfrustrasies was, het die kind die bekende strategieë van vloek en skop goed aangeleer. Dit het egter slegs meer hartseer en stres voortbring toe dit toegepas is op sy graad 1-onderwyseres (Zegens, 1982).

➤ **Stap 4: Die stadium van implementering of uitvoering van copingresponse**

Copingresponse is pogings om lewenstressors en emosionele pyn die hoof te bied (Billings & Moos, 1981). Sommige copingresponse is verdedigingsprosesse, wat 'n ontstellende werklikheid kan verwring of selfs ontken. Kompulsiewe gedrag soos om rigied daarop aan te dring om sekere rituele herhalend te doen, of op slegs een sekere uitleg van 'n kamer, kan wyses wees waarop die kind poog om angstigheid af te weer. Die geselekteerde strategie word aangewend ten einde te cope met die stressors waarmee hy / sy op daardie tydstip gekonfronteer word.

➤ **Stap 5: Die evaluering van die gekose strategie**

Hier word die gekose strategie geëvalueer met betrekking tot die effektiwiteit daarvan in die eliminerings of redusering van die stressor eendersyds en die hantering / beheer van die individuele stresrespons andersyds (Smith & Carlson, 1997).

Hierdie stappe is 'n weerspieëling van individuele alledaagse stresresponse en coping.

3.4 COPING BY KINDERS

Navorsing rakende kinders se coping is relatief recent en geen konseptuele raamwerk word konsekwent gebruik nie.

Daar is konsensus dat teorieë rakende coping oor volwassenes eenvoudig nie toegepas kan word op kinders nie, omrede die stressors waaraan kinders blootgestel word, dikwels verskil en minder kontroleerbaar is as die stressors waaraan volwassenes blootgestel word. Kinders se onvolwassenheid beperk hul vermoë om beide die inherente uitdagings in stresvolle situasies en die aanpassing by hul eie kapasiteit te takseer (Smith & Carlson, 1997).

Voorstanders van voorkoming en vroeë intervensie verleen lank reeds erkenning aan die belangrikheid van vroeë copingervaringe. Sulke ervaringe speel waarskynlik 'n sentrale rol in die vorming van persoonlikheid (Curry & Russ, 1985). Volgens Murphy (1962) ontdek en meet die kind homself deur sy copingervaringe en ontwikkel hy sy eie persepsie oor wie en wat hy is en met watter tyd kan word.

Dit blyk dat die kind sy eie identiteit skep deur pogings om op 'n persoonlike manier vrede te maak met die omgewing. Daar is al gesuggereer dat suksesvolle copingervaringe in die kindertyd versterkend inwerk op die algemene buigsaamheid en weerbaarheid van die kind en sodoende die waarskynlikheid van aanpassende stresbeheer in die toekoms verhoog. Daarteenoor lê die gedagte dat herhaalde mislukkinge om te cope met stres weer kan lei tot frustrasie, angstigheid en die moontlike ontwikkeling van 'n defensiewe rigiditeit, wat die kind predisponeer tot latere aanpassingsprobleme (Curry & Russ, 1985).

Coping by kinders word hieronder verder bespreek met verwysing na verskillende tipes coping (3.4.1), ouderdomsverskille en coping (3.4.2) en geslagsverskille en coping (3.4.3).

3.4.1 Tipes coping

Nog geen konsensus is bereik oor die verskillende tipes coping nie en daar is ook nog nie enige standaard meetinstrument om coping te meet nie.

Die veranderbaarheid in kinders en adolessente se coping met stresvolle gebeurtenisse en hoe hulle oor tyd cope, hang grootliks af van 'n verskeidenheid individuele en kontekstuele eienskappe. Die meeste empiriese studies differensieer tussen *probleem-gefokusde* en *emosie-gefokusde* coping. *Probleem-gefokusde* coping is gerig op probleemoplossing of die direkte wysiging van stresvlakke. *Emosie-gefokusde* coping, daarenteen, verwys na pogings (konstruktief of destruktief) om emosionele spanning wat geassosieer word met 'n probleem te beheer of te verminder. *Probleem-gefokusde* en *emosie-gefokusde* strategieë kan komplementêr en wedersyds fasiliterend wees (Wolchik & Sandler, 1997).

Net soos in die geval van volwassenes word die keuse van strategieë eerstens beïnvloed deur die mate waartoe die stressor as beheerbaar gesien word. Navorsing toon dat *probleem-gefokusde* coping veral toepaslik is in situasies waar die probleem gewysig kan word. *Emosie-gefokusde* coping blyk weer effektiewer te wees in situasies wat buite die individu se beheer lê (Wolchik & Sandler, 1997). Hierdie tipe strategie word meer geredelik deur adolessente en ouer kinders gebruik as jong kinders. Effektiewe coping vir kinders sluit in 'n kombinasie van *emosie-gefokusde* en *probleem-gefokusde* strategieë, wat buigsaam gebruik moet word afhangende van die omstandighede, gegewe dat kinders se coping inherent konteksafhanklik is (Smith & Carlson, 1997).

Kinders gebruik kognitiewe sowel as gedragsinsette, wat óf probleem-gefokus óf emosie-gefokus is, om met stressors te cope. Hulle evalueer die stressors (“dink daaroor”, “vra my Ma”), evalueer hul eie hulpbronne (“dink wat om te doen”), tree sodanig op dat die probleem hanteer of verander word, (“beplan”, “kry dit agter die rug”), of reguleer die emosionele respons (“verander die onderwerp”, “hardloop weg”, “ignoreer dit”, “skop die hond”). Kinders gebruik verskillende strategieë gedurende, tydens en na ‘n stressor, wat demonstreer dat hulle copingstrategieë verander, afhangende van die stadium waarin die stres-coping-proses verkeer (Ryan-Wenger, 1989).

Sommige kinders cope deur internalisering. Kinders met ‘n interne lokus van kontrole sal meer waarskynlik verantwoordelikheid aanvaar vir hul dade.

As hulle hulself wangedra het, sal hulle erken hulle was verkeerd, berou toon en die gevolge van die onaanvaarbare gedrag aanvaar. Ander kinders is weer eksternaliseerders: hulle skryf beheer toe aan die noodlot of andere. Eksternaliseerders sal eerder bot of kwaad optree, met ander baklei, ander beskuldig wanneer hulle self die wangedrag openbaar en min empatie toon met daardie kinders wat hulle dalk seergemaak het. Gedragsaanpassings van kinders wat stres verwerk deur eksternalisering, sal minder gunstig wees as vir kinders wat internaliseerders is (Garmezy, 1981).

Sterk emosionele response op stres kan óf negatief óf positief wees. ‘n Sterk emosionele respons kan ‘n kind se vasberandenheid reflekteer om die stres te beskou as ‘n uitdaging eerder as ‘n bedreiging wat lei tot paniek of emosionele disintegrasie. Sommige copingstrategieë sluit in probleemoplossingsresponse, om pyn af te weer of stres te verminder. By instrumentele coping gebruik ‘n kind vaardighede en kennis om ‘n stresvolle situasie te verbeter. Suksesvolle coping behels ‘n patroon van gedragsresponse waarin moeitevolle soeke na oplossings, direkte aksie en vorming van gebeure opgesluit is (Honig, 1986).

Alhoewel nie alle teoretici daarmee sal saamstem nie, beskryf Lazarus en Folkman (1984) emosionele gedrag as uitkomst van stres eerder as copingstrategieë. Die feit dat kinders tipies minder beheer het as volwassenes oor die meeste van die stressors wat hulle ervaar, kan die emosionele gedrag wat hulle dikwels as strategie gebruik, verklaar en soms selfs nuttig wees in die evaluering van daardie strategie.

Hierdie uitgangspunt vanuit Lazarus se teorie kan uniek wees tot kinders en selfs 'n funksie wees van hul ontwikkelingsvlak en afhanklikheid van andere (Ryan-Wenger, 1989).

3.4.2 Ouderdomsverskille en coping

Uit navorsing blyk dit dat kinders se gebruik van emosie-gefokusde copingstrategieë (pogings om emosionele distres te beheer) oor die algemeen toeneem soos hulle ouer word (Band & Weisz, 1988). Ander navorsing toon egter dat die gebruik van sekere tipes probleem-gefokusde strategieë weer met ouderdom afneem.

Harris en Lipion (1989) vind byvoorbeeld dat sesjarige kinders van konkrete instrumentele strategieë gebruik maak, teenoor tienjariges wat meer op kognitiewe strategieë steun.

Masters (1991) voeg hierby dat jong kinders meer van fisiese interaksie en ander materiële strategieë gebruik maak en ouer kinders meer van kognitiewe strategieë. Voorts benut ouer kinders in vergelyking met jonger kinders 'n groter aantal en verskeidenheid copingresponse. Hulle fokus meer op die positiewe faktore wat met die stressor geassosieer word (Brown, O'Keefe, Sanders & Baker, 1986). Hierdie ontwikkelingsverskille kan waarskynlik deels toegeskryf word aan ouderdomsverwante verskille in kinders se vermoëns om kognisies ter regulering van emosies en stresvolle toestande aan te wend sowel as te verbaliseer (Wolchik & Sandler, 1997).

3.4.3 Geslagsverskille en coping

Een belangrike veranderlike mediator van kinders se stres en coping is dié van geslag.

Joffe (1973) en Thorne (1986) demonstreer dat kinders self aktief tydens spel en verhoudings geslagsverwante gedragpatrone, simbole en eienskappe aanneem. Die meeste induktiewe stres- en copingstudies by kinders openbaar spontane verskille in die rol wat geslag speel by kinders, of ander beskrywende verskille tussen dogters en seuns.

Die bestudering van stres-coping by kinders ontwikkel steeds en dit is dus belangrik dat hierdie geslagsverskille herken en klinies geakkommodeer moet word.

Alhoewel dogters en seuns geen verskil in die *aantal* probleemsituasies ervaar nie, is daar tog bewyse dat hulle hierdie probleemsituasies *verskillend* ervaar. Kanner en kollegas (1991) se persepsie is dat dogters die volgende stresvolle gebeure “kragtiger” of “potensieel erger” as seuns ervaar: ouers wat baklei, inmenging deur sibbe, ongelukkigheid met voorkoms, tergery, verlies aan iets, ouerlike kwellinge, nie weet wat die antwoord in die klas is nie, minderwaardigheidsgevoelens teenoor ander kinders en te min privaatheid.

Ryan-Wenger (1989) toon aan dat seuns meer fisiese aktiwiteite gebruik as copingstrategieë, terwyl dogters meer van emosionele response gebruik maak en hunker na sosiale ondersteuningsgedrag. Die aard van sosiale ondersteuning onder kinders bied interessante geslagsimplikasies. Volgens Bryant (1985) baat dogters uit meer intensiewe, intieme, sosiale betrokkenheid, terwyl seuns meer neig om breër, informele verhoudings aan te knoop. Eweneens rapporteer Waldrop en Halverson (1975) hul waarneming dat die kwaliteit van die verhoudings en sosiale vaardighede onder portuurgroepe onder seuns verband blyk te hou met die aantal vriendskappe, terwyl die veranderlikes by dogters eerder met die intensiteit en intimiteit van portuurverhoudings verband hou. Wertlieb en kollegas (1987) rapporteer ook dat skoolgaande dogters meer waarskynlik ondersteuningsoekende copingreponse meld, teenoor seuns se meer individualistiese of self-georiënteerde coping.

3.5 ‘N TAKSONOMIE VAN DOMEINE EN VERSKILLENDSE COPINGRESPONSE

Navorsing het verskillende kategorieë inductief geïdentifiseer. Die drie domeine van copingpogings rondom kognitiewe gedrag, kognitiewe intrapsige en interpersoonlikheid tree na vore as dié wat die meeste saamvloei met kinders se terugvoer (Kliwer, 1991; Ryan-Wenger, 1992; Sorensen, 1993). Die verskillende copingresponse bestaan dan ook uit drie terreine naamlik die kognitiewe gedragsdomein, die kognitief intrapsigiese domein en die interpersoonlike copingdomein en sal vervolgens bespreek word.

3.5.1 Die kognitiewe gedragsdomein

Dit behels ‘n integrasie van kognitief-emosionele komponente en geassosieerde gedragsmanifesterings in copingresponse en sluit die volgende in:

➤ **Onderdanigheid / uithou**

Hieronder ressorteer 'n gelate emosionele aanvaarding van die stressorsituasie, terwyl response volgens gedrag beskryf word as byvoorbeeld “wag” of “doen wat ek moet doen”.

➤ **Kognitiewe probleemoplossing en besluitneming**

Gedagtes kan fokus op maniere om die stressor te modifiseer, te voorkom of te elimineer. Keuses kan oorweeg word, en daar word gedink aan wyses waarop probleem opgelos kan word, byvoorbeeld: “Ek het gedink wat ek kan doen om die probleem te verbeter.”

➤ **Kognitiewe vermyding**

Pogings om gedagtes aan die probleem te vermy of wyses om dit te ignoreer, soos byvoorbeeld: “Ek het gewens die probleem het nie voorgekom nie,” val onder hierdie kategorie.

➤ **Probleemoplossing**

Benaderings waar stressors direk en aktief gedragskonfronteer is, is byvoorbeeld direkte probleemoplossingspogings om die probleemsituasie te verander deur die omgewing of die self te verander, soos: “Ek het vir my suster gesê sy moet ophou karring aan my.” Sou die bron van stres 'n verlore of stukkende voorwerp wees, word pogings aangewend om dit op te spoor of te herstel.

➤ **Emosionele uitdrukking**

Gevoelens word weergegee in gedragsmanifesterings, soos huil of skreeu om gevoelens uit te druk.

➤ **Afleidingsgedrag**

Sommige individue kan afleidingsgedrag gebruik om die stressor te vermy of te vergeestelik, soos om met iemand anders te speel of iets anders te doen as die aktiwiteit wat die bron van stres betrek.

➤ **Gedragshersiening**

Die kind kan deur middel van gedragshersiening probeer om die evaluering te verander of die persepsie van die stressor te verminder, soos deur voor te gee dat, of deur op te tree asof die stressor nie bedreigend is nie.

➤ **Aggressie**

Probleem- of wanaangepaste gedrag kan manifesteer in reaksie op 'n probleemsituasie, soos kognitiewe, verbale of fisiese aksie met die doel om spesifiek seer te maak of te dreig. 'n Voorbeeld is die seun wat sê: "Toe alles vandag verkeerd loop ... toe skop ek vir Sussie."

➤ **Vermyding**

Aktiewe aksies word uitgevoer as gedragspogings om stresvolle situasies te vermy. Stressors word vermy deur weg te kruip, weg te hardloop of kamer toe te gaan.

➤ **Rebellie**

'n Weiering om onderdanig te wees, te voldoen aan of om die gerapporteerde stressor andersins te verdra, of te presteer in weerwil van die waargenome eise of onregte van die stressorsituasie is 'n vorm van rebellie as copingmeganisme.

➤ **Manipulasie / misleiding**

Doelgerigte manipulasie of misleiding, tergery, bravade, agterbaksheid, verplasing van die blaam na 'n broer of suster, of doelbewuste ontkenning van strafbare gedrag kan tipiese strategieë wees.

3.5.2 Die kognitief intra-psigiese domein

Hierdie domein behels die kategorieë wat emosioneel- of intellektueel- sowel as intern-gefokusde copingstrategieë reflekteer.

➤ **Emosionele / sensoriese response**

Uitdrukkings van innerlike gevoelens soos angs, hartseer of geluk, met geen oënskynlik geassosieerde gedragsaktiwiteite nie, ressorteer onder hierdie kategorie.

➤ **Gedagtehersiening**

Intellektuele of emosionele pogings word gebruik om gedagtes aan bande te lê en persepsies te verander.

➤ **Evaluering van gekose strategie**

Kognitiewe, probleem-gefokusde pogings word gebruik om probleme op te los sonder oënskynlike gedragsuitkomst. Sodanige response sluit in die deurdink, uitredeneer of beplanning van response op stressors.

➤ **Verantwoordelikheid**

Dit is kognitiewe, selfgefokusde gedragsaktiwiteite soos selfblaam, verskoning of aksies om persoonlik 'n situasie te verbeter.

➤ **Emosionele / eksterne fokus**

Ekstern gefokusde response sluit in om oor iets bekommerd te wees, of te wens of te bid vir iets, alhoewel die response nie opgevolg word deur gedrag nie.

3.5.3 Die interpersoonlike copingdomein

Copingpogings waar sosiale ondersteuning die beduidende faktor is, sluit die volgende in:

➤ **Ondersteuning**

Bogenoemde word spesifiek gesoek by “Ma en Pa”, “ander” (insluitend broers en susters, onderwysers en grootouers) en “vriende”. By emosie-gefokusde ondersteuning word ander betrek om te luister na gevoelens / probleme: “Ek het met my ma gepraat oor hoe ek voel.” By probleem-gefokusde ondersteuning word andere op sy beurt betrek om te help soek na moontlike oplossings vir die probleem: “Ek het my vriende gevra om my te help soek na my verlore hond.”

3.6 OPTIMALE COPING

Effektiewe coping in een gekonstitueerde konteks kan volgens Lazarus en Folkman (1984) oneffektief of ontoepaslik wees in ‘n ander konteks. Omdat geen enkele copingstrategie vir alle tipes stres effektief is nie, postuleer Compas (1987) derhalwe dat optimale coping waarskynlik gekenmerk word deur buigsaamheid en verandering.

Die effektiwiteit van ‘n gekose copingstrategie kan voorts ook afhang van veranderlikes soos intensiteit en kontroleerbaarheid van die stresvolle gebeure, die fase waarin die stresvolle gebeure voorkom, beskikbare ondersteuningsbronne, persoonlikheidsfaktore asook waardes (Vitaliano, De Wolfe, Maiuro, Russo & Katon, 1990).

Haan (1982) het vyf eienskappe van suksesvolle coping geïdentifiseer:

- Buigsame, innoverende en kreatiewe responsopsies
- Oorweging van opsies en keuses
- Oriëntering tot realiteit en die toekomstige implikasies van situasies
- Rationele, bewuste oorweging en doelgerigte denke
- Bestuur en beheer van ontstellende, negatiewe emosies

Alle versorgers wat ondervinding het van babas, kleuters en kinders, sal daarvan getuig dat jong kinders (soos Piaget se teorie voorspel) nog nie oor die sekwensionele logiese denkw vermoë of kognitiewe klassifikasievaardighede beskik om sodanige optimale copingprosesse in reaksie op stres toe te laat nie. Suksesvolle coping hang ook af van die interne persoonlikheidskrag en eksterne ondersteuning. Ouers en onderwysers kan effektief optree as beskermers om omgewings te skep met lae stresvlakke, en as fasiliteerders om jong kinders te help om stres beter te hanteer (Honig, 1986).

3.7 COPINGVERANDERLIKES

Drie breë kategorieë copingveranderlikes word onderskei, te wete copingbronne, -style en -strategieë. Sodanige veranderlikes en hul samehang word vervolgens bespreek.

3.7.1 Copingbronne

Copingbronne is relatief stabiele kenmerke /trekke van die individu wat bepaal hoe daardie individu spesifieke stresvolle situasies / gebeure hanteer of daarop reageer. Copingbronne sluit in daardie aspekte van die self (bv. probleemoplossingsvaardighede, interpersoonlike vaardighede, positiewe selfbeeld) en die sosiale omgewing (dit wil sê die beskikbaarheid van 'n ondersteunende sosiale netwerk wat moontlike suksesvolle aanpassing ten opsigte van lewenstres kan fasiliteer (Smith & Carlson, 1997).

Coping word beïnvloed deur die hulpbronne wat gemobiliseer kan word en verskeie is as belangrik geïdentifiseer. Smith en Carlson (1997) maak melding van 'n aantal copingbronne, waaronder eerstens oortuigings en waardes, veral oortuigings rondom persoonlike beheer, werksaamheid en selfwaarde kan dien as 'n hulpbron.

Fisieke en geestelike gesondheid is ook belangrike copinghulpbronne wat die keuse van copingstrategie beïnvloed. Kennis en intelligensie, veral probleemoplossingsvaardighede, is verdere copingbronne. Goeie sosiale vaardighede en kontakte fasiliteer toegang tot sosiale ondersteuning.

Verder kan ekonomiese hulpbronne deure oopmaak na 'n verskeidenheid sekondêre copingstrategieë, soos onder ander vermaak of ander afleidings. Coping word as 'n beskermende faktor gekarakteriseer, maar wanneer coping afwesig is, word dit as 'n risikofaktor beskou (Smith & Carlson, 1997). Volgens Sorensen (1993) spruit kinders se copingbronne voort uit drie hoofdomeine, naamlik sosiaal-fisiese aktiwiteite, emosioneel- / intellektueelbevredigende situasies en sosiale ondersteuning. Die verskillende copingbronne word hieronder in tabel 3.2 uiteengesit:

Deels kan dit die maniere van coping reflekteer wat deur die individu verkies word omdat hulle saamhang met persoonlike waardes, oortuigings en doelwitte (Compas, 1987).

Dit is belangrik om egter te onderskei tussen *copingstrategieë* en *copingstyle*.

Laasgenoemde is relatief onveranderde persoonlikheidseienskappe of die uitkoms van coping eerder as doelbewuste gedrag- of kognitiewe strategieë (Compas, 1987). *Copingstyle* is persoonlikheidstrekke wat selde oor tyd verander, maar so breed is dat hulle neig om swak voorspellers te wees van gedrag in 'n gegewe situasie (Ryan-Wenger, 1989). Wolchik en Sandler (1997, p.11) verwys na *copingstyle* as veralgemeende *copingstrategieë* en definieer dit as “typical, habitual preferences for ways of approaching problems”. Hierdie *copingstyle* is egter belangrik omdat hulle die persepsie dat sekere gebeure stresvol is sowel as die waarskynlikheid dat spesifieke strategieë gekies word om in stresvolle situasies gebruik te word, kan beïnvloed (Compas, 1987).

Voorbeelde van kinders se *copingstyle* sluit in die Maklike Kind, Moeilike Kind en die Stadig-om-op-te-warm Kind, soos geïdentifiseer deur Chess (1967). Ander navorsers het *copingstyle* geïdentifiseer wat volgens 'n breë, unidimensionele kontinuum geëvalueer word, waarvan een kant gewoonlik as aangepas en die ander as wanaangepas beskou word. Voorbeelde van sulke tweeledige *copingstyle* is dié van LaMontagne (1984, 1987) se aktief teenoor vermydend, Miller en Green (1985) se monitering teenoor afstomping, Peterson en Toler (1986) se inligtingsoeke teenoor inligtingvermyding, Rothbaum, Wolfer en Visintainer (1979) se inwaartse teenoor uitwaartse en Zeitlin (1980) se nie-produktiewe teenoor produktiewe, passiewe teenoor aktiewe en rigiede teenoor buigsame style (Honig, 1986). Alhoewel hierdie style die reeks *copingstrategieë* wat kinders waarskynlik sal kies, kan beïnvloed, is hulle besliste fenomene met verskillende teoretiese oorspronge.

Copingstrategieë wat aangeleer kan word, verteenwoordig die inhoud van gedrag, nie die inherente styl nie (Ryan-Wenger, 1989). *Copingstrategieë* word deur Wolchik en Sandler (1997, p.12) gedefinieer as “cognitive and behavioral actions in a specific stressful situation which are intended to manage affective arousal or improve the problematic situation”. *Copingstrategieë* vervul twee belangrike funksies, naamlik (i) hantering (of wysiging) van die probleem en (ii) regulering van die emosionele response op die probleem.

3.8 SAMEVATTING

'n Kerneienskap van menslike ontwikkeling behels die coping met psigo-sosiale stressors. Vanaf die wieg tot volwassenheid word individue deurentyd gekonfronteer met potensieel bedreigende en uitdagende situasies wat aksie en aanpassing vereis. Die beskikbare bronne vir coping met stres en die wyse waarop individue inderdaad cope, kan belangrike faktore wees, wat positiewe groei en ontwikkeling affekteer. In hierdie hoofstuk is daar spesifiek aandag gegee aan coping by kinders uit egskeidingsgesinne, met besondere fokus op sulke kinders se daaglikse stressors (3.3) en die tipes coping wat daar by hulle voorkom, asook die rol wat geslag en ouderdom speel in coping by kinders (3.4).

Daarna het 'n oorsig van die domeine en verskillende copingresponse gevolg (3.5), waarna die eienskappe van optimale coping beskryf is (3.6). Laastens is copingveranderlikes bespreek, met verwysing na copingbronne, -style en -strategieë.

Nadat coping en die verskillende aspekte daarvan in hierdie hoofstuk in besonderhede uiteengesit is vanuit die beskikbare en relevante literatuur oor die onderwerp, word daar vervolgens in hoofstuk 4 gefokus op die metode van die ondersoek vir hierdie navorsing.

HOOFSTUK 4: METODE VAN ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die metode van ondersoek vir die huidige navorsingstudie uiteengesit word. Daar word spesifiek verwys na die navorsingsontwerp, die ondersoekgroep, die meetinstrumente, die navorsingsprosedure en die wyse van data-ontleding wat tydens hierdie navorsing gebruik is. Ten slotte word probleme wat tydens die studie ondervind is, asook die etiese aspekte waarop gelet is, uitgestip.

Hierdie studie vorm 'n onderafdeling van 'n interuniversitêre navorsingsprojek rakende psigologiese weerbaarheid by kinders. Die titel van die oorkoepelende navorsingsprojek is "Psigologiese weerbaarheid by kinders in die laat-middelkindertydperk, in die Suid-Afrikaanse konteks." In hierdie studie word spesifiek gefokus op kinders in die laat-middelkindertydperk uit egskeidingsgesinne se copingmeganismes.

Die metode van ondersoek word in hierdie hoofstuk verduidelik deur eerstens die doelstellings van die navorsing uiteen te sit (4.2) en dan die metode van ondersoek self te verduidelik (4.3) met verwysing na die navorsingontwerp, ondersoekgroep en meetinstrumente. Die navorsingsprosedures word in 4.4 aangebied en navorsingshipoteses word in 4.5 geformuleer. Die statistiese verwerking van resultate volg in 4.6, terwyl praktiese probleme met en etiese aspekte van die ondersoek in onderskeidelik 4.7 en 4.8 verduidelik word.

4.2 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie navorsing is om te bepaal:

1. of daar 'n verskil is tussen die coping van kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit kerngesinne;
2. of daar geslagsverskille bestaan in die coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare; en

3. of daar ouderdomsverskille bestaan in die coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne.

4.3 METODE VAN ONDERSOEK

4.3.1. Navorsingsontwerp

In hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n eenmalige dwarsdeursnitontwerp. In teenstelling met longitudinale ontwerpe (waar data op verskillende tye ingesamel word) behels hierdie tipe ontwerp dat data op 'n spesifieke tyd ingesamel word. Dit spreek dus vanself dat die voordeel van 'n eenmalige dwarsdeursnitontwerp daarin is dat die maksimum inligting in 'n relatief kort tyd ingesamel kan word, terwyl navorsing waarby 'n longitudinale ontwerp aangewend word, meer tydrowend en arbeidsintensief sal wees (Coetzee, Visser, Van Lill, Van Niekerk & Van Staden, 1990).

4.3.2 Onderzoekgroep

- Die populasie het bestaan uit kinders in hul laat-middelkinderjare (graad 4 tot 7), wat uit beskikbare skole in Vaalpark, Kroonstad, Bloemfontein, Potchefstroom, Badplaas, Krugersdorp en Kemptonpark geïdentifiseer is, om die steekproef so omvattend moontlik te maak.

Die seleksie van beskikbare skole was sodanig dat verskeie sosio-ekonomiese substrata en taalgroepe verteenwoordig is en alle bevolkingsgroepe ingesluit is. Uit die beskikbare, geïdentifiseerde skole is 'n steekproef van 1 000 laerskoolleerders geneem.

- **Steekproef**

Klaslyste is gebruik om 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef van laerskoolleerders (graad 4 tot 7) uit die verskillende skole te selekteer. Die hoeveelheid leerlinge wat uit elke graad gekies is, was proporsioneel tot die gewig wat die groep gedra het ten opsigte van die studiepopulasie by die betrokke skool.

Die ouers van die geïdentifiseerde groep het toestemming ontvang en is in die studie ingesluit op grond van hul gewilligheid om daaraan deel te neem. Na afloop van die toetsing is die data vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie verder verdeel in die data van kinders uit onderskeidelik geskeide en intakte gesinne.

Ten spyte van die omvang van die projek, het die praktiese probleme wat tydens die projek ervaar is en die feit dat data-insameling deur verskeie navorsers behartig is, meegebring dat daar vir hierdie spesifieke ondersoek weens onvolledigheid van data net van 653 kinders se data gebruik gemaak kon word, waarvan 73 kinders uit egskedingsgesinne en 580 kinders uit intakte gesinne was.

4.3.3 Meetinstrumente

4.3.3.1 Die Biografiese Vraelys

➤ Rasionaal

Die biografiese vraelys is deur die interuniversitêre span saamgestel vir die spesifieke doeleindes van die navorsingsprojek en deur die biografiese besonderhede van die deelnemende leerders in te samel. Uit hierdie vraelys het die huidige studie die inligting gebruik wat betrekking het op die geslag, ouderdomme en aantal kinders wat hulself in egskedingsgesinne of intakte gesinne bevind.

➤ Aard, administrasie en interpretasie

Die biografiese vraelys sluit 12 vrae in oor geslag, ouderdom, etniese groep, moedertaal, onderwystaal, skoolloopbaan en gesinsomstandighede, waar die deelnemers (leerders) telkens die toepaslike alternatief in die toepaslike ruimte moet aandui. Vrae is gekodeer ten einde nasien van die dataverwerking te fasiliteer.

➤ **Betroubaarheid en geldigheid**

Geen betroubaarheid- of geldigheidsindekse is geïdentifiseer ten opsigte van hierdie vraelys nie, aangesien dit spesifiek vir die huidige projek (ondersoek) ontwerp is en slegs ten doel gehad het om biografiese besonderhede in te samel.

➤ **Motivering vir keuse en gebruik**

In die huidige studie is gepoog om die invloed van onderskeidelik geslag en ouderdom van die kind en die huwelikstaat van die ouers (geskei of ongeskei) op die kind se keuse van copingmeganismes vas te stel. Die doel van die instrument is om die navorser in staat te stel om 'n fyner ontleding van sodanige aspekte te maak.

4.3.3.2 Stress Response Scale – SRS (Chandler, 1986)

➤ **Rasionaal**

Volgens Chandler (1986) bied 'n kind se ervaring van en met stres 'n nuttige paradigma vir kliniese assessering. Die impliseer dat 'n multi-dimensionele assessering aan die volgende aandag moet skenk:

- * Die identifisering van stressors in die kind se lewe.
- * Eksplorاسie van die kind se belewing van bogenoemde stressors.
- * Assessering van die impak van stres op die kind se gesondheid, sowel as akademiese en sosiale funksionering.
- * Assessering van die impak van stres op die kind se gedragsaanpassing (Chandler, 1986).

Chandler (1985a; 1985b) omskryf kinders se copingstyle as hul kenmerkende respons op stres. Hy propageer 'n model gebaseer op twee persoonlikheidsdimensies, te wete aktief-passief en introversief-ekstroversief.

Op grond van hierdie model stel hy die hipotese dat verskeie algemene copingstyle / stresresponspatrone manifesteer tydens die kinderjare, waarvan elk verskillend gesitueer is op 'n kontinuum van aanpassende tot wanaanpassende gedrag. Hierdie copingstyle reflekteer die wyse waarop kinders op stres repondeer (Chandler 1985a; 1985b).

Die SRS is gebaseer op die aannames dat (i) 'n kind se respons op stres 'n gedragsrepons tot 'n spesifieke stimulus / stressor konstitueer en (ii) die simptome van kinders wat emosionele aanpassingsprobleme manifesteer, ekstreme voorbeelde van wanaanpassende coping verteenwoordig. Die skaal is dus deur Chandler (1986) ontwerp ten einde inligting te bied met betrekking tot die impak van stres op die kind se gedragsaanpassing asook sy copingstyl / stresrespons. Hierdie doelwit word met behulp van hierdie instrument op 'n tweeledige wyse bereik. Ten eerste word die omvang van wanaanpassing daardeur bepaal. Tweedens beskryf dit die tipe gedragspatroon wat in respons op stres kan manifesteer. Chandler (1986) identifiseer die volgende vier moontlike gedragspatrone:

- * Afhanklik – nie assertief, gebrekkige selfvertroue, neem selde deel aan aktiwiteite
- * Impulsief - veeleisend, selfsugtig, gereelde woede-uitbarstings, onnutsig, spraaksaam
- * Passief-aggressief – onderpresteer, nie-koöperatief, hardkoppig
- * Onderdruk (“repressed”) – sensitief, bekommerd, hiperwaaksam, gebrekkige selfvertroue, bang vir nuwe situasies, word maklik ontstel.

Vanuit hierdie perspektief postuleer Chandler (1986) dat aanpassingsprobleme beskou kan word as wanaangepaste stres hantering- of coping pogings / copingstrategieë.

➤ **Aard, administrasie en interpretasie**

Die SRS is 'n 40-item gedragsgradering-/beoordelingskaal. Items word gegradeer op 'n 6-punt skaal wat strek van 0 = *nooit* tot 5 = *altyd*. Dit word algemeen gebruik vir kinders tussen 5 en 14 jaar, alhoewel eksperimentele norme beskikbaar is vir kinders en adolessente tot en met 18-jarige ouderdom.

Normaalweg word die skaal ingevul deur iemand wat bekend is met die kind se gedrag, byvoorbeeld 'n ouer of onderwyser. Items is ontwerp om nie spesifiek te wees ten opsigte van die kind se huis of skool te nie.

Twee aparte prosedures word ten opsigte van die nasien van die instrument gebruik. Die eerste prosedure word gebruik om die telling te bereken en die tweede vir die berekening van die subskaaftellings, naamlik:

1. Impulsief (na-buite-lewend / "Acting-out" – A)
2. Passief-aggressief
3. Impulsief (Ooraktief / "Over-active" – O).
4. Onderdruk ("Repressed")
5. Afhanklik.

Die eerste telling word bereken deur die toegekende waardes (0-5) van die items bymekaar te tel. As gevolg van positiewe konnotasies word items 20, 23, 27, 31, 36, 38 en 39 omgekeerd nagesien (byvoorbeeld 0=5, 1=4 ensovoorts). By wyse van die normtabelle kan die Totale Routelling dan omgeskakel word in óf 'n T-telling, óf 'n persentielrang. In hierdie ondersoek is van die totale routelling gebruik gemaak.

Elke subskaaftelling word gedelineer deur 'n groepering van geselekteerde items vanuit die skaal. Subskaaftellings kan bereken word deur weer eens die toegekende waardes (0-5) van elke relevante item gelys op die nasienblad bymekaar te tel. As gevolg van positiewe konnotasies of negatiewe faktorladings word sommige van die items omgekeerd nagesien. Sodanige items is op die nasienblad met 'n "R"-suffiks geïdentifiseer. Op hierdie wyse word 'n profiel verkry van die kind se gekose responspatroon.

Ofskoon daar in hierdie studie van die hand-nasienmetode gebruik gemaak is, kan die SRS ook in gevalle van groot datastelle met behulp van 'n rekenaarpakket nagesien word.

Die totaalstelling van die SRS bied die beste meting van die omvang van wanaanpassing, terwyl die subskaaltellings betekenisvol blyk te wees in die beskrywing van gekose stresresponspatrone (Chandler, 1986). In albei gevalle dui die hoër tellings in die rigting van meer wanaanpassing, of 'n groter geneigdheid tot daardie patroon.

➤ **Betroubaarheid en geldigheid**

Chandler (1986) rapporteer toereikende toets-hertoetsbetroubaarheid.

Spesifieke indekse was soos volg:

- * Totaalstelling : 0.86 – 0.87
- * Impulsief (A) : 0.79 – 0.83
- * Passief-aggressief : 0.83 – 0.70
- * Impulsief (O) : 0.72 – 0.83
- * Onderdruk : 0.78 – 0.80
- * Afhanklik : 0.73 – 0.87

Chandler (1986) sowel as Bartolomucci (soos aangehaal deur Chandler, 1986) maak melding van bevredigende Alpha-koëffisiënte ('n meting van interne konsekwentheid), te wete 0.74 en 0.89. Ten opsigte van interbeoordelaar-ooreenstemming (met ander woorde tussen ouers en onderwysers) meld Chandler (1986) die volgende spesifieke indekse (bereken by wyse van Pearson Produktmomentkorrelasies):

- * Gemiddelde ooreenstemming op die Impulsief (A) skaal : $r = 0.72$
- * Gemiddelde ooreenstemming op die Onderdruk-subskaal : $r = 0.54$
- * Gemiddelde ooreenstemming op die Afhanklikheid-subskaal : $r = 0.45$
- * Swak ooreenstemming op die Impulsief (O)-subskaal : $r = 0.24$

Gebaseer op 'n verskeidenheid navorsingsprojekte rapporteer Chandler (1986) uiteenlopende resultate ten opsigte van geldigheid. Oor die algemeen wil dit egter voorkom asof die SRS voldoen aan al die vereistes vir toereikende konstruktgeldigheid, inhoudsgeldigheid, konkurrente geldigheid, diskriminante geldigheid, asook kriteriumverwante geldigheid.

➤ **Motivering vir die keuse en gebruik**

Chandler (1986) argumenteer dat die SRS, in die lig van die toereikende psigometrieëse eienskappe daarvan, betekenisvol aangewend kan word vir die insameling van inligting wat dan uiteindelik 'n kardinale rol sal speel ten opsigte van:

- * Toenemende insig in die kind
- * Die ontwerp van effektiewe, voortydige intervensies gemik op die ontwikkeling van meer toepaslike stresshanteringsresponse
- * Algemene gedragsbeheerriglyne vir ouers, onderwysers en ander betekenisvolle volwassenes ten opsigte van die hantering van kinders met soortgelyke stresrespons- en gedragspatrone
- * Omvattende lewenstres-assosiëring.

Die SRS dra dus by tot groter begrip van die kind se ervaring van en respons op stres, oftewel die kind se coping. Laasgenoemde is een van die hoofkonstrukte waarop in hierdie ondersoek gefokus is. Chapman (1986) koppel byvoorbeeld sekere copingstrategieë aan die subskale en wel soos volg:

- * Afhanklike respons – gelate aanvaarding
- * Impulsiewe respons – emosionele ontlading
- * Passief-aggressiewe respons – ontwikkeling van alternatiewe belonings
- * Onderdrukte (“repressed”) respons - kognitiewe vermyding.

Die kontinuum van copingeffektiwiteit strek van aanpassend tot wanaanpassend. Wanaanpassende coping verhoog met verloop van tyd die waarskynlikheid van negatiewe ontwikkelingsuitkomst.

Dus kan gedragsimptome soos impulsiwiteit, passiewe aggressie, afhanklikheid of repressie (die subskale van die SRS) beskou word as óf voorbeelde óf resultate van gebrekkige coping (Carson & Bittner, 1994) en voortydige identifisering en remediëring daarvan kan tot voordeel van die kind strek.

4.4 NAVORSINGSPROSEDURE

4.4.1 Oriëntering

Die huidige studie maak deel uit van 'n interuniversitêre navorsingsprojek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (P.U. vir C.H.O.) en die Universiteit van die Vrystaat (U.V.), onder leiding van Dr. E. van Rensburg en R. Beukes. Verskeie beplanningsareas is tussen die deelnemers van die projek gehou en die meetinstrumente is gesamentlik bekom. Die deelnemers aan die projek het elk 'n streek en skool geïdentifiseer ten einde die studie so omvattend en verteenwoordigend moontlik te maak. Die studie sluit stedelike en plattelandse gebiede, asook verskillende taal- en bevolkingsgroepe in.

4.4.2 Fases in die navorsingsproses

Die ondersoek is in die volgende fases uitgevoer en afgehandel:

Fase 1:

Die skoolhoofde van die beskikbare, geïdentifiseerde skole is genader om hul samewerking te verkry. Die kinders in die ondersoekgroep is met behulp van 'n verteenwoordigende steekproef geselekteer vir deelname. Inligtingsbriewe (sien **Bylae A**), wat die doel van die ondersoek uiteensit, is aan die ouers gestuur ten einde hul toestemming tot deelname aan die projek te verkry.

Fase 2:

Die SRS is in klein groepe (as deel van 'n toetsbattery) afgeneem, onder toesig van psigometrici.

Fase 3:

Vraelyste is deur die toetsafnemer nagesien en die data is deur die Statistiese Konsultasiediens van die P.U. vir C.H.O. verwerk.

Fase 4:

Vir die doeleindes van die huidige studie is die data verdeel in twee groepe, naamlik kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit intakte gesinne. Hierdie twee groepe en twee meetinstrumente uit die toetsbattery, naamlik die biografiese vraelys en die *Stress Response Scale (SRS)* is gebruik om die doelstellings vir die navorsingstudie tot uitvoer te bring.

4.5 NAVORSINGSHIPOTESSES

Die navorsingshipoteses is soos volg:

Die eerste hipotese:

Die Nul-hipotese (H_0):

Daar bestaan nie 'n verskil tussen die gemiddelde coping van kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit intakte gesinne nie.

Die Alternatiewe Hipotese (H_2):

Daar bestaan 'n verskil tussen die gemiddelde coping van kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit intakte gesinne.

Die tweede hipotese

Die Nul-hipotese (H_0):

Geen geslagsverskille bestaan ten opsigte van die gemiddelde coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare nie.

Die Alternatiewe Hipotese (H_2):

Daar bestaan geslagsverskille ten opsigte van die gemiddelde coping van kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare.

Die derde hipotese:

Die Nul-hipotese (H_0):

Geen ouderdomsverskille bestaan ten opsigte van die gemiddelde coping van kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare nie.

Die Alternatiewe Hipotese (H_2):

Daar bestaan ouderdomsverskille ten opsigte van die gemiddelde coping van kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare.

Die doelstelling van hierdie navorsingstudie is om die nul-hipoteses te verwerp en sodoende die alternatiewe hipoteses te aanvaar.

4.6 STATISTIESE VERWERKING VAN RESULTATE

Die resultate van die vraelyste en skale is ontleed by wyse van t-toetse vir die bepaling van statistiese beduidenheid. Cohen se formule (Cohen, 1977) is gebruik om die praktiese betekenisvolheid te bepaal van die verskille in gemiddelde coping by onderskeidelik kinders uit geskeide en intakte gesinne en seuns en dogters uit egskeidingsgesinne.

Dit is verder ook gebruik om die praktiese betekenisvolheid van ouderdomsverskille in coping uit egskeidingsgesinne te bepaal. Genoemde statistiese tegnieke sal vervolgens kortliks toegelig word.

4.6.1 Die t-toetsmetode om te bepaal of daar enige verskille is tussen die gemiddelde coping van kinders uit intakte en egskeidingsgesinne, asook verskille tussen geslagte en verskille tussen ouderdomsgroepe uit egskeidingsgesinne

T-toetse vir onafhanklike groepe as statistiese tegniek is gebruik, aangesien daar in hierdie navorsingstudie gepoog is om telkens die verskille aan te toon in die gemiddelde coping van twee groepe (onderskeidelik kinders uit geskeide en intakte gesinne, tussen seuns en dogters asook tussen 9/10-jariges en 11/12-jariges).

Met behulp van hierdie tegniek word aandag geskenk aan die verskil tussen twee populasiegemiddeldes, dit wil sê $\mu_1 - \mu_2$ (Spatz, 2001). Daar word aangeneem dat die tersaaklike populasies normaal verdeel is.

Indien die nul-hipotese ($H_0 : \mu_x = \mu_2$) waar is, kan enige verskil tussen die twee populasiegemiddeldes aan toeval toegeskryf word. Die betekenispeil word geskik gekies en gee die maksimum waarskynlik om die nulhipotese te verwerp as dit waar is. Die t-waarde (die verskil tussen gemiddeldes, gedeel deur die standaardfout daarvan) word bereken en hierdie t-waarde word vergelyk met 'n kritieke waarde van t in die t-tabel.

Indien die t-waarde (uit die data bepaal) groter is as die kritieke waarde, word die nul-hipotese verwerp en die gevolgtrekking gemaak dat die twee steekproewe afkomstig is van populasies met verskillende gemiddeldes (Spatz, 2001).

Volgens Spatz (2001) kan die berekende waarde van t soos volg beraam word:

STAP 1:**Stel die statistiese hipoteses:**

$$H_0 : \mu_1 = \mu_2$$
$$(H_0 : \mu_1 - \mu_2 = 0)$$

$$H_1 : \mu_1 \neq \mu_2$$
$$(H_1 : \mu_1 - \mu_2 \neq 0)$$

Waar die verskillende simbole die volgende betekenisse dra:

H_0 : Die nul-hipotese.

H_2 : Die nie-rigtinggewende alternatiewe hipotese.

μ_1 : Die gemiddelde van toetstellings wat behaal is op die SRS, wat coping meet: by kinders uit intakte gesinne (hipotese 2); by seuns uit egskeidingsgesinne (hipotese 2), sowel as coping by 9/10-jariges uit egskeidingsgesinne.

μ_2 : Die gemiddelde van toetstellings wat behaal is op die SRS, wat coping meet: by kinders uit intakte gesinne (hipotese 2); by dogters uit egskeidingsgesinne (hipotese 2), sowel as coping by 9/10-jariges uit egskeidingsgesinne.

STAP 2:

Beraam die berekende waarde deur die berekeningsformule te gebruik.

Die formule vir die berekening van die t-toets vir ewekansige, onafhanklike populasies is soos volg:

$$t = \frac{x_1 - x_2}{s_{x_1 - x_2}}$$

waar die simbole die volgende betekenis dra:

t : Verteenwoordig die t-waarde.

$x_1 - x_2$: Stel die verskil in die gemiddeldes van die twee steekproewe voor.

$s_{x_1 - x_2}$: Die standaardfout van die verskil tussen die twee steekproefgemiddeldes.

STAP 3:

Bereken die grade van vryheid en bepaal die kritieke waarde

Die grade van vryheid kan met behulp van die volgende formule bereken word:

$$GVV = n - 2 = n_1 + n_2 - 2$$

waar die simbole die volgende betekenis dra:

GVV : Grade van vryheid.

n : Die totale steekproefgrootte.

n_1 : Die steekproefgrootte van onderskeidelik: kinders uit intakte gesinne (vir hipotese 1); seuns uit egskeidingsgesinne (vir hipotese 2), en 9/10-jariges uit egskeidingsgesinne (vir hipotese 3).

n_2 : Die steekproefgrootte van onderskeidelik: kinders uit egskeidingsgesinne (vir hipotese 1); dogters uit egskeidingsgesinne (vir hipotese 2), en 9/10-jariges uit egskeidingsgesinne (vir hipotese 3).

Uit die t-tabel kan die waarde van t nou afgelees word deur gebruik te maak van die grade van vryheid.

STAP 4:

Bepaal of die verskil in die populasiegemiddelde statisties betekenisvol is.

Onder normale omstandighede word die betekenispeil 0.05 (waar dit die verwerpingsgebied spesifiseer) as beslissingsreël aanvaar. 'n Verskil word as statisties beduidend (op 'n 5 % betekenispeil) beskryf indien die kritieke waarde kleiner is as die beraamde t-waarde (in hierdie studie sal na P-waardes verwys word). Indien t groter is as die kritieke waarde, word die nul-hipotese verwerp en die alternatiewe hipotese aanvaar (Huysamen, 1981).

4.6.2 Cohen se tegniek vir die bepaling van praktiese betekenisvolheid van verskille in coping by onderskeidelik kinders uit intakte en egskeidingsgesinne; seuns en dogters uit egskeidingsgesinne sowel as 9/10-jariges uit egskeidingsgesinne

Ten einde uitsprake oor betekenisvolheid te vergemaklik, beveel Steyn (1991) die gebruik van die gestandaardiseerde verskil aan. Dit verwys na "... die verskil tussen twee gemiddeldes (of 'n gemiddelde vanaf 'n gegewe waarde) gedeel deur die standaardafwyking" (Steyn, 1999, p.3).

Laat μ_1 en μ_2 twee populasies se gemiddeldes voorstel, terwyl σ die (gemeenskaplike) standaardafwyking is, dan is die gestandaardiseerde verskil (d):

$$d = \frac{\mu_1 - \mu_2}{\sigma}$$

Hierdie waarde, d, word ook die effekgrootte van die verskil in populasies genoem. Cohen (soos aangehaal deur Steyn, 1999), noem dit d en gee ook riglyne (met die nodige regverdiging) vir die beoordeling daarvan, te wete:

- $|d| = 0.2$: Klein effek, wat beteken dat die resultaat as nie-betekenisvol beskou kan word.
- $|d| = 0.5$: Matige effek, wat moontlik op betekenisvolheid dui.
- $|d| \geq 0.8$: Groot effek, wat beteken dat die resultate betekenisvol en van praktiese belang is.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal gelet word op effekgroottes wat op 'n matige of groot effek dui.

4.7 PRAKTIESE PROBLEME ONDERVIND IN DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van die omvang van hierdie navorsingsprojek en die feit dat verskeie groepe navorsers die databasis gebruik het, is verskeie probleme gedurende die data-insameling en –ontleding ondervind, naamlik:

1. Die koördinering van tydskedules het verskeie probleme veroorsaak, aangesien sommige ondersoekers hul data vinniger as andere ingesamel het en derhalwe vroeër gereed was vir die statistiese verwerking daarvan. Die groot afstande tussen ondersoekers het hier 'n rol gespeel.
2. Sommige vraelyste is onvolledig voltooi.
3. Met die insleutel van die data is verskeie probleme ondervind deurdat nie al die navorsers dieselfde rekenaarpakket en formaat gebruik het nie.

Die huidige navorser het egter die voordeel geniet van 'n wyer spektrum data en inligting as gevolg van die groot hoeveelheid literatuur en data wat tydens hierdie projek deur die onderskeie navorsers ingesamel is.

4.8 ETIESE ASPEKTE

Die etiek van hierdie navorsing is verseker deur die volgende maatreëls toe te pas:

1. Ingeligte toestemming is van die ouers as ook die skoolhoofde verkry.
2. Deelname aan die navorsing was vrywillig.
3. Die toetse is afgeneem deur sielkundiges, intern-sielkundiges en psigometrici.
4. Alle data rakende deelnemers is as anoniem hanteer ten einde die identiteit van die deelnemers te beskerm.
5. Daar was geen veiligheidsrisiko aan die navorsing verbonde nie.

4.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die empiriese ondersoek uiteengesit met verwysing na die ontwerp, ondersoekgroep, meetinstrumente, prosedure en wyse van statistiese ontleding van die gegewens. In die volgende hoofstuk sal die resultate van die ondersoek uiteengesit en geïnterpreteer word.

HOOFSTUK 5: RESULTATE EN INTERPRETASIE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek uiteengesit en geïnterpreteer. Eerstens word die biografiese gegewens van die totale groep, soos van toepassing op hierdie studie, uiteengesit. Daarna word die resultate volgens die volgende doelstellings bespreek en vergelyk met vorige navorsingsbevindings.

Die doelstellings van hierdie studie, soos ook vroeër in hoofstuk 4 uiteengesit, is soos volg:

1. Om te bepaal of daar 'n verskil is tussen die gemiddelde coping van kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit intakte gesinne.
2. Om te bepaal of daar geslagsverskille bestaan in die gemiddelde coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare.
3. Om te bepaal of daar ouderdomsverskille bestaan in die gemiddelde coping van Suid-Afrikaanse kinders uit egskeidingsgesinne in die laat-middelkinderjare.

5.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS VIR DIE TOTALE GROEP

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is die volgende data uit die biografiese vraelys gebruik:

5.2.1 Ouderdomsverspreiding van die totale groep vir hierdie studie

Die ouderdomsverspreiding word in tabelvorm (tabel 5.1) weergegee:

Tabel 5.1 Ouderdomsverspreiding		
Ouderdomsgroep	Aantal	% van die totale groep
9 jaar	121	13.15
10 jaar	213	23.15
11 jaar	205	22.29
12 jaar	231	25.11
13 jaar en ouer	150	16.30

Die kinders in hierdie groep is in hulle laat-middelkinderjare, met 70 % van hulle tussen die ouderdom van 10 en 12 jaar en 16 % wat 13 jaar en ouer is. Die 9-jarige kinders het slegs 13 % van die steekproefpopulasie verteenwoordig.

5.2.2 Verspreiding van ouers se huwelikstatus

Volgens die data verkry vir hierdie populasie, is die oorgrote meerderheid van kinders afkomstig uit intakte gesinne. Dit is ook duidelik sigbaar uit tabel 5.2

Tabel 5.2 Verspreiding van ouers se huwelikstatus	
Aantal kinders uit intakte gesinne	Aantal kinders uit egskeidingsgesinne
89 %	11 %

5.2.3 Geslagsverspreiding van die totale groep vir hierdie studie

In hierdie ondersoek was daar effens meer dogters as seuns, soos sigbaar uit die volgende geslagsverspreiding van die groep:

Tabel 5.3 Geslagsverspreiding van die totale groep	
Dogters in die totale groep	Seuns in die totale groep
531	392
57.53 %	42.47 %

5.3 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 1:

Verskille tussen die gemiddelde coping van kinders uit geskeide en intakte gesinne

Tabel 5.4: Vergelyking van verskille tussen die gemiddelde coping van kinders uit geskeide en intakte gesinne

Veranderlike	Kinders – intakte gesinne			Kinders – egskeidingsgesinne			p-waardes	Cohen-effek (d)
	n	Ge-middeld	Standaard afwyking	n	Ge-middeld	Standaard afwyking		
SRSA	580	19.99	8.43	72	20.90	9.30	0.43	0.10
SRSP	580	19.18	9.73	73	17.41	9.75	0.14	0.18
SRSO	580	24.71	5.60	73	25.41	6.02	0.34	0.12
SRSR	580	10.61	4.44	73	10.28	4.83	0.57	0.07
SRSD	580	13.90	4.09	72	13.05	4.04	0.09	0.20

SRSA : Impulsief (“Acting-out”)
 SRSP : Passief-Aggressief
 SRSO : Impulsief (Ooraktief)
 SRSR : Onderdruk (“Repressed”)
 SRSD : Afhanklik (“Dependent”)

* Statisties beduidend op 5 % vlak
 ** Statisties beduidend op 1 % vlak
 *** Medium of groot effek

Geen betekenisvolle verskille is ten opsigte van die gemiddeldes van copingmeganismes van kinders uit geskeide en intakte gesinne gevind nie.

Dit impliseer dat die kinders in hierdie populasies se copingmeganismes baie ooreenstem. Kinders hanteer 'n verskeidenheid stressors (byvoorbeeld as gevolg van egskeiding) wat beheerbaar sowel as onbeheerbaar is. Dit is baie waarskynlik dat kinders se aanpassende copingpogings onderskat word.

Die bevindinge van hierdie studie is teenstrydig met die betekenisvolle verskille wat 'n aantal vorige navorsers aantoon ten opsigte van die copingmeganismes en strategieë van kinders uit geskeide en intakte gesinne (Wallerstein et al., 2000; Amato & Keith, 1991; Hetherington, Cox & Cox, 1982; Amato, 2000).

Moontlike verklarings vir die resultate wat verkry is, is die volgende:

- (i) Psigologiese weerbaarheid (Cowen & Work, 1988, p.543), veral by kinders, word toenemend die fokuspunt van navorsing op die gebied van geestesgesondheid. Die resultate wat verkry is in die huidige studie is teenstrydig met die meerderheid navorsing wat rapporteer (impliseer) dat kinders deur egskeiding getraumatiseer (negatief beïnvloed) word. Dit wil voorkom asof kinders uit egskeidingsgesinne nie so sleg daaraan toe is na 'n egskeiding nie en dat hulle dalk psigologies weerbaarder is as wat aanvanklik verwag is.

Uit die resultate blyk dit dat daar geen verskille is tussen die copingmeganismes van kinders uit egskeidingsgesinne en dié uit intakte gesinne nie. 'n Egskeidingsituasie konfronteer voortdurend die kind met eise, stressors, uitdagings en geleenthede wat 'n rol speel by die ontwikkeling van psigologiese weerbaarheid. Navorsing deur Gilbert (2002) het ook geen betekenisvolle verskille opgelewer ten opsigte van kinders uit geskeide en intakte gesinne se belewing van sosiale ondersteuningsbronne nie. Verder het Kalanjee (2001) se navorsing rakende verskille in die selfkonsep van kinders uit geskeide en intakte gesinne ook geen prakties betekenisvolle verskille opgelewer nie.

Dit wil voorkom asof die meeste van die navorsing wat gedoen is met betrekking tot die effek wat egskeiding op kinders het, meer spesifiek op die negatiewe effekte wou fokus.

Ten spyte van die erkenning en bewyse wat suggereer dat egskeiding wel 'n ernstige negatiewe effek op kinders het, word daar vandag toenemend meer belangstelling getoon in die fenomeen dat kinders inderdaad in staat is om baie van die hindernisse wat hulle beleef, suksesvol te bowe te kom, alhoewel hulle uit egskeidingsgesinne afkomstig is. Hierdie belangstellingstoename kom voor in 'n tyd waar navorsing in die psigologie besig is om 'n paradigmaskuif te ondergaan. In plaas daarvan dat die primêre fokus op siekte en disfunksie is, begin meer en meer navorsers (Witmer & Sweeney, 1992) hul aandag toespits op daardie aspekte wat individue gesond hou. Om hierdie rede begin navorsers (Coontz, 2001) tans sommige van die bevindinge van Wallerstein en haar kollegas bevraagteken. Hierdie navorsers (Coontz, 2001; Horin, 2000) glo dat, alhoewel baie van die gevolgtrekkings van Wallerstein et al. (2000) gemaak het, geldig is, daar 'n groot gaping in die navorsing bestaan met betrekking tot kinders wat in staat is om die egskeidingsondervinding met relatief min letsels te oorleef.

Van die kritiek wat Coontz (2001) met die bevindinge van Wallerstein et al. (2000) het, was die feit dat baie van die steekproewe gekom het uit gesinne wat alreeds probleme ervaar het. Baie van die gedragsprobleme wat kinders na 'n egskeiding openbaar, was inderdaad reeds lank voor die egskeiding sigbaar. Dit is moontlik dat dit nie deur die egskeiding veroorsaak word nie, maar deur langdurige gesinskonflik of selfs deur gene wat sekere ouers en hul kinders predisponeer om psigologiese probleme te ervaar (Cherlin et al. 1998; O'Connor et al. 1999). Coontz (2001) wys ook daarop dat die oorsig van die kwantitatiewe ontleding van Amato en Keith (1991) ook getoon het dat die effek oor die algemeen nie so groot was as wat aanvanklik deur Wallerstein aangevoer was nie, alhoewel daar 'n duidelike verband bestaan tussen egskeiding en 'n kind se welsyn.

Brennan (1997) het bevind dat, alhoewel 'n kind se algehele geestesgesondheid oor die algemeen binne die eerste paar maande na die egskeiding swakker is, dit oor tyd na gemiddelde vlakke terugkeer / ("rebound") / herstel. Hierdie bevindinge strook ook met Hetherington et al. (1982) se bevindinge, naamlik dat die oorgrote meerderheid kinders uit egskeidingsgesinne in haar studie sosiaal sowel as psigologies goed aangepaste volwassenes geword het.

Bogenoemde navorsing hang nou saam met en kan moontlik dien as 'n verklaring vir die resultate wat in hierdie studie verkry is. Die kinders uit egskeidingsgesinne wat in hierdie studie gebruik is, het waarskynlik reeds na normale funksioneringsvlakke teruggekeer ("rebounded"). Dit steun dus die resultate van hierdie navorsing, naamlik dat egskeiding nie werklik ernstige langtermyn gevolge vir kinders inhou nie.

- (ii) Die meeste navorsing rapporteer egskeiding se nadelige effek op kinders se lewens, teenoor bestendigheid wat kinders in intakte gesinne ervaar. Daar moet egter gelet word op verskeie kwalifiserende aspekte. Die belangrikste is dat die gemiddelde verskil (soos ook in hierdie studie bevind) tussen kinders uit egskeidingsgesinne en intakte gesinne baie klein is.

Amato (1994) wys daarop dat gemiddelde verskille nie beteken dat alle kinders uit egskeidingsgesinne slegter daaraan toe is as kinders uit intakte gesinne nie. Daar is wel gemiddelde verskille, maar daar is meer ooreenkomste as verskille. Hetherington et al. (1993) rapporteer dat die meeste kinders uit egskeidingsgesinne goed cope, maar meer kinders in hierdie groep ondervind probleme met coping en sal waarskynlik hulp nodig hê as kinders uit intakte gesinne.

Daar is meer ooreenkomste as verskille, ten spyte daarvan dat die algehele resultate van hierdie studies dalk suggereer dat kinders uit egskeidingsgesinne oor die algemeen meer probleme as kinders uit intakte gesinne ervaar. Dit suggereer dat egskeiding nie so 'n ernstige stressor vir sommige kinders is as ander dinge wat gedurende die kinderjare kan skeefloop nie. Egskeiding kan 'n ernstige stressor wees vir sommige kinders, wat uitloop op 'n aansienlike nadeel en daling in welsyn, terwyl ander kinders die egskeiding weer as redelik onbelangrik kan ervaar. Sommige kinders kan selfs 'n verbetering na die egskeiding toon (Hughes, 1996).

- (iii) Egskeiding het baie meer aanvaarbaar en makliker geword, en kinders se reaksie toon groter weerbaarheid wat hulle goed daardeur dra, en hulle herstel vinniger en meer volledig.

- (iv) Uit vergelykings van vorige studies met meer resente studies wil dit voorkom asof groepe kinders deesdae minder ernstige effekte toon en beter coping manifesteer as vroeëre groepe (soos ook bevind in hierdie studie). Twee verduidelikings kan moontlik hiervoor aangevoer word:

Eerstens het egskeiding meer aanvaarbaar geword soos egskeiding meer algemeen geword het. Kinders voel dus waarskynlik minder gestigmatiseer en sal dit dus makliker vind om by andere in soortgelyke omstandighede ondersteuning te vind.

Tweedens is dit ook moontlik dat pare wat verskeie dekades gelede geskei is, weens die sterker wetlike en sosiale hindernisse wat in die verlede teen egskeiding bestaan het, waarskynlik voor die skeiding ernstiger probleme gehad en meer konflik ervaar het as pare wat vandag skei.

- (v) Die data vir die doeleindes van hierdie studie is deel van interuniversitêre navorsingstudie en gevolglik is die steekproefpopulasie en die toetsbattery nie spesifiek vir hierdie navorsing saamgestel nie. Daar is nie spesifiek navraag gedoen oor die tydsverloop sedert die egskeiding plaasgevind het nie en die moontlikheid bestaan dus dat die kinders in hierdie steekproef afkomstig is uit gesinne waar daar al 'n geruime tyd verloop het sedert die egskeiding.
- (vi) Hetherington (soos aangehaal deur Saposnek, 2002), het bevind dat die oorgrote meerderheid kinders binne twee jaar na hul ouers se egskeiding weer bevredigend funksioneer en psigologies gesond is.
- (vii) Verskillende metodologiese studies het ook verskillende resultate opgelewer. Wallerstein (soos aangehaal deur Saposnek, 2002), het 'n subjektiewe studie uitgevoer met 'n klein steekproef kinders met wie intensiewe en uitgebreide individuele onderhoude gevoer is oor duisende ure en verskeie dekades. Daarenteen het Hetherington (soos aangehaal deur Saposnek, 2002), die objektiewe rekords van etlike duisende kinders oor drie dekades heen bestudeer en haar bevindinge gebaseer op die statistiese groep wat ontleed is eerder as die individuele data. Hierdie twee metodes (subjektief en objektief) lewer baie uiteenlopende tipes data op en kan in die geval van egskeiding tot baie verskillende tipes gevolgtrekkings lei.

Effektief kom dit daarop neer dat elke studie dieselfde “olifant” bestudeer, maar dit deur verskillende “vensters” doen. In die huidige studie is objektiewe rekords gebruik wat statisties ontleed is. Die resultate wat verkry is, is dus soortgelyk aan dié van Hetherington, wie se studie ook objektief was.

(viii) Kultuurverskille kan moontlik die uitslag van die resultate beïnvloed op die volgende wyses:

- * Die tradisionele Afrika-gesin (oftewel swart gesinne) bestaan gewoonlik uit groot, uitgebreide gesinseenhede. Almal (pa, ma, ooms, tannies, oupas, oumas en kinders) woon saam. Sou ‘n egskeiding plaasvind en die een ouer die woning verlaat, is daar dalk nie so ‘n groot gemis of leemte wat betref die ondersteuning, versorging of liefde van die moeder- of vaderfiguur nie, en word dit moontlik nie eens as egskeiding gesien nie.
- * Hierdie gesinne woon dikwels in “townships”, terwyl die pa en / of ma in die stad werksaam is. Gevolglik is die kinders gewoond daaraan om vir lang tye van hul ouers geskei te wees. ‘n Egskeiding sal hulle daarom waarskynlik nie so negatief beïnvloed as wat dit kinders raak wat hul ouers op ‘n daaglikse basis sien nie.

Die nul-hipotese vir hierdie doelstelling (“Daar bestaan nie ‘n verskil in die coping van kinders uit egskeidingsgesinne en kinders uit intakte gesinne nie”) kan dus nie verwerp word nie.

5.4 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 2

Geslagsverskille in die gemiddelde coping van kinders uit geskeide en intakte gesinne

Tabel 5.5 Geslagsverskille in die gemiddelde coping van kinders uit egskeidingsgesinne

T-toetse en Cohen se effekgroottes is aangewend om geslagsverskille uit te lig by die coping van kinders uit egskeidingsgesinne

Veranderlike	Seuns uit egskeidingsgesinne			Dogters uit egskeidingsgesinne			p-waardes	Cohen-effek (d)
	n	Gemiddeld	Standaard afwyking	n	Gemiddeld	Standaard afwyking		
SRSA	25	21.56	9.40	47	20.55	9.33	0.66	0.10
SRSP	25	18.40	8.71	48	16.89	10.31	0.51	0.15
SRSO	25	25.72	6.29	48	25.25	5.94	0.75	0.07
SRSR	25	9.48	4.00	48	10.70	5.21	0.26	0.25
SRSD	25	12.60	3.70	47	13.29	4.22	0.47	0.09

SRSA	: Impulsief ("Acting out")
SRSP	: Passief-Aggressief
SRSO	: Impulsief (Ooraktief)
SRSR	: Onderdruk ("Repressed")
SRSD	: Afhanklik ("Dependent")

* Statisties beduidend op 5 % vlak

** Statisties beduidend op 1 % vlak

*** Medium of groot effek

Ofskoon vorige navorsing telkens geslagsverskille in coping uitgelig het, kon die huidige navorsing geen statisties beduidende en prakties betekenisvolle verskille vind in die coping van kinders van die twee geslagte wat uit egskeidingsgesinne kom nie.

Seuns en dogters uit egskeidingsgesinne verskil met ander woorde nie ten opsigte van die frekwensie waarmee hulle die volgende stresresponspatrone (en die copingstrategieë wat dit volgens Chandler (1986) impliseer) gebruik nie:

- SRS A : Impulsief (Na-buite-lewend / “Acting-out”)
- SRS P : Passief-Aggressief – impliseer aanvaarding as copingstrategie
- SRS O : Impulsief (Ooraktief) – impliseer emosionele ontlading as copingstrategie
- SRS R : Onderdruk (“Repressed”) – impliseer die ontwikkeling van alternatiewe belangings as copingstrategie
- SRS D : Afhanklik (“Dependent”) – impliseer kognitiewe vermyding as copingstrategie

Alhoewel geen beduidende geslagsverskille gevind kon word ten opsigte van coping by kinders uit egskeidingsgesinne nie, kan die effek van geslag nie eenvoudig buite rekening gelaat word nie. Daar is ‘n konsekwente patroon van geslagsverskille in kinders se egskeiding-verwante aanpassing. Dit het uit vorige navorsing geblyk dat seuns uit egskeidingsgesinne groter gedrags-, sosiale en akademiese probleme ondervind het vergeleke met dogters uit egskeidingsgesinne (Santrock & Warshak, 1979; Wallerstein & Kelly, 1980; Hetherington, et al. 1982; Kurdek & Berg, 1983; Richardson & Rosen, 1999).

Verdere navorsing toon dat egskeiding se negatiewe effek op sosiale aanpassing sterker is op seuns as dogters. Sosiale aanpassing sluit ‘n mate van gewildheid, eensaamheid en samewerkingsgesindheid in. In ander areas soos akademiese prestasie, gedrag of psigologiese aanpassing, kom daar egter geen verskille tussen seuns en dogters voor nie (Amato, 1994).

Ander navorsers werp ‘n ander lig hierop, wat aantoon dat ouerlike skeiding dogters in hul vroeë kinderjare emosioneel erger beïnvloed as seuns in hul vroeë kinderjare, terwyl seuns weer meer op akademiese vlak nadelig beïnvloed word (Clarke-Stewart, et al., 2000).

Moontlike verklarings vir die teenstrydigheid van hierdie bevindinge met die huidige navorsing is soos volg:

- (i) Baie lae betroubaarheidsindekse is vir sommige van die subskale van die “Stress Response Scale” bereken (spesifiek SRS O en SRS D) (Leeuwner, 2001).
- (ii) Dit is moontlik dat daar geen verskille tussen die copingmeganismes van seuns en dogters uit egskeidingsgesinne is nie. Die effek van egskeiding op kinders en hul vermoë om te cope, is dalk nie afhanklik van slegs een determinant, soos die kind se geslag nie, maar van verskeie determinante, soos die voor-egskeidingsaanpassing van die kind, die toesighoudende ouer se psigologiese aanpassing, die toegang en frekwensie van kontak met die nie-toesighoudende ouer en die mate van konflik tussen die ouers, die mate van goeie passing (“goodness of fit”) tussen die kind se temperamenteienskappe en elke ouer se toleransie van daardie eienskappe.

5.5 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 3

Ouderdomsverskille in die gemiddelde coping van kinders uit geskeide en intakte gesinne
--

T-toetse en Cohen se effekgroottes is aangewend om ouderdomsverskille by die gemiddelde coping van kinders uit egskeidingsgesinne uit te lig, soos in tabel 5.6 aangedui.

Tabel 5.6 Ouderdomsverskille in die gemiddelde coping van kinders uit egskedingsgesinne

Veranderlike	9-10 jaar – egskedingsgesinne			11-13 jaar – egskedingsgesinne			p-waardes	Cohen-effek (d)
	n	Ge-middeld	Standaard afwyking	n	Ge-middeld	Standaard afwyking		
SRSA	28	19.07	8.14	44	22.06	9.88	0.16	0.32
SRSP	29	15.44	8.17	44	18.70	10.56	0.14	0.33
SRSO	29	26.44	6.73	44	24.72	5.48	0.25	0.28
SRSR	29	10	4.87	44	10.47	4.85	0.68	0.09
SRSD	28	12.71	4.20	44	13.27	3.96	0.57	0.13

SRSA : Impulsief (“Acting out”)
 SRSP : Passief-Aggressief
 SRSO : Impulsief (Ooraktief)
 SRSR : Onderdruk (“Repressed”)
 SRSD : Afhanklik (“Dependent”)

* Statisties beduidend op 5 % vlak

** Statisties beduidend op 1 % vlak

*** Medium of groot effek

Alhoewel verskeie navorsers bevind het dat ouderdom ‘n belangrike determinant is van kinders se coping / reaksie op hul ouers se egskeding (Cronjé, 1997; Amato, 1994), kon die huidige navorsing geen ouderdomsverskille vind by die coping van kinders uit egskedingsgesinne nie. Een van die redes waarom ouderdom beskou word as ‘n belangrike determinant van kinders se reaksies en coping, is omdat die coping veral onmiddellik na die skeiding ‘n weerspieëling is van die tipe ontwikkelingstake waarmee die kind gekonfronteer word en waarmee daar deur die egskedingsproses ingemeng word. Vervolgens stel Delpont (2001) dit dat die kind tydens elke nuwe fase die trauma anders beleef. Daar is egter heelwat teenstrydige bevindinge oor die ouderdom wat die kwesbaarste is vir ‘n egskeding. Volgens Demo en Acock (soos aangehaal in Davidson & Moore, 1996) is die impak van huweliksverbrokkeling minder intens vir voorskoolse kinders as vir skoolgaande kinders. Uit Wallerstein se studie (Davidson & Moore, 1996) blyk dit dat kinders wat tydens hul ouers se egskeding ouer was (nege jaar en ouer), tien jaar na die egskeding duidelike herinneringe gehad het van hul pyn en meer besorgd was oor die betroubaarheid van verhoudings.

In teenstelling met bogenoemde bevindings argumenteer sommige navorsers dat jonger kinders meer kwesbaar is vir die negatiewe effek van egskeding weens die stadium van persoonlike en kognitiewe ontwikkeling waarin hulle verkeer (Wolchik & Sandler, 1997).

Moontlike verklarings vir die teenstrydigheid van hierdie bevindinge met die huidige navorsing is soos volg:

- (i) Daar kan 'n aansienlike tydfaktor betrokke wees weens die kind se ouderdom tydens die egskeding en die ouderdom van die kind toe probleme ontwikkel het. 'n 12-jarige kind wat sy ouers se egskeding op 6-jarige ouderdom ervaar het, is anders as 'n 12-jarige wat nou deur die ouers se egskedingsproses gaan.
- (ii) Die kinders in die steekproef is almal tans in hul middelkinderjare. Dit is egter moontlik dat daar inderdaad verskille kan voorkom wanneer die coping van kinders in die voorskool- en middelkinderjaretydperk sowel as dié van adolessente (almal uit egskedingsgesinne afkomstig), met mekaar vergelyk word.

5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die empiriese ondersoek gerapporteer, geïnterpreteer en bespreek. Eerstens is die data vanuit die biografiese vraelys uiteengesit. Die verskille in die coping van kinders uit geskeide en intakte gesinne is uiteengesit en geïnterpreteer. Geslagsverskille en ouderdomsverskille in die coping van kinders uit egskedingsgesinne is ook ondersoek en geïnterpreteer.

Die navorsingstudie dui geen verskille tussen die coping van kinders uit geskeide en intakte gesinne aan nie. Daar is ook geen verskille aangetref tussen die coping van seuns en dogters uit egskedingsgesinne nie.

Die volgende hoofstuk bestaan uit 'n samevatting en gevolgtrekkings insake hierdie navorsing. Leemtes in die huidige ondersoek word uitgelig en aanbevelings word gemaak vir verdere navorsing en die praktiese benutting van hierdie inligting.

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bestaan uit onderskeidelik die samevatting en belangrike gevolgtrekkings op grond van die literatuurontleding en die empiriese bevindinge, 'n uiteensetting van die leemtes wat in hierdie studie gevind is, aanbevelings vir verdere navorsing en laastens voorstelle vir die praktiese aanwending van die huidige bevindinge.

6.2 SAMEVATTING EN BELANGRIKE GEVOLGTREKKINGS

6.2.1 Samevatting en gevolgtrekkings gebaseer op die literatuurontleding

Die doelstellings van die navorsingstudie is eerstens om te bepaal wat die aard en verskille is in die coping van 'n populasie wat bestaan uit kinders van geskeide en intakte gesinne. Verder is geslag- en ouderdomsverskille in die coping van kinders uit egskedingsgesinne bepaal. In hoofstukke twee en drie is 'n literatuurstudie gedoen van die hoofkonstrukte egskeding en coping. Vervolgens word die literatuurbevindinge uit hierdie hoofstukke kortliks bespreek.

Die meeste navorsing rakende die tema van egskeding is gebaseer op twee algemene aannames: Die eerste hiervan is die behoefte aan 'n twee-ouergesinstruktuur vir suksesvolle sosialisering van kinders en dat die afwesigheid van 'n vader ernstige nadelige gevolge sal hê. Die tweede is dat egskeding 'n traumatiese gebeurtenis is wat 'n ernstige en blywende negatiewe invloed uitoefen op 'n kind se aanpassing (Hetherington & Stanley-Hagan, 1999).

Egskeding kan inderdaad beskou word as 'n traumatiese proses wat kort- sowel as langtermyn gevolge vir kinders inhou (Amato & Keith, 1991; Emery, 1999; Fitzpatrick & Vangelisti, 1995; Henggeler, Schoenwald, Borduin, Rowland & Cunningham, 1998; Kliwer & Sandler, 1993; Lamb, Sternberg & Thompson, 1997; Trengove, 1997 & Wallerstein, Lewis & Blakeslee, 2000). Navorsers is dit egter nie eens oor die erns van hierdie gevolge nie (Amato & Keith, 1991; Saposnek, 2002). Sommige navorsers is selfs van mening dat egskeding psigologiese weerbaarheid tot gevolg kan hê by kinders uit egskedingsgesinne.

Hierdie navorsers meen kinderproblematiek na 'n egskeiding is eerder die gevolg van spesifieke faktore of interne konflik en ouerskapprobleme as van die egskeiding op sigself (Cherlin et al., 1998; Emery, 1999; O'Connor et al., 1999).

Sommige navorsing toon aan dat kinders oor die vermoë beskik om na 'n egskeiding suksesvol te funksioneer en aan te pas ten spyte van die emosionele pyn en uitdagings wat hulle in die gesig staar (Hetherington et al., 1982; Emery & Forehand, 1994; Lamb, Sternberg & Thompson, 1997; Brennan, 1997).

Hierdie teenstrydige opinies, tesame met die paradigmaskuif in psigologie, lei daartoe dat navorsers meer spesifiek fokus op die funksionering van kinders, waarvan die persepsie voorheen was dat dit negatief beïnvloed word deur egskeiding. Een hiervan is die coping van kinders en die effek van egskeiding op kinders se vermoë om konstruktief te cope met verskeie stressors wat meegebring word deur 'n egskeiding.

Navorsing rakende kinders se coping is relatief reservert en geen konseptuele raamwerk word konsekwent gebruik nie. Die literatuurstudie wat vir hierdie navorsing gedoen is, bring vele sodanige uiteenlopende konseptualiserings van coping aan die lig (Amirkham, 1994; Moos, 1994; Zeidner & Endler, 1996). Coping verwys na verskillende perseptuele, kognitiewe of gedragsresponse waardeur gepoog word om situasies wat geëvalueer word as pynlik / moeilik / bedreigend / oorskrydend van bronne (interne of eksterne eise), die hoof te bied, te vermy, te oorleef, te kontroleer of om die interpretasie van die gebeure of konsekwensies daarvan te beïnvloed (Botma, 1999, p. 30).

Dit blyk duidelik uit die literatuurstudie dat die veranderlikheid in kinders en adolessente se coping met stresvolle gebeurtenisse in die manier waarop hulle cope oor verloop van tyd, grootliks afhang van 'n verskeidenheid individuele en kontekstuele eienskappe soos:

- Ouderdom (Band & Weisz, 1988; Harris & Lipion, 1989; Masters, 1991);
- Geslag (Lightsey, 1996; Richardson & Rosen, 1999; Wallerstein & Kelly, 1980; Wolchik & Sandler, 1997);
- Ontwikkelingsvlak (Wolchik & Sandler, 1997);
- Afhanklikheid (Ryan-Wenger, 1989);

- Interne persoonlikheidskrag en eksterne ondersteuning (Honig, 1986);
- Intensiteit en beheerbaarheid van stressor, en
- Omstandighede (Smith & Carlson, 1997).

Uit die literatuur blyk dit dat egskeiding 'n traumatiese proses is, wat veelvuldige stressors vir kinders meebring. Ten einde uiteindelik te ontwikkel in suksesvolle, goed aangepaste volwassenes, is dit belangrik dat kinders konstruktief met hierdie stressors moet kan cope sodat hulle psigologies gesond kan wees en normaal kan funksioneer.

6.2.2 Samevatting en gevolgtrekkings gebaseer op die empiriese bevindinge

Vervolgens word die belangrikste gevolgtrekkings (in ooreenstemming met die doelstellings van hierdie studie) uit die empiriese bevindinge weergegee.

6.2.2.1 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van Doelstelling 1:

Verskille tussen die coping van kinders uit geskeide en intakte gesinne

Verskeie navorsers toon betekenisvolle verskille aan ten opsigte van die copingmeganismes van kinders uit geskeide en intakte gesinne (Wallerstein et al., 2000; Amato & Keith, 1991; Hetherington, Cox & Cox, 1982). Kinders uit egskeidings se algehele geestesgesondheid en hul vermoë om te cope met al die stressors wat deur die egskeiding voortgebring word, is oor die algemeen swakker binne die eerste paar maande na die egskeiding, maar hulle herstel ("rebound") mettertyd na normale vlakke van funksionering (Brennan, 1997).

In hierdie studie is geen beduidende verskille gevind tussen die copingmeganismes van kinders uit geskeide en intakte gesinne nie.

Die steekproef en die toetsbattery wat gebruik is in hierdie navorsing is nie spesifiek vir hierdie navorsingstudie saamgestel nie (die studie maak deel uit van 'n interuniversitêre projek) en gevolglik is geen spesifieke inligting bekom rakende die tydsverloop na die egskeiding nie.

Volgens verskeie navorsers blyk dit dat kinders die slegste daaraan toe is in die periode direk na die egskeiding, maar dat dit moontlik is dat aanpassing met tyd verbeter indien daar 'n verbetering in die ouer se ouerskapvaardighede en emosionele toestand intree (Acock & Demo, 1994; Amato & Keith, 1991).

'n Moontlike verklaring vir die navorsingsbevindinge, naamlik dat kinders in hierdie populasie se copingmeganismes baie ooreenstem, kan dus wees dat die kinders in hierdie steekproef afkomstig is uit gesinne waar daar 'n langer verloop van tyd was sedert die egskeiding plaasgevind het en dat die kinders se copingvermoëns weer intakt is en dat die stressors weens byvoorbeeld egskeiding goed getrotseer en verwerk is.

Verdere verklarings vir die bevindinge van hierdie studie sien soos volg daaruit:

- * Daar bestaan moontlik geen verskille tussen die coping van kinders uit intakte en egskeidingsgesinne nie.
- * Die probleme wat kinders na 'n egskeiding openbaar, bestaan moontlik reeds lank voor die egskeiding en dit is selfs moontlik dat dit geensins deur die egskeiding veroorsaak word nie, maar deur langdurige gesinskonflik of selfs weens oorerflikheidsfaktore, synde gene wat sekere ouers predisponeer om psigologiese probleme te ervaar (Cherlin, et al., 1998; O'Connor et al., 1999).
- * Egskeiding het meer aanvaarbaar en makliker geword en kinders se reaksie toon groter weerbaarheid wat hulle goed daardeur dra en hulle herstel gevolglik vinniger en meer volledig.
- * Kultuurverskille, soos groter, saamgestelde gesinne in sekere kulture, bring mee dat daar meer ondersteuningsbronne en versorgers beskikbaar is sou een van die ouers die huis verlaat as gevolg van egskeiding.

6.2.2.2 Samevattings en gevolgtrekkings ten opsigte van Doelstelling 2:

Geslagsverskille in die coping van kinders uit egskeidingsgesinne

Die empiriese data toon geen beduidende geslagsverskille aan ten opsigte van coping by kinders uit egskeidingsgesinne nie.

Dit stem ooreen met navorsing deur Amato (1994) wat bevind het dat daar geen verskille bestaan in akademiese prestasie, gedrag of psigologiese aanpassing tussen seuns en dogters uit egskeidingsgesinne nie.

Die meeste navorsing is dit eens dat seuns swakker as dogters cope met hul ouers se egskeiding en groter gedrags-, sosiale en akademiese probleme ondervind (Hetherington, et al., 1982; Kurdek & Berg, 1983; Santrack & Warshak, 1979; Wallerstein & Kelly, 1980; Richardson & Rosen, 1999). Hierdie resultate kon dit egter nie bevestig nie.

6.2.2.3 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van Doelstelling 3

Ouderdomsverskille in die coping van kinders uit egskeidingsgesinne

Gebaseer op die resultate wat verkry is uit die huidige studie, is geen betekenisvolle verskille ten opsigte van ouderdom gevind by die coping van kinders uit egskeidingsgesinne nie.

Verskeie navorsers het bevind dat ouderdom 'n belangrike determinant is van kinders se coping / reaksie op hul ouers se egskeiding, omrede hul coping na die egskeiding 'n weerspieëling is van die tipe ontwikkelingstake waarmee die kind gekonfronteer word (Cronjé, 1997; Amato, 1994).

'n Moontlike verklaring vir die teenstrydigheid van bogenoemde bevindinge met die huidige navorsing is dat daar 'n tydfaktor betrokke is by die kind se ouderdom tydens die egskeiding en die ouderdom waarop die kind probleme ontwikkel het.

6.3 AANBEVELINGS

6.3.1 Leemtes in die huidige studie en aanbevelings vir verdere navorsing

Soos reeds genoem, maak hierdie studie deel uit van 'n interuniversitêre projek waarvan die primêre doel was om psigologiese weerbaarheid te ondersoek en die toetsbatterry en steekproef is derhalwe volgens hierdie behoeftes saamgestel.

Die bevindinge toon ook duidelik dat meer volledige inligting oor die tydperk na die egskeiding verrykend sou kon inwerk op die navorsingsresultate in Doelstelling 1, naamlik om te bepaal of daar ten opsigte van die copingmeganismes van kinders uit geskeide en intakte gesinne enige verskil bestaan. Hierdie aanname word gemaak aangesien die moontlikheid inderdaad bestaan dat kinders met verloop van tyd beter aanpas en cope met stressors en sodoende die stressors verbonde aan die egskeidingsproses beter aanvaar en verwerk.

Dit mag ook wees dat die meetinstrument nie vir die spesifieke kultuurgroep sensitief genoeg was nie.

6.3.2 Aanbevelings vir verdere navorsing en die praktiese implementering van bevindinge

6.3.2.1 Aanbevelings vir verdere navorsing

In die huidige studie se populasie is slegs kinders gebruik wie se ouers wettig getroud en wettig geskei is. Hierdie navorser is van mening dat 'n soortgelyke studie uitgevoer kan word met 'n steekproefpopulasie wat individue insluit wie se ouers byvoorbeeld vervreemd is, maar nie wettig geskei nie, of in 'n saamwoonhuishouding verkeer, wat skeefloop. Die konsep *egskeiding* sal dus breër verklaar moet word om *skeiding* in hierdie opset, alhoewel nie wettige egskeiding nie, ook te akkommodeer.

Daar word ook aanbeveel dat inligting aangaande die tydperk wat verloop het sedert die egskeiding ingesluit word in soortgelyke studies, om sodoende te bepaal of hierdie kinders wel bevredigend cope in vergelyking met kinders uit intakte gesinne. Longitudinale studies moet moontlik ook met kinders uit egskeidingsgesinne uitgevoer word om sodoende die copingmeganismes na egskeiding beter onder oënskou te neem ten einde doelmatige programme met hierdie gesinne saam te stel om toepaslike intervensies te bewerkstellig.

Met betrekking tot coping is dit ongelukkig so dat daar geen skaal bestaan wat meer spesifiek fokus op die copingstrategieë wat deur kinders in hierdie lewensfase geïmplementeer word nie. Die Stress-Response Scale bied verder geen inligting met betrekking tot die stressors waaraan die kinders blootgestel was nie (Chandler, 1986). Moontlik kan toekomstige navorsing op die ontwikkeling van so 'n skaal fokus.

Sover aan hierdie navorser bekend, bestaan daar min, of inderdaad geen navorsing aangaande die redes vir egskieding in die Suid-Afrikaanse konteks en moontlike maniere waarop egskiedings voorkom kan word nie en derhalwe word navorsing wat op hierdie aspekte fokus, aanbeveel. Bogenoemde is inderdaad van kardinale belang, omrede die oorsake van 'n egskieding dikwels bepaal in hoe 'n mate die kind getraumatiseer gaan wees na die egskiedingsproses. Kinders wie se ouers skei as gevolg van gesinsgeweld, is byvoorbeeld meer getraumatiseer as kinders wie se ouers skei weens persoonlikheidsverskille.

Min navorsing is ook gedoen rakende die positiewe effek van egskieding op kinders en hoe dit moontlik hul psigologiese welsyn / weerbaarheid kan bevorder en versterk. Navorsing om hierdie aspek te verklarings van die huidige teenstrydigheid ten opsigte van die bevindinge te ondersoek, kan dus hier baie nuttig te pas kom.

6.3.2.2 Aanbevelings vir die praktiese implementering van die bevindinge

Met betrekking tot die verskille in die coping van kinders uit onderskeidelik geskeide en intakte gesinne word geen betekenisvolle uitsprake in hierdie navorsing gelewer nie. Dit kan dien as 'n indikator dat verdere navorsing beslis in hierdie spesifieke area in Suid-Afrika benodig word. Sodanige navorsing moet op die saamstelling van inligting- sowel as terapeutiese programme gerig wees, ter ondersteuning van ouers en kinders uit egskiedingsgesinne sowel as die bevordering van hul psigologiese welsyn, sodat geskeide ouers se insig in hul kinders se behoeftes uitgebrei kan word.

Ingrepe met kinders uit egskiedingsgesinne moet veral in gedagte hou dat hierdie kinders optimaal aanpas indien die volgende faktore teenwoordig is:

- * Wanneer die toesighoudende ouer genoegsame finansiële ondersteuning voorsien sodat daar geen ekonomiese kwellinge ervaar word nie;
- * Wanneer die toesighoudende ouer psigologies gesond is;
- * Indien sinvolle, vrugbare verhoudinge met die nie-toesighoudende ouer gehandhaaf word, en
- * Veral indien daar geen konflik tussen die ouers voorkom wat verdere stres veroorsaak nie (Lamb et al., 1997).

Met betrekking tot coping by kinders, behoort kinders en ouers toegerus te word om psigologies weerbare individue te wees, wat in 'n hegte, veilige gesinsverband funksioneer. Uit vorige navorsing blyk dit dat kinders in intakte gesinne met hoë konflikvlakke inderdaad aanpassingsprobleme ondervind wat soortgelyk is aan of selfs meer is as dié van kinders uit egskedingsgesinne (Amato & Keith, 1991). Sterk vaardighede kan ten opsigte van coping en veral konflikhantering gevestig word deur middel van intervensieprogramme wat sodanig saamgestel word dat die individue in alle gesinstrukture daarby kan baatvind. Intervensieprogramme vir kinders uit egskedingsgesinne moet poog om kinders se persepsies en interpretasies van die egskedingsverwante gebeure te verhelder ten einde beter begrip te ontwikkel vir die egskeding en hul rol in die proses. Tweedens moet dit kinders help om beter hanteringsmeganismes aan te leer vir die hantering van onstellende gevoelens, ouer-kind konflik en ander stressors. Laastens moet daar gepoog word om kinders se vlak van sosiale ondersteuning te verhoog (Wolchik & Sandler, 1997). Gedragsprobleme by Suid-Afrikaanse kinders kan op hierdie wyse voorkom word, wat oor die algemeen 'n verrykende invloed op die gesinstruktuur en oor die algemeen op die gesinswelsyn sal hê.

6.4 SAMEVATTING

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat egskeding 'n uiters stresvolle tyd vir ouer sowel as kind is. Dit is egter ook duidelik dat kinders gewoonlik in staat is om die negatiewe aspekte te verwerk, mits hulle onderskraag word deur 'n ondersteuningsnetwerk bestaande uit gesinslede, portuurgroepe en onderwysers, alhoewel die meeste navorsing steeds dui op 'n besliste negatiewe invloed vanweë die egskedingservaring en -proses.

Coping speel 'n belangrike rol in kinders se lewens en hou direk verband met hulle ontwikkeling, aanpassing en psigologiese welsyn.

Konstruktiewe coping dien as 'n beskermingsfaktor teen stressors (soos byvoorbeeld egskeiding) in die lewe van kinders en kan dan bydra tot hul psigologiese weerbaarheid.

'n Verdere positiewe aspek is die verskuiwing in die fokus van navorsing in die psigologie. Navorsers, terapeute, ouers en almal wat deur egskeiding geaffekteer word, hetsy direk of indirek, kan nou fokus op die versterking of verbetering van die kind se vermoë om te cope met egskeidingsverwante gebeure en stressors.

BIBLIOGRAFIE

ACOCK, A.C. & DEMO, D.H. (1994). Family diversity and well-being. California: SAGE.

ALLEN, J.R. (1998). Of resilience, vulnerability, and a woman who never lived. *Stress in Children*, 7(1), 53-71.

AMATO, P.R. (1994). Life-span adjustment of children to their parents' divorce. *The Future of Children*, 4, 143-164.

AMATO, P.R. (2000). The consequences of divorce for adults and children. *Journal of Marriage and the Family*, 62, 1269-1287.

AMATO, P.R. & KEITH, B. (1991a). Parental divorce and the well-being of children: A meta-analysis. *Psychological Bulletin*, 110(1), 26-46.

AMIRKHAN, J.H. (1994). A factor analytically derived measure of coping: Coping strategy indicator (C.S.I.). *Journal of Personality and Social Psychology*, 59(5), 1066-1074.

AYOUB, C.C., DEUTSCH, R.M. & MARGANORE, A. (1999). Emotional distress in children of high-conflict divorce: The Impact of Marital Conflict and Violence. *Family and Conciliation Courts Review*, 37(3), 297-314.

BAND, E.B. & WEISZ, J.R. (1988). How to feel better when it feels bad: Children's perspectives on coping with everyday stress. *Developmental Psychology*, 24, 247-253.

BENEDEK, E.P. & BROWN, C.F. (1998). How to help your child overcome your divorce. New York: Newmarket Press.

BERK, L.E. (2003). Child Development. 6th ed. Boston : Allyn Bacon Publishers. 627p.

BILLINGS, A.G. & MOOS, R.H. (1981). The role of coping responses and social resources in attenuating the stress of life events. *Journal of behavioural medicine*, 4(2), 139-157.

BLOM, G. E., CHENEY, B.D. & SNODDY, J.E. (1986). Stress in childhood: an intervention model for teachers and other professionals. New York: Teachers College Press.

BOTMA, A.C. (1999). Stres, coping, psigologiese welsyn en lewenskwaliteit van boere in die Vrystaat. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (Skripsie – M.A.).

BRENNAN, R. (1997). "U" professor corrects divorce myths.

[Web:] <http://www.pub.umich.edu/daily/1997> [Datum van gebruik: 23 Aug. 2003].

BRETHERTON, I., WALSH, R. & LEPENDORF, M. (1996). Social support in post divorce families. (In Pierce, G.P. & Sarason, I.G., ed. Handbook of social support in the family. New York: Plenum Press.)

BRYANT, B.K. (1985). The neighbourhood walk, sources of support in middle childhood. *Monographs of the Society for Research on Child Development*, 50, 1-12.

BYNUM, M.K. & DURM, M.W. (1996). Children of Divorce and its effect on their self-esteem. *Psychological Reports*, 79, 447 – 450.

CARSON, D.K. & BITTNER, M.T. (1994). Temperament and school-aged children's coping abilities and responses to stress. *Journal of Genetic Psychology*, 155, 289-302.

CARSON, D.K. & SWANSON, D.M. (1992). Stress and coping as predictors of young children's development and psychosocial adjustment. *Child Study Journal*, 24(4), 273-397.

CHANDLER, L.A. (1985a). Assessing stress in children. New York: Praeger.

CHANDLER, L.A. (1985b). Children under stress. 2nd ed. Springfield, IL.: Charles C. Thomas.

CHANDLER, L.A. (1986). The Stress-Response Scale for Children: a measure of behavioral maladjustment. Pittsburgh: Department of Psychology in Education.

CHERLIN, A.J., MCRAE, C. & CHASE-LANSDALE, P.L. (1998). Effects of parental divorce on mental health throughout the life course. *American Sociological Review*, 63, 239-249.

CLARKE-STEWART, K.A., VANDELL, D.L., MC CARTNEY, K. & OWEN, M.T. (2000). Effects of Parental Separation and Divorce on Young Children. *Journal of Family Psychology*, 14(2), 304-326.

COHEN, J. 1977. Statistical power analysis for the behavior of sciences. Revised edition. Academic press : Orlando.

COMPAS, B.E. (1987). Coping with stress during childhood and adolescence. *Psychological Bulletin*, 101, 393-403.

COONTZ, S. (2001). Divorcing reality – other researcher's question Wallerstein's conclusions. [Web:] <http://www.4children.org/news/198>. [Datum van gebruik: 23 Aug.2003].

CORCORAN, K. (1996). Psychological and emotional aspects of divorce. [Web:] <http://www.mediate.com> [Datum van gebruik: 22 Mrt. 2003].

COWEN, E.L. & WORK, W.C. (1988). Resilient children, psychological wellness and primary prevention. *American Journal of Community Psychology*, 16(4), 591-607.

COWEN, E.L., PEDRO-CARROLL, J.L. & ALPERT-GILLIS, L.J. (1990). Relationship between support and adjustment among children of divorce. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 31, 727-735.

CRONJE, M.C. (1997). Die ontwikkeling en evaluering van 'n psigologiese ondersteuningsprogram vir kinder suit egskeidingsgesinne. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Verhandeling – M.A.).

- CURRY, S.L. & RUSS, S.W. (1985). Identifying coping strategies in children. *Journal of Clinical Child Psychology*, 14(1), 61-69.
- DAVIDSON, J.K. & MOORE, N.B. (1996). *Marriage and Family; Change and Continuity*. Massachusetts : Allyn and Bacon.
- DELPORT, J. (2001). 'n Maatskaplikewerk-bemagtigingsprogram vir ouers en kinders geraak deur egskeiding. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Skripsie – M.A.).
- DOWLING, E. & BARNES, G.G. (2000). *Working with children and parents through separation and divorce*. London: MacMillan Press.
- DREW, L.A. & SMITH, P.K. (1999). The impact of parental separation/divorce on grandparent-grandchild relationships. *International Journal for aging and human development*, 48(3), 191-216.
- DUBOW, E.F., SCHMIDT, D., McBRIDE, J., EDWARDS, S. & MERK, F.L. (1993). Teaching children to cope with stressful experiences: Initial implementation and evaluation of primary prevention program. *Journal of Clinical Child Psychology*, 22(4), 428-440.
- DURM, M.W., GIDDENS, A. & BLAKENSHIP, M. (1997). Parental marital status and self-esteem of boys and girls. *Psychological Reports*, 81(1), 125-126.
- EMERY, R.E. (1999). *Marriage, Divorce and Children's Adjustment*. 2nd ed. London: SAGE.
- EMERY, R.E. & FOREHAND, R. (1994). Parental divorce and children's well-being: a focus on resilience. (In Haggerty, R.J., Sherrod, L.R., Garmezy, N. & Rutter, M., ed. *Stress, risk and resilience in children and adolescents*. New York: Cambridge University Press.).
- EVERETT, C.A. & VOLGY, S.S. (1991). Treating divorce in family therapy practice. (In Gruman, A.S. & Kniskern, D.P., ed. *Handbook of family therapy*. New York: Brunner/Mazel.).

FINNEGAN, R.A., HODGES, E.V., PERRY, D.G. (1996). Preoccupied and avoidant coping during middle childhood. *Child Development*, 67, 1318-1328.

FITZPATRICK, M.A. & VANGELISTI, A.L. (1995). Explaining family interactions. London: SAGE.

GARMEZY, N. (1981). Children under stress: perspectives on antecedents and correlates of vulnerability and resistance to psychopathology. (In Rubin I.A., Aronoff J., Barclay, A.M. & Zucker, R.A., ed. Further explorations in personality. New York: Wiley.).

GILBERT, M.M. (2002). Die belewing van sosiale ondersteuning by kinders uit egskeidinggesinne. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Skripsie – M.A.) p. 134.

GROTBERG, E.H. (1997). The international resilience research project.
[Web:] Egrot@erols.com [Datum van gebruik: 9 Apr. 2002].

GUIDUBALDI, J., PERRY, J.D., CLEMINSHAW, H. & MCLOUGHLIN, C.S. (1983). The impact of parental divorce on children: Report of the nationwide NASP study. *School Psychology Review*, 12(3), 300-323.

HAAN, N. (1982). The assessment of coping, defense and stress. (In Goldberger, L. & Breznitz, S., ed. Handbook of Stress: Theoretical and clinical aspects. New York: The Free Press.)

HAGGERTY, R.J., SHERROD, L.R., GARMEZY, N. & RUTTER, M. (1994). Stress, risk and resilience in children and adolescents – processes, mechanisms and interventions. New York: Cambridge University Press.

HARRIS, P.L. & LIPION, M. (1989). Understanding emotion and experiencing emotion. (In C. Saarini, C. & Harris, P.L., ed. Children's understanding of emotion. New York: Cambridge University Press. pp.241-258).

HENGGELE, S.W., SCHOENWALD, S.K., BORDUIN, C.M., ROWLAND, M.D. & CUNNINGHAM, P.B. (1998). Multi-systemic treatment of antisocial behavior in children and adolescents. New York: The Guilford Press.

HETHERINGTON, E.M. (1989). Coping with family transitions: Winners, Losers and Survivors. *Child Development*, 60, 1-14.

HETHERINGTON, E.M., LAW, T.C. & O'CONNOR, T.G. (1993). Divorce: Challenges, Changes, and New Chances. (In Walsh, N., ed. Normal Family Processes. New York: Guilford Press).

HETHERINGTON, E.M. & STANLEY-HAGAN, M. (1999). The adjustment of children with divorced parents: A risk and resiliency perspective. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 40(1), 129-140.

HETHERINGTON, E.M., BRIDGES, M. & INSABELLA, M. (1998). What matters? What does not? Five perspectives on the association between marital transition and children's adjustment. *American Psychologist*, 53(2), 167-184.

HETHERINGTON, E.M., COX, M. & COX, R. (1979). Play and social interaction in children following divorce. *Child Development*, 60, 1-14.

HETHERINGTON, E.M., COX, M. & COX, R. (1982). Effects of divorce on parents and children. (In Lamb, M.E., ed. Non traditional families. New Jersey: Hillsdale. pp. 126-138.)

HOLAHAN, C.J., VALINTINER, D.P. & MOOS, R.H. (1994). Parental support and psychological adjustment during the transition to young adulthood in a college sample. *Journal of Family Psychology*, 22(2), 215-223.

HONIG, A.S. (1986). Stress and coping in children. *Young children*, 4(1), 50-63.

HORIN, A. (2000). Divorce not all bad news for children.

[Web:] <http://www.smh.com.au/news/0007/26/text/pageone7.html>

[Datum van gebruik: 16 Aug. 2003].

HUGHES, F.P., NOPPE, L.D. & NOPPE, I.C. (1996). Child development. New Jersey : Prentice-Hall, Inc.

HULTSCH, D.F & DEUTSCH, F. (1981). Adult development and ageing: A life-span perspective. New York: McGraw-Hill.

HUYSAMEN, G.K. (1981). Introductory statistics and research design for the behavioural sciences. (Volume 2). Bloemfontein : G.K. Huysamen.

HUYSAMEN, G.K. (1983). Psychological measurement: an introduction with South African examples. Pretoria: Academica.

JULIUS, N. (2000). Fortogenesis: The role of fortitude in psychological well-being. (Seminar Paper presented in partial fulfilment of the requirements for the degree of Ph D). Bloemfontein : U.O.V.S.

KALANJEE, H. (2001). Self-concept of children from different family statuses. Potchefstroom : P.U. for C.H.E. (Dissertation – M.A.).

KANNER, A.D., FELDMAN, S.S., WEINBERGER, D.A. & FORD, M.E. (1991). Uplifts, hassles, and adaptational outcomes in early adolescents. (In Monat, A. & Lazarus, R.S., ed. Stress and coping: An anthology. New York: Columbia University Press. pp. 158-181.)

KENNY, M.C. (2000). Working with children of divorce and their families. *Psychiatry*, 37(3), 228-239.

KLIEWER, W. (1991). Coping in middle childhood. *Developmental Psychology*, 27(4), 689-697.

- KLIEWER, W. & SANDLER, I.N. (1993). Social competence and coping among children of divorce. *American Journal of Orthopsychiatry*, 63(3), 432-440.
- KURDEK, L.A. & BERG, B. (1983). Correlates of children's adjustments to their parents divorces. (In Kurdek, L.A., ed. *Children and Divorce*. San Francisco: Jossey-Bass.)
- LAMB, M.E., STERNBERG, K.J. & THOMPSON, R.A. (1997). The effects of divorce and custody arrangements on children's behaviour, development and adjustment. *Family and Conciliation Courts Review*, 35(4), 393-404.
- LAZARUS, R.S. & FOLKMAN, S. (1984). *Stress, appraisal and coping*. New York: Springer.
- LAZARUS, R.S., DE LONGIS, A., FOLKMAN, S. & GRUEN, R. (1985). Stress and adaptational outcomes: The problem of confounded measures. *American Psychologist*, 40(7), 770-779.
- LAZARUS, R.S. & LAUNIER, R. (1978). Stress-related transactions between person and environment. (In Pervin, L.A. & Lewis, M., ed. *Perspectives in interactional psychology*, 59(3), 562-574.)
- LEEUWNER, M. (2001). Geslagsverskille by die psigologiese weerbaarheid en coping van kinders in die laat-middelkinderjare. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Skripsie - M.A.) 201 p.
- LIGHTSEY, O.R. (Jr.). (1996). What leads to wellness? The role of psychological resources in wellbeing. *The counseling psychologist*, 24(4), 589-735.
- MACKLIN, E.D. (1980). Non-traditional family forms: a decade of research. *Journal of Marriage and the Family*, 42(4), 905-922.
- MAREE, C. (2001). Die identifisering van temas vir die ontwikkeling van 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat stiefgesinne betree. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Verhandeling – M.A.).

- MASTEN, A.S. & COATSWORTH, J.D. (1988). The development of competence in favourable and unfavourable environments : Lessons from research on successful children. *American Psychologist*, 53(6), 635-646.
- MASTERS, J.C. (1991). Strategies and mechanisms for personal and social control of emotion. (In Garber, J.N. & Dodge, K.A., ed. The Development of emotion: Regulation and dysregulation. Cambridge, England : Cambridge University Press. pp. 182-207.)
- MOOS, R.H. (1994). Conceptual and empirical advances in stress and coping theory. *Paper presented at 23rd International Congress of Applied Psychology*. Spain : Madrid.
- MOOS, R.H. & SWINDLE, R.W. (1990). Stressful life circumstances: Concepts and measures. *Stress Medicine*, 6, 171-178.
- MORRISON, D.R. & CHERLIN, A.J. (1995). The divorce process and young children's well-being: A prospective analysis. *Journal of Marriage and the Family*, 57, 800-812.
- MURPHY, L.B. (1962). The widening world of childhood. New York: Basic.
- O' CONNOR, T.G., THORPE, K., GOLDING, J. & DUNN, J. (1999). Parental divorce and adjustment in adulthood: Findings from a community sample. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 40(5), 777-789.
- PAGANI, L., BOULERICE, B., TREMBLAY, R.E. & VITARO, F. (1997). Behavioural Development in Children of Divorce and Remarriage. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 38(7), 769-781.
- PARK, C., COHEN, L.H. & HERB, L. (1990). Intrinsic religiousness and religious coping as life stress moderator for Catholics versus Protestants. *Journal of Personality Psychology*, 59(3), 562-574.

PAYANI-KURTZ, L. & DEREVENSKY, J.L. (1997). Access by non-custodial parents: effects upon children's post-divorce coping resources. *Journal of Divorce and Remarriage*, 27(1/2), 43-53.

PITZER, R. & MEYER, S. (1999). Resilience in Children.

[Web:] <http://www.cyfmum.edu.parenting/family/life/resilienceinchildren/html>.

[Datum van gebruik: 10 Jun. 2003].

RICHARDSON, C.D. & ROSEN, L.A. (1999). School-based interventions for children of divorce. *Professional School Counselling*, 3(1), 21-27.

ROSSOUW, L.N. (1998). 'n Evaluering van 'n spanbenadering by die bepaling van beheer-entoesig van kinders. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Verhandeling - M.A.)

RAHE, R.H., MEYER, M., SMITH, M., KJAERG, G. & HOLMES, T.H. (1964). Social stress and illness. *Journal of Psychiatric Research*, 8, 35-44.

RUTTER, M. (1983). Stress, coping and development: Some issues and questions. (*In* Garnezy, N. & Rutter, M., *ed.* Stress, coping and development in children. New York: McGraw-Hill.)

RYAN-WENGER, N.M. (1989). Stress-coping strategies identified from school age children's perspective. *Research in Nursing and Health*, 12, 111-122.

RYAN-WENGER, N.M. (1992). A taxonomy of children's coping strategies: A step towards theory development. *American Journal of Orthopsychiatry*, 62(2), 256-263.

SANTROCK, J.W. & WARSHAK, R.A. (1979). Father custody and social development in boys and girls. *Journal of Social Issues*, 35, 112-125.

SAPOSNEK, D.T. (2002). How are the children of divorce doing?

[Web:] <http://www.mediate.com/fam/wintereditorial.cfm> [Datum van gebruik: 3 Aug. 2003].

SCHISSEL, B. (1993). Coping with adversity : Testing the origins of resilience in mental health. *The International Journal of Social Psychiatry*, 39(1), 34-46.

SCOTT, J. (1986). Gender: A useful category of historical analysis. *American Historical Review*, 91, 1053-1075.

SELYE, H. (1982). History and present status of the stress concept. (In Goldberger, L. & Breznitz, S., ed. *Handbook of Stress: Theoretical and clinical aspects*. New York: The Free Press.

SHAW, D.S. (1991). The effects of divorce on children's adjustment: review and implications. *Behaviour Modification*, 15(4), 456-485.

SIGELMAN, C.K. & RIDER, E.A. (2003). *Life-span Human Development*. Wadsworth: Delmont.

SMITH, C. & CARLSON, B.E. (1997). Stress, coping and resilience in children and youth. *Social Service Review*, June, 231-256.

SORENSEN, E.S. (1993). *Children's stress and coping: A Family perspective*. New York: The Guilford Press.

SOUTH AFRICA. STATISTICS SOUTH AFRICA. (2003). *Marriages and divorces: 1999 and 2000*. Statistical Releases P0307/2003.

SPATZ, C. (2001). *Basic Statistics*. 7th ed. Australia: Wadsworth.

STEYN, H.S. (1999). *Praktiese beduidendheid: die gebruik van effekgroottes*. Wetenskaplike bydraes, Reeks B : Natuurwetenskappe nr. 117. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

SUTHERLAND, V.J. & COOPER, C.L. (1990). *Understanding stress: A psychological perspective for health professionals*. London: Chapman and Hall.

- THORNE, B. (1986). Girls and boys together ... but mostly apart: Gender arrangements in elementary schools. (In Hartup, W. & Rubin, Z., *ed.* Relationships and development. Hillsdale, NJ : Erlbaum.
- TRENGOVE, J.J. (1997). The need for social scientific research for the legal practice. (In Human Research Council, Marriage & Family life in South Africa (Theme 6). Pretoria: HSRC Publishers.)
- VAN LOGGERENBERG, M. & ROETS, H.E. (1993). Die beleving van die kind in die enkelouergesin. *Educare*, 22(1&2), 107-115.
- VAN RENSBURG, E. (2002). Die ontwikkeling van 'n sielkundige spanbenadering vir die bepaling van beheer, toesig en toegang by egskeidingsdispute. Bloemfontein : UOVS. (Proefskrif – Ph D.)
- VAN STADEN, S.M. (1991/2). Om heel te word. Huweliks- en Gesinsberaad vanuit 'n Gesinsperspektief. Pretoria: HAUM.
- VISSER, M. (1991). In pursuit of wellness. (Paper delivered at the National Congress of the Psychological Association of South Africa).
- VITALIANO, P. P., DE WOLFE, D.J., MAIURO, R.D., RUSSO, J. & KATON, W. (1990). Appraisal change ability of a stressor as a modifier of the relationship between coping and depression: A test of the hypothesis of fit. *Journal of Personality and Social Psychology*, 59(3), 582-592.
- WALDROP, M. & HALVERSON, C. (1975). Intensive and extensive peer behavior: Longitudinal and cross-sectional analysis. *Child Development*, 46, 19-26.
- WALLERSTEIN, J. (1983). Children of divorce: The psychological tasks of the child. *American Journal of Orthopsychiatry*, 54(3), 230-243.

- WALLERSTEIN, J. & KELLY, J.B. (1980). *Surviving the break-up: How children and parents cope with divorce*. New York: Basic Books.
- WALLERSTEIN, J., LEWIS, J. & BLAKESLEE, S. (2000). *The unexpected legacy of divorce*. New York: Hyperion.
- WALLERSTEIN, J.S. & BLAKESLEE, S. (1990). *Second chances: Men, women, and children a decade after divorce*. Great Britain : Cox & Wyman Ltd.
- WALLERSTEIN, J.S. & KELLY, J.B. (1976). The effects of parental divorce: Experiences of the child in later latency. *American Journal of Orthopsychiatry*, 46(2), 256-269.
- WALLERSTEIN, J.S. & KELLY, J.B. (1977). Divorce counselling: A Community Service for Families in the Midst of Divorce. *American Journal of Orthopsychiatry*, 47(1), 4-22.
- WALLERSTEIN, J.S. (1985). Children of divorce. Emerging trends. *Psychiatric Clinics of North America*, 8(4), 837-855.
- WERNER, E.E. & SMITH, R.S. (1982). *Vulnerable but invincible : A longitudinal study of resilient children and youth*. New York: McGraw-Hill Book Company.
- WERTLIEB, D., WEIGEL, C. & FELDSTEIN, M. (1987). Measuring children's coping. *American Journal of Orthopsychiatry*, 57, 548-560.
- WISSING, J.A. (1996). Die dinamiek van stres, bronne, coping en psigologiese welsyn by jeugdiges. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Skripsie – M.A.).
- WISSING, M.P. & VAN EEDEN, C. (1998). *Psychological well-being: A fortigenic conceptualization and empirical clarification*. Pretoria: PSYSSA.
- WITMER, J.M. & SWEENEY, J. (1992). A holistic model for wellness and prevention over the lifespan. *Journal of counseling and development*, 7, 140-146.

WOLCHIK, S.A. & SANDLER, I.N. (1997). Handbook of children's coping: Linking theory and intervention. New York: Plenum Press.

ZEGENS, L.S. (1982). Stress and the development of somatic disorders. (*In* Goldberger, L. & Breznitz, S., *ed.* Handbook of stress: Theoretical and clinical aspects. New York: The Free Press.)

ZEIDNER, M. & ENDLER, N.S. (Eds.) (1996). Handbook of coping: Theory, research and applications. New York: Wiley.

ZIMBARDO, P.G. & GERRIG, R.J. (1996). Psychology and life. 14th ed. YSA : Harper Collins College Publishers.